ZURICH



# Persoonlike Versekering

POLIS BEWOORDING

**Beskerm wêrelde nie net bates nie**

# Persoonlike Versekerings Polis

Hierdie polis dokument sluit die algemene bepalings en voorwaardes, gebeure en items wat ons dek en nie dek nie vir al die afdelings in. Verwys asb na jou polis skedule vir die dekking wat jy aangekoop het.



## Inhoudsopgawe

### ALGEMENE AFDELINGS


| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Jou Zurich korttermynpolis | 1 |
| Afdeling B: | Omskrywings en uitlegriglyne | 3 |
| Afdeling C: | Die algemene bepalings en voorwaardes | 5 |


### SPESIFIEKE AFDELINGS


| | | |
|---|---|---|
| Afdeling D: | Gebouedekking (huisdekking) | 15 |
| Afdeling E: | Dekking vir huisinhoud | 25 |
| Afdeling F: | Dekking vir spesifieke items (alle risiko) | 37 |
| Afdeling G: | Dekking vir persoonlike rekenaartoerusting | 43 |
| Afdeling H: | Motordekking | 45 |
| Afdeling I: | Dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid | 79 |
| Afdeling J: | Uitgebreide dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid | 83 |
| Afdeling K: | Persoonlike ongevalledekking | 87 |
| Afdeling L: | Motor persoonlike ongevalledekking | 93 |
| Afdeling M: | Dekking vir regskoste | 99 |
| Afdeling N: | Watervaartuigdekking | 113 |

# Jou Zurich korttermynversekeringspolis

Afdeling A

## 1. Die polis is jou kontrak

Hierdie polis is 'n versekeringskontrak met Zurich Versekeringsmaatskappy Suid-Afrika Beperk. Ons betaal alle geldige eise indien jy aan die bepalings en voorwaardes van hierdie polis voldoen. Daar is gebeurtenisse en items wat nie deur ons gedek word nie, of waarvoor ons slegs 'n maksimum bedrag betaal.



## 2. Hierdie kontrak bestaan uit drie stelle inligting

Jou polis bestaan uit drie stelle inligting: die bepalings en voorwaardes van die polis, jou polisbylae en jou aansoekinligting. Hierdie drie stelle inligting is jou hele kontrak met ons. Slegs beloftes en verklarings wat in hierdie drie dokumente vervat is, maak deel uit van die polis. Dit kan beloftes of verklarings deur jou of deur ons wees.

### 2.1 Die bepalings en voorwaardes van die polis (hierdie dokument)

Hierdie dokument sit die bepalings en voorwaardes van die polis uiteen. Dit sluit in: jou regte en pligte, ons regte en pligte, hoe om te eis, asook gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word of nie gedek word nie.

### 2.2 Jou polisbylae

Jou polisbylae bevat inligting wat spesifiek op jou betrekking het. Dit sluit in: die tipe dekking wat jy gekoop het, die bedrae waarvoor jy gedek word, die premies wat jy moet betaal en die bybetalings wat van toepassing is.

Veranderings aan jou dekking (endossemente) word in gewysigde bylaes uiteengesit.

### 2.3 Jou aansoekinligting

Dit sluit inligting in wat spesifiek op jou betrekking het. Aansoekinligting is die inligting oor jou wat aan ons verskaf word wanneer jy om dekking aansoek doen. Ons gebruik jou aansoekinligting vir die berekening van die dekking wat jy kry en die premies wat jy betaal. Sien *Om relevante, volledige en ware inligting te verskaf* op bladsy 5.

# Omskrywings en uitlegriglyne
## Afdeling B

### 1. Omskrywings

Die tabel hieronder bevat omskrywings wat op die hele polis van toepassing is. Die woorde in die linker-kolom van die tabel het die betekenis wat in die regter-kolom gegee word. Daar is ook omskrywings in elke afdeling wat spesifiek op die tipes dekking van toepassing is. Woorde wat in die polis omskryf word, word onderstreep, behalwe die woorde 'jy' en 'ons'. 'Jy' en 'ons' word egter onderstreep wanneer dit in 'n spesifieke afdeling omskryf word.



| | |
|---|---|
| Jy | Die versekerde wat in die bylae benoem word en dit sluit in: die versekerde se gade, die versekerde se gesinslede wat by die versekerde woon en wat finansieel van die versekerde afhanklik is, asook afhanklikes vir wie die versekerde regtens verantwoordelik (aanspreeklik) is. 'Gade' beteken 'n persoon wat die versekerde se lewensmaat is in 'n huwelik, burgerlike verbintenis of verbintenis volgens die gewoontereg wat deur die Suid-Afrikaanse reg erken word, of wat met die versekerde saamwoon in 'n verhouding wat bedoel is om permanent te wees. |
| Ons | Zurich Versekeringsmaatskappy Suid-Afrika Beperk. |
| Maksimum dekkingsbedrag | Die grootste bedrag wat ons sal betaal vir die gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word. Hierdie bedrag word in die bylae aangedui. |
| Ongeluk of toevallig(e) of per toeval | 'n Onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat op eksterne, sigbare en gewelddadige wyse veroorsaak word en tot verlies, skade, besering of sterfte kan lei. |
| Dekkingstydperk | Die dae waarvoor ons dekking verskaf, soos in die bylae aangedui is. Vir 'n maandelikse polis is die verjaardagdatum elke maand dieselfde dag as die begindatum van die polis. Vir 'n jaarpolis is die hernuwingsdatum elke jaar dieselfde dag as die begindatum van die polis. Die hernuwingsdatum word in die bylae aangedui. |
| Verjaardagdatum | Die datum twaalf maande na die begindatum van die polis, tensy jou polisbylae anders aandui. |
| Begindatum | Die dag waarop die polis of spesifieke dekkingsafdeling vir die eerste keer begin. Die begindatum word in die bylae aangedui. |
| Bybetaling | Die bedrag wat jy ten opsigte van jou eie eis moet betaal. Die bybetalings word in die bylae aangedui. |
| Derde party | 'n Ander persoon as jy of ons. |
| Waarborg | Waarborg feite of toestande waarop ons kan staatmaak dat dit waar is. |
| Gebied | Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek. |
| Onbewoon | Wanneer alle inwoners tydelik van die huis af weg is, maar van voorneme is om terug te keer. |
| Gevolglike verlies | Verlies of skade wat ontstaan as gevolg van 'n gebeurtenis wat gedek word. |
| Geweldsdaad | Moord, aanval, roof, verkragting, kaping, gewapende aanhouding, gewelddadige diefstal of poging tot diefstal. |
| Sasria | Sasria is 'n Suid-Afrikaanse staatsversekeringsmaatskappy wat verlies van of skade aan eiendom weens oproer, stakings, openbare wanorde, arbeidsonrus, burgerlike optrede, uitsluitings en soortgelyke gebeurtenisse dek. Sasria is slegs in Suid-Afrika van toepassing. |

## 2. Uitlegriglyne

### 2.1 Enkelvoud en meervoud

Woorde in die enkelvoud sluit die meervoud in. Woorde in die meervoud sluit die enkelvoud in.

### 2.2 Opskrifte

Opskrifte help om die inhoud te lees en te verstaan, maar is nie op sigself terme of bepalings nie.

### 2.3 Voorbeelde

Voorbeelde help om die bepalings en voorwaardes te verstaan. Die voorbeelde is nie op sigself bepalings of voorwaardes nie. Die bepalings of voorwaardes geld nie slegs vir die situasies en feite wat in die voorbeelde gegee word of vir soortgelyke situasies en feite nie.

### 2.4 Berekening van dae

Waar ’n getal dae gegee word, sluit die getelde dae die eerste en die laaste dag in.

### 2.5 Regsaanspreeklikheid

’n Regsaanspreeklikheid is ’n plig wat iemand het om iets te doen – hetsy deur die wet opgelê of volgens ooreenkoms bepaal word.

### 2.6 Insluitend

Die woord ‘insluitend’ beteken dat dit ’n voorbeeldlys inlui en nie die lys beperk of toevoegings tot die lys uitsluit nie.

### 2.7 Verwysing na wette

Met ’n verwysing na ’n wet of artikel van ’n wet bedoel ons die betrokke wet of artikel van daardie wet soos gewysig, herroep of vervang.

### 2.8 Woordvorme

Die betekenis van woorde wat in een vorm gebruik word, stem ooreen met die betekenis wanneer die woorde in ’n ander vorm gebruik word. Byvoorbeeld: ‘om te eis’, ‘eis’ en ‘geëis’ het dieselfde betekenis; ‘jy’, ‘joune’ en ‘jou’ het dieselfde betekenis.

### 2.9 Kan, mag, mag nie, (sou) kon en (kan) moontlik

‘Mag’ of ‘kan’ beteken ‘is geregtig op’. ‘Mag nie’ beteken ‘is nie geregtig op (iets) nie’.

‘Kon’, ‘sou kon’ of ‘kan moontlik’ of ‘moontlik’ beteken die moontlikheid bestaan.

# Die algemene bepalings en voorwaardes
## Afdeling C



### 1. Algemene en spesifieke bepalings en voorwaardes
Daar is algemene en spesifieke bepalings, voorwaardes, uitsluitings en uitbreidings

Algemene bepalings, voorwaardes en uitsluitings geld vir elke afdeling van jou polis, insluitend die uitbreidings. Hulle word in hierdie deel van die bepalings en voorwaardes uiteengesit.

Spesifieke bepalings, voorwaardes, uitsluitings en uitbreidings geld vir die tipes dekking wat jy koop. Hulle word in die spesifieke afdelings uiteengesit.

### 2. Die bepalings en voorwaardes wat afsonderlik op elke afdeling van toepassing is
Die bepalings en voorwaardes van hierdie polis is afsonderlik op elk van die afdelings van toepassing. Indien jy nie aan ’n bepaling of voorwaarde van een afdeling voldoen nie, beïnvloed dit nie dekking deur ’n ander afdeling nie.

Voorbeeld:
John het DEKKING VIR HUISINHOUD en MOTORDEKKING. John vergeet om die diefalarm by sy huis te aktiveer. Sy motor word by sy huis gesteel. Ons sal nie John se MOTOR-eis vir die gesteelde motor afwys omdat die diefalarm by sy huis nie geaktiveer was nie.

### 3. Jou pligte ingevolge hierdie polis

#### 3.1 Om relevante, volledige en ware inligting te verskaf

##### 3.1.1 Hoe ons die inligting gebruik
Jy moet relevante, volledige en ware inligting oor jouself en die persone wat jy ingevolge hierdie polis verteenwoordig, en oor die items wat jy deur ons wil laat dek, aan ons verskaf. Ons gebruik hierdie inligting om jou dekking en premies te bereken.

Relevante inligting is inligting wat ’n redelike persoon as belangrik sal beskou om aan ’n versekeringsmaatskappy te verskaf om premies en dekking te bereken.

##### 3.1.2 Hoe inligting aan ons gegee word
Die inligting kan enige tyd voor of tydens die dekkingstydperk telefonies, per e-pos, per brief, op ’n aansoekvorm of aanlyn aan ons verskaf word. Indien jy iemand anders magtig om namens jou op te tree, is dit jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die inligting wat ons ontvang relevant, volledig en waar is.

##### 3.1.3 Laat weet ons van veranderings
Jy moet ons onmiddellik laat weet van enige verandering in inligting wat ons op rekord het oor jou, die persone wat jy verteenwoordig of die items wat deur ons gedek word.

##### 3.1.4 Ons regte as jy nie hieraan voldoen nie
Indien jy nie relevante, volledige en ware inligting vir ons gee nie, of as jy ons nie onmiddellik van enige veranderings laat weet nie, het ons die reg om enigeen of meer van die volgende te doen:

a. Die bepalings en voorwaardes van jou polis te verander;
b. Jou polis of enige afdeling van jou polis te kanselleer vanaf enige datum wat ons kies. Ons het die reg om jou premies vir die dekking wat jy tot op die datum van kansellasie gehad het, te hou;
c. Jou polis te hanteer asof dit nooit begin het nie. In hierdie geval sal ons jou premies terugbetaal;
d. Nie jou eis uit te betaal nie;
e. Bedrae wat ons vir vorige eise betaal het, van jou terug te vorder indien die eise op onvolledige of vals inligting berus het.

### 3.2 Om jou premies betyds te betaal

Die bylae sal aandui of jy 'n maandelikse of jaarpolis het. Jy kan kies hoe jy jou premie wil betaal:

- Maandeliks per debietorder;
- Jaarliks in kontant of by wyse van elektroniese fondsoorplasing.

Sien die tabel hieronder vir die bepalings en voorwaardes van premiebetalings.

| 3.2.1 Maandelikse betalings | |
|---|---|
| **A. Maandeliks vooruit** | **B. Maandeliks agteruit** |
| Jy moet elke maand per debietorder betaal op die debietorderdatum soos in die bylae aangedui is. Indien die debietorderdatum oor 'n naweek of 'n vakansiedag is, sal ons jou bankrekening op die volgende werkdag debiteer. | Jy moet per debietorder betaal op die debietorderdatum soos in die bylae aangedui is. Indien die debietorderdatum oor 'n naweek of 'n vakansiedag is, sal ons jou bankrekening op die volgende werkdag debiteer. |
| **Indien jy jou debietorder kanselleer of betaling staak**, sal jou polis outomaties eindig op die laaste dag van die maand waarvoor ons 'n premie ontvang het. | **Indien jy jou debietorder kanselleer of betaling staak**, sal jou polis outomaties eindig op die laaste dag van die maand waarvoor ons 'n premie ontvang het. |
| **Indien jy maandeliks vooruit betaal** en ons nie die premie op jou debietorderdatum kan invorder nie, sal ons jou bankrekening op die volgende debietorderdatum met die uitstaande premie en die nuwe premie wat vir die huidige maand betaalbaar is, debiteer. | **Indien jy maandeliks agteruit betaal** en ons nie die premie op jou debietorderdatum kan invorder nie, sal ons jou bankrekening weer op die 15de van die volgende maand met dieselfde premie probeer debiteer. |
| Slegs as die rede vir die onverhaalde debietorder 'onvoldoende fondse' is, mag jy, met ons vooraf toestemming, die uitstaande bedrag met 'n elektroniese fondsoorplasing na ons genomineerde bankrekening betaal. | Slegs as die rede vir die onverhaalde debietorder 'onvoldoende fondse' is, mag jy, met ons vooraf toestemming, die uitstaande bedrag met 'n elektroniese fondsoorplasing na ons genomineerde bankrekening betaal. |
| Indien ons nog steeds nie hierdie premie kan invorder nie, sal die polis eindig op die laaste dag van die maand waarvoor ons 'n premie ontvang het. | Indien ons nog steeds nie hierdie premie kan invorder nie, sal die polis eindig op die laaste dag van die maand waarvoor ons 'n premie ontvang het. |
| **As jy 'n eis het** gedurende 'n tydperk wanneer 'n debietorder nie betaal is nie, sal ons (na gelang van die rede waarom dit nie betaal is nie) eers die eis oorweeg wanneer ons die premie ontvang het. | **As jy 'n eis het** gedurende 'n tydperk wanneer 'n debietorder nie betaal is nie, sal ons (na gelang van die rede waarom dit nie betaal is nie) eers die eis oorweeg wanneer ons die premie ontvang het. |
| **Om dekking op 'n nuwe maandelikse polis te laat begin**<br>As jy 'n maandelikse polis het, moet jou premie binne 30 dae vanaf die <u>begindatum</u> ontvang word. Ons hoef nie 'n premie te aanvaar wat jy na hierdie datum betaal nie, maar ons het die diskresie om dit te aanvaar. As ons nie jou premie ontvang nie, sal jou polis nie begin nie. | **Om dekking op 'n nuwe maandelikse polis te laat begin**<br>As jy 'n maandelikse polis het, moet jou premie binne 30 dae vanaf die <u>begindatum</u> ontvang word. Ons hoef nie 'n premie te aanvaar wat jy na hierdie datum betaal nie, maar ons het die diskresie om dit te aanvaar. As ons nie jou premie ontvang nie, sal jou polis nie begin nie. |
| **Laat weet ons van enige veranderings aan jou bankbesonderhede**<br>Jy moet ons laat weet indien jou bankbesonderhede verander. Indien jou bankbesonderhede verander en ons nie premies uit jou rekening kan invorder nie, sal jou polis eindig en sal jy nie meer dekking hê nie. Indien die bank 'n fout maak wat meebring dat jou debietorder nie deurgaan nie, sal jou polis nie eindig nie. Jy moet egter vir ons 'n bewys stuur dat dit die bank se fout was. | |

| 3.2.2 Jaarlikse premiebetalings |
| --- |
| Indien jy jou premies jaarliks betaal, het jy die keuse om kontant, per tjek of by wyse van elektroniese oorplasing te betaal. |
| Ons moet jou premie binne 30 dae vanaf die begindatum ontvang om die dekking te laat begin. |
| As ons nie jou premie ontvang nie, sal jou polis nie begin nie. |
| As jy jou jaarpolis wil hernu, moet ons jou premie binne 30 dae vanaf die hernuwingsdatum ontvang. Indien jou betaling nie ontvang word nie, sal die polis nie hernu word nie. Jy sal slegs dekking hê tot middernag op die laaste dag van die jaar waarvoor ons 'n premie ontvang het. |
| Indien jy dekking by ons wil kry, sal jy weer aansoek moet doen. |

### 3.3 Om die bybetaling te betaal as jy 'n geldige eis het

'n Bybetaling is 'n bedrag wat jy ten opsigte van jou eie eis moet betaal. Die bybetaling is verpligtend, tensy die bylae aandui dat daar geen bybetaling is nie. Die bybetaling geld ongeag of jy fouteer het of nie.

Wanneer ons 'n kontantbedrag aan jou betaal om jou eis te skik, trek ons die bybetaling af van die bedrag wat ons aan jou betaal. Indien ons 'n produk- of diensverskaffer direk vir jou eis betaal, moet jy die bybetaling aan daardie produk- of diensverskaffer betaal.

Pensioenarisse bo 55 jaar betaal nie 'n bybetaling nie, tensy die spesifieke voorwaardes van 'n afdeling sê hulle moet. 'n Pensioenaris is 'n persoon wat nie meer voltyds werk nie en wie se hoofinkomste van 'n pensioen, annuïteit of belegging afkomstig is.

### 3.4 Om jou items op te pas

3.4.1 Jy het 'n plig om die items wat deur ons gedek word, op te pas.

3.4.2 Jy moet alle redelike voorsorg tref om diefstal, verlies of skade, liggaamlike besering en ongelukke te voorkom.

3.4.3 Jy moenie roekeloos wees of opsetlik diefstal, verlies of skade, liggaamlike besering en ongelukke veroorsaak nie.

Nadat 'n gebeurtenis waarvoor ons dekking verskaf, plaasgevind het:

a. moet jy nie roekeloos wees of opsetlik verdere verlies of skade veroorsaak nie; en
b. moet jy alle redelike voorsorg tref om verdere verlies of skade te voorkom.

Ons het die reg om jou eis af te wys indien jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie.

### 3.5 Om nie aanspreeklikheid teenoor derde partye te erken nie

Nadat 'n gebeurtenis waarvoor ons dekking verskaf, plaasgevind het:

a. moet nie aan 'n derde party sê dat dit jou skuld was nie;
b. moet nie aanbied om 'n derde party se eis teen jou te skik of te betaal nie;
c. moet nie beloftes met betrekking tot die gebeurtenis aan enigiemand anders maak nie.

Indien jy enige van bogenoemde doen, het ons die reg om jou en 'n derde party se eis af te wys. Dit is omdat jy, indien jy enige van bogenoemde doen, jouself moontlik aan eise teen jou kan blootstel. Dit kan eise of aanklagte insluit wat deur 'n derde party of die polisie teen jou ingebring word. As jy aanspreeklikheid erken, kan dit ons onderhandelings met derde partye negatief beïnvloed. Jy is miskien nie aanspreeklik nie, selfs al dink jy jy is, of jy het miskien minder aanspreeklikheid as wat jy dink.

### 3.6 Om die produk- en diensverskaffers wat ons aangewys het, te gebruik

As ons dit vereis, moet jy die produk- en diensverskaffers gebruik wat deur ons aangewys word. Ons sal hul besonderhede aan jou verskaf wanneer jy eis vir ’n gebeurtenis wat gedek word.

Ons sal enige redelike versoek van jou om jou eie produk- of diensverskaffers te gebruik, oorweeg. Jy moet ons skriftelike toestemming kry voordat jy dit doen.

### 3.7 Om ons te help om verlore of gesteelde items terug te vind

Indien ons ’n eis vir verlore of gesteelde items uitbetaal, moet jy ons help om daardie items terug te kry en te identifiseer. Dit sluit in om as getuie in die hof te verskyn indien nodig. Ons sal die redelike koste wat jy aangaan om ons hiermee te help, betaal. Enige items wat teruggekry word, behoort aan ons.

Ons het die reg om eise wat ons betaal het van jou terug te vorder indien jy weier om ons te help.

## 4. Jou regte ingevolge hierdie polis

### 4.1 Om die polis of enige afdeling daarvan te kanselleer

Jy het die reg om hierdie polis of enige dekkingsafdeling op enige tydstip skriftelik te kanselleer. As jy kanselleer, sal ons die gedeelte van jou premie wat jy vooruit betaal het vir dekking ná die datum van kansellasie, aan jou terugbetaal. Ons aanvaar nie eise vir gebeurtenisse wat na die kansellasiedatum plaasvind nie.

Indien jy slegs een afdeling kanselleer, sal jy nog steeds dekking vir die ander afdelings hê.

### 4.2 Om te eis nadat ’n gebeurtenis plaasgevind het

#### 4.2.1 Eisproses

Voordat jy eis, gaan na watter gebeurtenisse en items nie deur ons gedek word nie – in hierdie algemene afdeling sowel as die spesifieke afdeling waarop jou eis betrekking het.

Slegs jy het die reg om ’n eis ingevolge hierdie polis in te stel.

***a. Meld ongelukke en misdade aan by die polisie***

Jy moet enige van die volgende gebeurtenisse wat tot ’n eis sou kon lei, by die polisie aanmeld:

- ’n Motorongeluk;
- ’n Misdaad, insluitend diefstal of kwaadwillige skade aan items;
- Verlore of gesteelde selfone of selfoontoerusting;

***b. Vertel ons so gou as moontlik van die gebeurtenis***

Jy moet ons so gou as redelikerwys moontlik laat weet van ’n gebeurtenis wat tot ’n eis sou kon lei, insluitend ’n eis deur ’n <u>derde party</u>. Jy moet ons laat weet selfs al besluit jy om nie te eis nie, sodat ons die koste van toekomstige eise deur ’n <u>derde party</u> kan bestuur.

Vir eise waarby ’n motorongeluk of misdaad betrokke is, moet jy alle redelike stappe doen om uit te vind wie verantwoordelik is. Na ’n motorongeluk sal redelike stappe die volgende insluit:

- Om die name en kontakbesonderhede te kry van die bestuurders van ander voertuie wat by die ongeluk betrokke was;
- Om besonderhede van die voertuie te kry, insluitend die fabrikaat, model, kleur en registrasienommer;
- Om die name en kontakbesonderhede van getuies te kry, indien moontlik;
- Om foto’s van die toneel van die motorongeluk en beskadigde voertuie te neem, indien moontlik.

***c. Gee vir ons besonderhede van die gebeurtenis op skrif***

Sodra dit redelikerwys moontlik is, maar nie later as 30 dae nadat jy ons van die gebeurtenis vertel het nie, moet jy vir ons volledige besonderhede van die eis op skrif gee. Ons of jou

makelaar sal vir jou ’n eisvorm stuur om in te vul, of jy kan een van ons webwerf aflaai by www.zurich.co.za. Tydens die eisproses moet jy alle bewyse (insluitend die koopbewys of bewys van eienaarskap), inligting en beëdigde verklarings wat ons van jou vra, vir ons stuur. ’n Beëdigde verklaring is ’n formele skriftelike verklaring wat afgelê word voor ’n Kommissaris van Ede (soos ’n polisiebeampte, bankbestuurder of prokureur).

Ons sal jou vergoed vir redelike koste om bewyse en inligting wat ons nodig het, te verkry. Dit word eisvoorbereidingskoste genoem. Die maksimum bedrag wat ons ten opsigte van eisvoorbereidingskoste aan jou sal betaal, is R10,000 altesaam vir elke eis. Eisvoorbereidingskoste is koste wat jy aangaan om enige bewys of gesertifiseerde inligting te kry wat ons nodig het om jou eis te verwerk.

***d. Sê vir ons as jy ander versekering het***

Jy moet vir ons besonderhede gee van enige ander versekeringspolis wat jy het en wat moontlik die gebeurtenis of item waarvoor jy eis, kan dek. Sien *Om slegs ’n gedeelte van dekking te betaal indien jy ander dekking het* op bladsy 10 vir meer besonderhede.

***e. Sê vir ons onmiddellik van enige eise wat teen jou ingestel word***

Jy moet ons onmiddellik laat weet van enige aanmaning, eiskennisgewing, dagvaarding of ander geregtelike proses wat teen jou ingebring word in verband met ’n gebeurtenis wat gedek word. Jy moet onmiddellik ’n afskrif van die dokument aan ons stuur sodra jy dit ontvang het. Indien jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie en ons negatief daardeur geraak word, het ons die reg om jou eis af te wys.

***f. Daar is tydsbeperkings op eise***

**Jy moet eis binne 24 maande na die datum van die gebeurtenis wat tot ’n eis aanleiding gee. Jy verbeur jou reg om te eis nadat hierdie tydperk verstryk het.**

Hierdie voorwaarde geld nie indien die eis vir regsaanspreeklikheid teenoor ’n derde party is nie.

***g. Indien ons jou eis afwys***

Indien ons jou eis afwys, sal ons aan jou skryf om jou te laat weet. Jy het die reg om beswaar aan te teken teen ons besluit. Jou beswaar moet op skrif wees en ons moet dit binne 90 dae na die datum van die afwysingsbrief ontvang.

Indien die saak nie opgelos is nie en jy besluit om regsaksies teen ons in te stel, moet jy dit binne ses maande na die einde van die 90-daetydperk vir die beswaar doen. Na hierdie tydperk verbeur jy jou reg om regsaksies teen ons in te stel.

Alle tydsbeperkings sal uitgestel word terwyl ’n afgewysde eis deur die Ombud oorweeg word. Sien die *Openbaarmakingskennisgewing* aan die einde van die bylae vir hoe geskille en klagtes verwys kan word.

**4.2.2 Ons betaal nie vir dieselfde verlies of skade in meer as een afdeling nie**

Ons betaal ’n eis vir ’n bepaalde gebeurtenis of item slegs binne een afdeling van die polis, sodat jy nie twee keer vir dieselfde gebeurtenis of item betaal word nie. Jy moet eis binne die afdeling waarin die item meer spesifiek gedek word.

**4.2.3 Betaling voor die finale skikking van ’n eis**

Ons het die reg om sekere bedrae ten opsigte van jou eis te betaal voordat dit afgehandel is. Dit kan wees omdat daar vertragings buite ons beheer is. Slegs ons het die reg om te besluit of ’n bedrag betaal sal word voordat die eis finaal geskik is.

**4.2.4 Na die betaling van ’n eis het ons geen verdere aanspreeklikheid nie**

Nadat ons ’n geldige eis uitbetaal het, het ons geen verdere aanspreeklikheid teenoor jou of enigiemand anders nie.

#### 4.2.5 Herstelling van dekking na 'n eis en premieveranderings

Ons trek nie die bedrae van eisbetalings af van jou maksimum dekkingsbedrag nie, maar ons kan jou premie verander. Ons kan kies om tot die hernuwingsdatum te wag om jou premie te verander; of ons kan jou vra om vanaf die datum van verlies of skade te betaal, of by herstelling of vervanging.

Indien ons die maksimum dekkingsbedrag ten opsigte van 'n geldige eis betaal het, sal ons nie enige premie vir die oorblywende dekkingstydperk van toepassing op die betrokke gebeurtenis of eis terugbetaal nie.

Ons kan enige tyd die premie of voorwaardes van jou polis verander deur jou 30 dae skriftelike kennis te gee.

Dit geld nie vir die PERSOONLIKE ONGEVALLE- of MOTOR PERSOONLIKE ONGEVALLE-afdeling van hierdie polis nie.

#### 4.2.6 Ons betaal eise in Suid-Afrika in rand

Ons betaal eise in Suid-Afrika en in rand, selfs al het die gebeurtenis buite Suid-Afrika plaasgevind.

## 5. Ons regte ingevolge hierdie polis

### 5.1 Om jou persoonlike inligting te deel

Om versekeringsmaatskappye te help om regverdige besluite oor die versekering van individue te neem, is dit belangrik dat hulle persoonlike en ander inligting met mekaar, ander finansiële instellings en polisiëringsowerhede deel. Persoonlike inligting sluit inligting oor jou mediese geskiedenis, jou kredietgeskiedenis en jou eisegeskiedenis in.

Deur inligting te deel, probeer die versekeringsbedryf:

a. eise wat op bedrog berus, verminder;
b. meer doeltreffende besluite neem oor die premies wat 'n versekerde moet betaal en die dekking wat die versekeringsmaatskappy kan gee.

**Deur aansoek te doen om versekering by ons, en op enige tydstip gedurende en na die dekkingstydperk, erken jy dat ons die reg het om persoonlike inligting oor jou met enige wettige bronne te deel. Voorbeelde van wettige bronne is ander versekeraars, finansiële instellings en misdaad-buro. Jy waarborg dat jy van elke persoon wat jy verteenwoordig toestemming ontvang het, dat ons hul persoonlike inligting mag deel.**

**Ons onderneem om slegs vir die doeleindes van hierdie versekeringskontrak jou persoonlike inligting met wettige bronne te deel.**

Ons het die reg om jou persoonlike inligting op enige tydstip te deel indien dit 'n regsvereiste is om dit te doen.

### 5.2 Om die polis of enige afdeling daarvan te kanselleer

Ons het die reg om enige tyd hierdie polis of enige afdeling daarvan te kanselleer, maar ons moet jou 30 dae skriftelike kennis gee dat ons dit gaan doen. Indien ons kanselleer, sal ons die gedeelte van jou premie wat jy vooruit betaal het vir dekking ná die datum van kansellasie, aan jou terugbetaal. Indien ons slegs een afdeling kanselleer, sal jy nog steeds dekking vir die ander afdelings hê.

### 5.3 Om slegs 'n gedeelte van dekking te betaal indien jy ander dekking het

Ons sal slegs ons gedeelte van die eis betaal indien jy ingevolge 'n ander polis dekking het vir dieselfde diefstal, verlies, skade of regsaanspreeklikheid teenoor derde partye. Indien die ander polis 'n plig het om die huis vir die volle waarde te dek, sal dit ook vir hierdie polis geld. Sien *Dek die huis vir die volle waarde (eweredigheidsbeginsel)* op bladsy 11.

### 5.4 Dek eiendom vir vervangingswaarde (eweredigheidsbeginsel of onderversekering)

Dit is jou verantwoordelikheid om dekking vir die vervangingswaarde van al jou eiendom te kry. Vervangingswaarde is die bedrag wat nodig is om al jou versekerde eiendom deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Indien ons ten tyde van die verlies of skade of eis bepaal dat die maksimum dekkingsbedrag minder as die vervangingswaarde is, is jy onderverseker. Indien jy onderverseker is, sal ons nie die volle bedrag van die verlies of skade betaal nie. Jy sal jou eie versekeraar wees vir die verskil tussen die persentasie dekking wat jy gekoop het en die volle vervangingswaarde. Die oorblywende deel vir 'n proporsionele deel van die verlies of skade is jou verantwoordelikheid.

### 5.5 Om items in besit te neem en te hou

5.5.1 Indien daar 'n eis is of sou kon wees, het ons die reg om beskadigde items in besit te neem of te hou en op 'n redelike wyse daarmee handel;

5.5.2 Ons het die reg om die perseel wat die onderwerp van 'n eis is te betree en ander persone te magtig om dit te betree. Ons en ons gemagtigde verteenwoordigers het geen regsaanspreeklikheid teenoor jou of teenoor enigiemand anders wanneer hulle jou perseel betree om hierdie reg uit te oefen nie;

5.5.3 Jy mag nie van items afstand doen nie, selfs al het ons dit in besit geneem.

> Voorbeeld:
> John se motor is in 'n ongeluk en word na 'n motorhawe gesleep. John kan nie aanneem dat ons die eis aanvaar het omdat ons die motor na die motorhawe laat sleep het nie. Die motor bly sy verantwoordelikheid totdat die eis finaal is.

### 5.6 Om beskadigde of herwonne items in besit te neem

Indien ons 'n eis betaal het, het ons die reg om die beskadigde of herwonne item in besit te neem en dit as ons eie eiendom te hanteer. Dit beteken ons kan na goeddunke op enige manier daaroor beskik. Indien 'n motorvoertuig byvoorbeeld afgeskryf word, kan ons die wrak in besit neem en soos ons goeddink daaroor beskik.

### 5.7 Om regs- en skikkingsaksies in jou naam aan te gaan

Ons het die reg om enige regsaksies en skikkings in jou naam oor te neem en aan te gaan. Ons het die reg om dit te doen voor ons 'n eis betaal of nadat ons 'n eis betaal het. Jy moet alles doen wat ons redelikerwys nodig het om aan hierdie reg uitvoering te gee. Ons sal die redelike koste wat jy aangaan om ons hiermee te help, betaal.

Indien jy ingevolge hierdie polis dekking vir *Regsaanspreeklikheid* het, het ons die reg om te kies of ons jou of die derde party sal betaal. Ons betaal óf die bedrag waarvoor ons verantwoordelik is, óf enige kleiner bedrag waarvoor die eis geskik kan word. Nadat ons betaal het, is ons nie vir enige ander bedrae aanspreeklik nie.

### 5.8 Premiebetaling en die hou van dekking

Ons is nie verplig om premies te aanvaar wat na die begindatum of hernuwingsdatum van die polis betaal word nie. Ons het egter die reg om hierdie premies te aanvaar en slegs ons het die reg om te besluit oor die voorwaardes vir aanvaarding of afwysing van hierdie premies.

Indien ons dekking (wat aan onderskrywingsreëls onderhewig is) ten opsigte van 'n risiko hou, sal ons nie 'n eis afwys op die grondslag dat die premie nie ontvang is of nie ooreengekom is nie.

### 5.9 Indien daar geen randbedrae in die bylae is nie

Ons dek nie 'n gebeurtenis nie wanneer jou bylae toon dat die maksimum dekkingsbedrag:

5.9.1 oopgelaat is;

5.9.2 geen randbedrag aandui nie;

5.9.3 aangedui is as nul, nie van toepassing nie, nie gedek nie of nie ingesluit nie.

## 6. Ons pligte ingevolge hierdie polis

### 6.1 Om ’n geldige eis te betaal

Ons betaal geldige eise. Ons het die reg om te kies hoe om ’n geldige eis te betaal. Ons kan een of meer van die volgende doen:

a. Die koste betaal om die verlies of skade te herstel;
b. Die gesteelde, verlore of beskadigde item vervang;
c. Kontant aan jou betaal vir die gesteelde, verlore of beskadigde items of eise vir persoonlike ongevalle;
d. Oor derdeparty-eise onderhandel en skik.

Jy is vir die bybetaling verantwoordelik.

### 6.2 Belasting op Toegevoegde Waarde is ingesluit

Alle bedrae waarna in hierdie polis verwys word, sluit BTW in. Die bedrae sluit in:

a. Premies;
b. Maksimum dekkingsbedrae;
c. Bedrae wat ons uitbetaal;
d. Bybetalings.

## 7. Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Ons dek nie die volgende gebeurtenisse en items in enige deel van hierdie polis nie. Jy moet ook die verskillende afdelings van hierdie polis nagaan vir die spesifieke gebeurtenisse en items wat nie deur ons gedek word nie.

### 7.1 Ons betaal nie eise vir gebeurtenisse buite die gebied nie

Ons betaal nie eise vir verlies of skade wat buite die gebied plaasvind nie, tensy ons dit spesifiek in enige afdeling van hierdie polis vermeld.

Ons betaal nie eise vir skadevergoeding wat toegestaan word deur ’n hof wat buite die Republiek van Suid-Afrika is nie.

### 7.2 Ons betaal nie vir bedrog, oneerlikheid, wanvoorstelling of opsetlike dade nie

Ons betaal nie eise wat op bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling berus of daaruit voortspruit nie. Wanvoorstelling beteken om misleidende of onjuiste feite te verskaf. Voorbeeld:

a. Indien jy of enigiemand wat namens jou optree opsetlik die bedrag of grootte van die eis oordryf; of
b. Indien dokumente en inligting ter stawing van ’n eis, hetsy deur jou of namens jou opgestel, waar is nie of bedrieglik is.

Ons betaal nie eise vir gebeurtenisse wat jy, of enige persoon wat met jou saamspan, opsetlik laat plaasvind sodat jy ’n eis kan instel nie. Samespanning beteken om saam op te tree om ’n oneerlike of bedrieglike uitkoms te verkry.

Indien ons ’n eis betaal en dan uitvind dat die eis op bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling berus het, moet jy die bedrag terugbetaal wat ons vroeër geskik of betaal het.

### 7.3 Ons betaal nie as jy die wet oortree nie

Ons betaal nie eise wat voortspruit uit jou opsetlike oortreding van die wet nie. Dit sluit uitlokking tot ’n aanval, rusverstoring of enige opsetlike wangedrag in.

### 7.4 Ons betaal nie vir meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking nie

Ons betaal nie vir meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking nie, tensy dit in die bylae aangedui is.

### 7.5 Ons betaal nie vir waardevermindering na herstelwerk nie

Ons betaal nie vir die waardevermindering van 'n item as gevolg van herstelwerk wat na 'n gebeurtenis daarop uitgevoer is nie. (Waardevermindering is die bedrag waarmee 'n item se prys afneem).

### 7.6 Ons betaal nie vir gevolglike verlies nie

Ons betaal nie vir gevolglike verlies nie.

> Voorbeeld:
> John ry werk toe en sy motor tref 'n slaggat in die pad. Hy klim nie uit sy motor om te kyk of daar skade is nie. Hy kom dus nie agter dat daar water uit die verkoeler lek nie. Die waarskuwingsligte kom aan maar John ry verder. Die enjin brand vas as gevolg van die skade aan die verkoeler. Die direkte verlies is die skade aan die verkoeler. Gevolglike verlies is die skade aan die enjin. Gevolglike verlies word nie gedek nie.

### 7.7 Ons betaal nie vir verlies of skade weens sekere oorsake nie

Ons betaal nie vir verlies of skade weens die volgende nie:

7.7.1 Slytasie;
7.7.2 'n Geleidelik werkende oorsaak (iets wat geleidelik oor 'n tydperk gebeur);
7.7.3 Verwering en agteruitgang;
7.7.4 Roes;
7.7.5 Skimmel;
7.7.6 Insekte, parasiete, motte, knaagdiere, goggas, termiete en enige ander huishoudelike peste;
7.7.7 Die skoonmaak-, stoor-, opknappings- of kleurproses;
7.7.8 Atmosferiese of klimaatstoestande, of die uitwerking van lig.

### 7.8 Ons betaal nie vir verlies of skade wat deur jou eie troeteldiere veroorsaak word nie

Ons betaal nie vir verlies of skade wat veroorsaak word deur troeteldiere of makgemaakte diere wat jy as huisdiere aanhou nie, insluitend honde, katte of hamsters.

Die omskrywing van troeteldiere sluit nie wilde diere, vee, eksotiese diere, voëls, reptiele of visse in nie. Wilde diere is diere wat vry in hul natuurlike omgewing leef en nie op enige wyse ingeperk word nie.

### 7.9 Ons betaal nie vir gebeurtenisse en items wat deur Sasria gedek word nie

Ons betaal nie eise vir verlies of skade weens gebeurtenisse en items wat deur Sasria gedek word nie. Die Sasria-bepalings en -voorwaardes verskyn aan die einde van hierdie polis.

As ons jou inlig dat Sasria nie die verlies of skade waarvoor jy eis dek nie, is dit jou verantwoordelikheid om te bewys dat Sasria wel die betrokke verlies of skade dek.

### 7.10 Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie

Ons betaal nie eise ten opsigte van gebeurtenisse wat regstreeks of onregstreeks uit enigeen of meer van die volgende voortspruit nie:

7.10.1 Arbeidsonrus, oproer, stakings, uitsluitings, openbare wanorde of enige handeling of aktiwiteit wat daarop bereken is om enige van voormelde teweeg te bring;
7.10.2 Oorlog en oorlogverwante aktiwiteite, soos inval, optrede van buitelandse vyande, en burgeroorlog (ongeag of oorlog verklaar word of nie). Ons betaal nie vir gebeurtenisse wat met oorlog verband hou nie, ongeag of 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding, No. 85 van 1976, of enige soortgelyke wet in 'n land waar hierdie polis van toepassing is;
7.10.3 Krygswet, muitery, militêre opstand of 'n staat van beleg, of enige gebeurtenis wat daartoe aanleiding kan gee;
7.10.4 Revolusie, insluitend protesoptogte, rebellie, burgerlike ongehoorsaamheid, en om vrees by die publiek in te boesem;

7.10.5 Dade of pogings om die regering of enige plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terreur of geweld omver te werp;

7.10.6 Gebeurtenisse wat regstreeks of onregstreeks deur terreur of die bedreiging van terreur veroorsaak word. Terreur sluit in die gebruik van geweld of die bedreiging van geweld om 'n politieke doelwit te bereik of maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring, of uit protes teen 'n staat of regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid. Dit sluit dade in, hetsy skadeloos vir menselewens of nie, deur enige persoon of groep persone, wat alleen of in 'n groep optree. Dit sluit enige dade in wat om politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes gepleeg word;

7.10.7 Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid om enige van die gelyste aktiwiteite hierbo te beheer, voorkom of onderdruk of anders daarmee te handel.

### 7.11 Ons betaal nie in stryd met sanksies nie

Ons betaal nie eise indien dit in stryd sou wees met handels- of ekonomiese sanksies wat volgens wet opgelê is nie.

### 7.12 Ons betaal nie vir konfiskering deur wettige owerhede nie

Ons betaal nie eise vir verlies, skade, liggaamlike besering of regsaanspreeklikheid indien 'n wettige owerheid die versekerde items neem nie. Byvoorbeeld as 'n wettige owerheid die items konfiskeer, daarop beslag lê, dit nasionaliseer of opkommandeer.

Voorbeeld:

1. John gesels op sy selfoon in die motor. 'n Polisieman stop John en konfiskeer sy selfoon. Ons betaal nie vir die gekonfiskeerde selfoon nie.
2. Die balju van die hof lê beslag op of verwyder jou goedere ná 'n hofbevel om op jou eiendom beslag te lê. Ons betaal nie eise vir jou goedere nie.

### 7.13 Ons betaal nie eise wat met asbes verband hou nie

Ons betaal nie eise wat regstreeks of onregstreeks uit die effek van asbes op jou gesondheid voortspruit nie.

### 7.14 Ons betaal nie eise wat met kernmateriaal verband hou nie

Ons betaal nie eise wat regstreeks of onregstreeks uit enige van die volgende voortspruit nie:

a. Ionisering, uitstraling en radio-aktiwiteit afkomstig van enige kernbrandstof of kernafval weens die verbranding van kernbrandstof. Verbranding sluit enige selfonderhoudende kernsplitsingproses in.

b. Kontaminasie deur kernmateriaal in enige vorm, insluitend kernafval.

c. Kernsplitsing of -saamsmelting.

d. Kernwapens of kernontploffing.

Ons betaal nie hierdie eise nie selfs al het 'n ander gebeurtenis of oorsaak tot die verlies, skade, koste, uitgawe, sterfte of liggaamlike besering, of regsaanspreeklikheid teenoor derde partye bygedra. Dit is ongeag watter gebeurtenis of oorsaak eerste voorgekom het.

### 7.15 Ons betaal nie vir regsaanspreeklikheid teenoor derde partye met betrekking tot kontrakte nie

Ons betaal nie vir regsaanspreeklikheid teenoor 'n derde party voortspruitend uit 'n kontrak wat jy aangegaan het nie, tensy jy aanspreeklik sou gewees het selfs as daar nie 'n kontrak was nie.

'n Uitsondering is dat ons nie 'n eis sal afwys indien ons regte negatief geraak is deur 'n kontrak wat jy met 'n sekuriteitsverskaffer in verband met die beskerming van jou items aangegaan het nie.

ZURICH®

# Gebouedekking (huisdekking)
## Afdeling D

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir GEBOUEDEKKING (HUISDEKKING). Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.



Adres van geboue beteken die adres wat in die bylae onder GEBOUEDEKKING (HUISDEKKING) aangedui is.

Huis beteken die hoofgebou en buitegeboue by die adres van geboue en sluit in:
1. Motorhuise en vaste motorafdakke;
2. Huiskantore;
3. Tuingereedskapkamers;
4. Huiswerkers se woonkwartiere;
5. Tuinhuisies maar nie dié wat as woonkwartiere gebruik word nie;
6. Mure, metaalpalissades, -hekke en -heinings, maar nie plantheinings nie;
7. Waterversierings en tuinornamente;
8. Tennis- en muurbalbane;
9. Die struktuur of materiaal van swembaddens, insluitend veiligheidsnette en oortreksels, maar nie draagbare swembaddens of outomatiese swembadskoonmakers nie;
10. Die struktuur of materiaal van spabaddens, borrelbaddens en saunas, insluitend veiligheidsnette en oortreksels;
11. Vaste masjinerie van swembaddens, spabaddens, saunas, borrelbaddens, elektriese hekke en heinings, garagedeure, sprinkelbesproeiingstelsels, waterpompe, lugversorgers, elektriese kragopwekkers en sentrale stofsuigstelsels;
12. Geisers, vaste watertenks, filtrasie-aanlegte, waterpompmasjinerie en boorgatmotors wat slegs vir filtrering of voorsiening van water vir huishoudelike doeleindes gebruik word;
13. Hittepompe;
14. Opritte, paadjies en patio's van baksteen, teer, klip (maar nie gruis nie), beton, en geplavei;
15. Lugdrade en satellietskottels;
16. Weerligafleiers;
17. Sonpanele;
18. Los en vaste toebehore, insluitend ingeboude meubels en volvloermatte;
19. Sekuriteitstelsels wat aan die huis geheg is.

In die bylae sal dit die konstruksie van die huis beskryf:
1. Standaardkonstruksie
2. Nie-standaardkonstruksie
3. Strooidak

Standaardkonstruksie beteken gebou van bakstene, klip of beton met 'n leiklip-, teël-, beton-, asbes- of metaaldak. Grasdakke word slegs by hierdie omskrywing ingesluit indien die grasdak:
1. aan die hoofwoning geheg is en nie meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan nie; of
2. binne vyf meter van die hoofwoning is en op sy eie nie meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan nie.

Nie-standaardkonstruksie beteken 'n gebou met een of meer van die volgende:
1. Mure wat uit ander materiaal as bakstene, klip of beton bestaan (byvoorbeeld hout), ongeag of die dak uit standaardmateriaal soos leiklip, teëls, beton, asbes of metaal bestaan; of
2. Dakke wat uit nie-standaardmateriaal bestaan (byvoorbeeld hout), ongeag of die mure uit standaardmateriaal soos bakstene, klip of beton bestaan.

Grasdak beteken die dak van die hoofwoning bestaan uit dekgras. Hierdie omskrywing sluit in waar ’n grasdak:

1. die dak van die hoofwoning is of aan die hoofwoning geheg is en meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan; of
2. binne vyf meter van die hoofwoning is en die grasdak op sy eie meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan.

## 2. Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Ons betaal vir verlies of skade aan die huis wat veroorsaak word deur:

2.1 brand, weerlig of ontploffing;

2.2 storm, wind, water, oorstroming, hael of sneeu;

2.3 aardbewing;

2.4 impak deur diere, insluitend wilde diere. Wilde diere is diere wat vry in hul natuurlike omgewing leef en nie op enige wyse ingeperk word nie;

2.5 impak deur bome;

2.6 impak deur lugdrade, voertuie en lugvaartuie (insluitend ander lugtoestelle) en voorwerpe wat daaruit laat val word;

2.7 onklaarraking of ineenstorting van radio- of televisielugdrade, maste en satellietskottels;

2.8 diefstal en poging tot diefstal, maar indien die huis onbewoon, verhuur of uitgeleen word, moet daar sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang of verlating wees;

2.9 kwaadwillige skade;

2.10 bars, oorstroming en lekkasie van waterapparaat, verhittingstelsels, geisers en pype. Dit sluit skade aan die waterapparaat, geiserkomberse en drupbakke in. Dit sluit ook skade aan die geiser in;

2.11 lekkasie van olie uit olieverwarmers.

## 3. Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

### 3.1 Ons betaal nie vir onbeskadigde items nie

Ons betaal nie vir onbeskadigde items nie. Ons sal moontlik nie betaal om ’n onbeskadigde item te vervang indien die enigste rede om dit te vervang is om ’n eenvormige effek deur die hele huis te verkry en omdat daardie item ooreenstem met ’n beskadigde item wat ons wel betaal om te vervang nie.

Ons hoef nie die huis te herstel sodat dit presies is soos dit voor die verlies of skade was nie; ons sal dit herstel sodat dit so na as redelikerwys moontlik is aan hoe dit voor die verlies of skade was. As ons nie items bymekaar kan pas nie, sal ons materiaal gebruik wat so na as moontlik aan die res van die huis is.

> Voorbeeld:
> John het dieselfde matte in sy hele huis. ’n Gebeurtenis wat gedek word, veroorsaak skade aan die mat in die slaapkamer. Ons sal moontlik slegs vir die skade aan die slaapkamermat betaal, selfs al beteken dit John kan dit nie presies by die res van die matte pas nie.

### 3.2 Verlies of skade wat nie gedek word nie

Ons betaal nie vir verlies of skade aan die huis wat deur die volgende veroorsaak word nie:

3.2.1 Skade aan heinings, keermure en windmeule wat deur storm, wind, water, oorstroming, hael of sneeu veroorsaak word;

3.2.2 Enige proses waarby die gebruik van water betrokke is;

3.2.3 Diefstal, poging tot diefstal en kwaadwillige skade deur ’n huurder;

3.2.4 Volledige insakking en grondverskuiwing tensy jy die opsionele uitbreiding vir hierdie dekking gekoop het. Sien paragraaf 6.1 op bladsy 22 hieronder;

3.2.5 ’n Gebeurtenis by ’n onbewoonde huis indien die huis vir minstens 60 opeenvolgende dae in die 12-maandetydperk voor die gebeurtenis onbewoon gelaat word. Ons het die reg om in te stem om hierdie tydperk te verleng. Jou bylae sal aandui of ons ingestem het om hierdie tydperk te verleng.

## 4. Voorwaardes wat spesifiek op die geboue (die huis) van toepassing is

Hierdie voorwaardes geld benewens die *Algemene bepalings en voorwaardes* op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis.

### 4.1 Dek eiendom vir vervangingswaarde (eweredigheidsbeginsel of onderversekering)

Dit is jou verantwoordelikheid om dekking vir die vervangingswaarde van die huis te kry. Vervangingswaarde is die bedrag wat nodig is vir die koste om die huis met soortgelyke nuwe materiaal te herstel of te herbou. Dit sluit fooie in vir professionele persone wat jy moontlik moet aanstel (soos slopingsdeskundiges, argitekte en landmeters). Indien ons ten tyde van die verlies of skade of eis bepaal dat die maksimum dekkingsbedrag minder as die vervangingswaarde is, is jy onderverseker. Indien jy onderverseker is, sal ons nie die volle bedrag van die verlies of skade betaal nie. Jy sal jou eie versekeraar wees vir die verskil tussen die persentasie dekking wat jy gekoop het en die volle vervangingswaarde. Die oorblywende deel vir 'n proporsionele deel van die verlies of skade is jou verantwoordelikheid.

Voorbeeld:
Die koste om John se hele huis te herbou is R1 miljoen. John koop net dekking vir R500,000. John is sy eie versekeraar vir die oorblywende bedrag van R500,000 (dit is die helfte van die totale vervangingskoste). Dit beteken indien John stormskade het wat R50,000 kos om te herstel, sal ons R25,000 minus die bybetaling betaal. Dit is die helfte van die koste van die skade minus die bybetaling.

### 4.2 Ons betaal eers die uitlener

Indien jy 'n geregistreerde verband op die huis het en die huis word heeltemal vernietig, sal ons die uitlener (bekend as die verbandgewer) betaal voordat ons jou betaal. Ons betaal aan die uitlener die bedrag wat jy aan die uitlener verskuldig is. As daar enige bedrag oor is, sal ons dit aan jou betaal.

Indien hierdie polis ongeldig word omdat jy iets gedoen het of versuim het om iets te doen, sal ons nog steeds die uitlener betaal indien die uitlener nie hiervan bewus was nie. Die uitlener het 'n plig om ons onmiddellik te laat weet wanneer hulle van jou optrede bewus word.

### 4.3. Dekkingverhogings vir inflasie

Ons verhoog outomaties die maksimum dekkingsbedrag op die huis op die hernuwingsdatum. Die bedrag van die verhoging is gebaseer op standaard tariewe in die bedryf.

Ons sal jou polis met die nuwe maksimum dekkingsbedrag endosseer en jou laat weet wat die nuwe premie vir die verhoogde dekking is. Jy is nog steeds verantwoordelik om seker te maak dat die huis gedek is vir die volle koste om dit te herbou. Sien *Dek die huis vir die volle waarde (eweredigheidsbeginsel)* in paragraaf 4.1.

### 4.4 Jou huurder se optrede

Indien hierdie polis ongeldig word omdat jou huurder iets gedoen het of versuim het om iets te doen, sal ons nog steeds jou eis betaal indien jy nie van die huurder se optrede bewus was nie. Jy het 'n plig om ons onmiddellik te laat weet wanneer jy van jou huurder se optrede bewus word.

### 4.5 Bedryf van 'n besigheid van die huis af

Indien jy 'n besigheid van die huis af bedryf, betaal ons vir verlies of skade aan die huis indien al die volgende voorwaardes nagekom word:

1. Jy gebruik die huis hoofsaaklik om daarin te woon.
2. Die besigheid bestaan uit 'n kantoor of spreekkamer.
3. Jy het nie meer as twee werknemers in die besigheid nie.
4. Die moontlikheid van verlies of skade aan die huis word nie deur die bedryf van die besigheid van die huis af verhoog nie.

Ons dek nie huise wat as bed-en-ontbyt- of ander akkommodasie teen vergoeding gebruik word nie.

### 4.6 Kwaadwillige skade

4.6.1 Ons betaal vir skade wat regstreeks veroorsaak word deur of voortspruit uit die opsetlike daad van 'n persoon met die bedoeling om die skade aan te rig.

4.6.2 Hierdie uitbreiding geld slegs as 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, nie vir meer as 30 opeenvolgende dae onbewoon is nie, tensy ons skriftelike toestemming daarvoor gegee het. Indien die gebou sonder ons skriftelike toestemming vir meer as 30 opeenvolgende dae onbewoon is, is hierdie uitbreiding glad nie van toepassing nie.

4.6.3 Gedurende die eerste 30 dae dat die gebou onbewoon is, word jy 'n medeversekeraar saam met ons en moet jy 20% van die eis betaal, voor enige eerste bedrag betaalbaar.

4.6.4 Hieronder is die omstandighede waarin ons nie volgens hierdie uitbreiding sal betaal nie:

a. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade aan roerende eiendom nie wat:
   - gesteel word; of
   - beskadig word tydens of as gevolg van 'n poging om dit of 'n deel daarvan vanaf 'n perseel wat jy besit of bewoon te verwyder.

b. Ons betaal nie vir roerende eiendom wat nie aan die grond geheg is nie, en wat jy kan vervoer sonder om dit te breek nie, insluitend meubels en motors.

c. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade aan eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl hulle by 'n perseel wat jy besit of bewoon, in- of uitbreek, of poog om in of uit te breek nie.

d. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade aan onroerende eiendom wat jy besit of bewoon indien dit veroorsaak word deur of voortspruit uit die volgende nie:
   - Verwydering van of poging om alles of 'n deel daarvan te verwyder;
   - Sloping van of poging om alles of 'n deel daarvan te sloop.

   Onroerende eiendom is eiendom wat aan die grond geheg is, insluitend geboue en grond.

e. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade wat met enige van die volgende verband hou nie:
   - Skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
   - Gevolglike verlies of skade van enige aard. Ons dek egter verlies van huurgeld indien jy spesifiek verlies van huurgeld verseker het;
   - Skade omdat alle of 'n deel van werk gestaak of vertraag word, of omdat 'n proses of werksaamheid vertraag, onderbreek of gestaak word;
   - Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;
   - Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur 'n gebeurtenis waarna in die algemene uitsluiting Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie verwys word of die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid om enige van hierdie gebeurtenisse te beheer, voorkom of onderdruk of op enige ander wyse daarmee te handel.

4.6.5 Indien ons meld dat kwaadwillige skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan.

## 5. Outomatiese uitbreidings van dekking vir die geboue (huis)

Jy kry outomaties ekstra dekking vir die volgende gebeurtenisse en items, tot die maksimum dekkingsbedrag vir elk van hierdie uitbreidings. Die maksimum dekkingsbedrag wat ons betaal is verskillend vir elke kategorie en word in die bylae aangedui.

### 5.1 Verhoging van die dekkingsbedrag vir verbouings, toevoegings en verbeterings

Ons sal die maksimum dekkingsbedrag vir die huis met tot 20% verhoog vir enige goedgekeurde verbouings, toevoegings of verbeterings. Jy moet ons so gou as redelikerwys moontlik van hierdie verbouings laat weet, maar nie later as 30 dae na die voltooiing van elke fase van die projek nie.

Indien hierdie verbouings die herbouingskoste van die huis verhoog, moet jy ons laat weet of jy die maksimum dekkingsbedrag wil verhoog. Dit kan beteken dat jy 'n hoër premie moet betaal.

**5.2 Spesiale verbouings na mediese ongeskikraking**

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir spesiale verbouings aan die huis indien die verbouings nodig is omdat jy permanent ongeskik is. Ons betaal slegs indien die ongeskiktheid deur ’n ongeluk veroorsaak word wat gedurende die termyn van hierdie polis gebeur het en indien jy in die huis woon.

**5.3 Brandbestrydingskoste**

Ons betaal die fooie wat deur brandbestrydingsowerheid gehef word vir die koste om ’n brand te blus nadat brandskade aan die huis aangerig is.

**5.4 Veiligheidswagte**

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die koste om wagte aan te stel om die huis te beveilig na ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word.

**5.5 Slotte en sleutels**

Ons betaal die redelike en nodige koste vir verlies van of skade aan slotte of sleutels vir die huis (insluitend kaartsleutels, afstandbeheertoestelle en die herprogrammering van hierdie toestelle).

**5.6 Verlies van huurgeld**

Ons betaal tot 25% van die maksimum dekkingsbedrag op die huis vir verlies van huur indien die huis weens verlies of skade wat deur ons gedek word, nie bewoon kan word nie. Ons bereken die verlies van huurgeld op die jaarlikse huur of die huurwaarde van die ongemeubileerde geboue. Ons betaal slegs vir so lank as wat dit redelikerwys nodig is om die huis weer bewoonbaar te maak

Ons betaal nie vir verlies van huurgeld wat regstreeks of onregstreeks ontstaan terwyl strukturele verbouings aan die huis aangebring word nie.

**5.7 Openbare toevoer- of hooftoevoerverbindings**

Ons betaal die redelike koste vir toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telefoonverbindings waarvoor jy regtens aanspreeklik is, tussen die huis en die openbare of hooftoevoerverbindingspunte.

**5.8 Glas en sanitêre ware**

Ons betaal die redelike koste vir toevallige brekasie van:

a. vaste glas insluitend spieëls;

b. vaste sanitêre ware, maar afsplintering, skrape of ander skending uitgesluit.

Ons betaal slegs indien die huis ten tyde van die brekasie bewoon word.

Ons betaal nie vir toevallige brekasie van glas en sanitêre ware wat regstreeks of onregstreeks ontstaan terwyl strukturele verbouings aan die huis aangebring word nie.

**5.9 Waterpompmasjinerie**

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir toevallige verlies van of skade aan vaste filtrasie-aanlegte, hittepompe, waterpompmasjinerie (nie outomatiese swembadskoonmakers nie) wat vir huishoudelike gebruik aangewend word. Ons dek die herstel- of vervangingskoste. Ons betaal nie vir slytasie nie.

**5.10 Verlies van water deur lekkasie**

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die waterheffings van ’n plaaslike owerheid vir waterverlies deur lekkende pype of ’n gebarste geiser by die huis, maar slegs as beide die volgende kriteria nagekom word:

a. Die watermeterlesing is 50% of meer bo die gemiddelde van jou vorige vier lesings;

b. Jy doen onmiddellik stappe om die geaffekteerde geiser of pype te herstel wanneer die lekkasie ontdek word (hetsy deur fisiese tekens of ’n abnormaal hoë waterrekening).

Ons betaal nie vir die volgende gebeurtenisse en items nie:

a. Meer as twee afsonderlike gebeurtenisse binne ’n tydperk van 12 maande;
b. Verlies van water uit lekkende krane, waterverhittingsapparate of sanitêre stelsels, swembadstrukture en inlaat- of uitlaatpype;
c. Verlies van water indien die huis vir meer as 60 opeenvolgende dae onbewoon is.

### 5.11 Opsporing van ’n lekplek

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die redelike koste om die bron van ’n water-, gas- of olielek uit ’n vaste huishoudelike water- of verhittingstoestel (soos ’n geiser) op te spoor. Die maksimum dekkingsbedrag sluit die herstelkoste van die lekplek in. Ons betaal ook vir herstel van vloere, mure en plafonne waar skade deur die lekkasie veroorsaak is.

Ons betaal slegs as die eerste teken van die lekkasie ná die begindatum van GEBOUEDEKKING (HUISDEKKING) verskyn.

### 5.12 Tydelike herstelwerk en stappe om groter verlies en skade te voorkom

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir tydelike herstelwerk en stappe wat nodig is om groter verlies en skade aan die huis ná ’n gebeurtenis wat gedek word, te voorkom. Dit sluit die koste van noodverblyf vir jou, jou huishulpe en jou troeteldiere in terwyl die huis nie bewoonbaar is nie.

### 5.13 Verwydering van bome wat omgeval het

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir koste wat jy aangaan om bome wat omgeval het of enige deel daarvan by die huis te verwyder ná ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word. Ons betaal nie vir die verwydering van bome wat jy self afgekap of laat afkap het nie.

### 5.14 Skade aan tuine

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir skade aan bome, struike, plante, waterversierings en sprinkelbesproeiingstelsels by die huis. Ons betaal vir skade aan tuine slegs wanneer dit veroorsaak word deur een of meer van die volgende:

5.14.1 Brand en ontploffing;
5.14.2 Weerlig;
5.14.3 Impak deur voertuie, lugtoestelle (soos satellietskottels) of lugvaartuie en voorwerpe wat daaruit val;
5.14.4 Aardbewing;
5.14.5 Kwaadwillige skade;
5.14.6 Enige persoon wat op ’n noodgeval by die huis reageer.

### 5.15 Beperkte insakking en grondverskuiwing

Beperkte insakking en grondverskuiwing beteken die afwaartse beweging van die grond wat ’n gebou stut, of die afwaartse beweging van grond teen ’n skuinste, of albei, maar sluit inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die voginhoud daarvan, soos ondervind word met klei en soortgelyke tipes grond, uit.

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir:

a. skade aan die huis wat veroorsaak word deur vloeiende oppervlakwater as gevolg van storm, water, oorstroming, hael of sneeu, wat grond wat die huis stut, wegspoel (beperkte insakking en grondverskuiwing); en
b. verlies van huurgeld weens beperkte insakking en grondverskuiwing wat lei tot gevolglike verlies. Jy moet bewys lewer dat die verlies of skade aan beperkte insakking en grondverskuiwing toe te skryf is.

Ons betaal nie vir verlies of skade veroorsaak deur beperkte insakking en grondverskuiwing in enige van die volgende gevalle nie:

a. Wanneer die beperkte insakking en grondverskuiwing tot gevolglike verlies lei, behalwe verlies van huurgeld;

b. Wanneer die beperkte insakking en grondverskuiwing tot verlies van of skade aan dreine, waterweë, grensmure, skermmure, keermure, tuinmure, hekpale, hekke, heinings, opritte, plaveisel, swembaddens en tennisbane lei;

c. Wanneer die beperkte insakking en grondverskuiwing verband hou met of veroorsaak word deur:
- storm, wind, water, oorstroming, hael of sneeu. Ons betaal vir skade aan die huis wat veroorsaak word deur vloeiende oppervlakwater wat grond wat die huis stut, wegspoel;
- inkrimping of uitsetting, of beide, van grond weens die vog- of waterinhoud van die grond, soos ondervind in klei of soortgelyke tipes grond;
- foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning vir die huis;
- werksmense wat besig is met strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan die huis;
- uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynbedrywighede.

### 5.16 Mediese uitgawes

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die koste van mediese uitgawes wat jy aangaan vir toevallige liggaamlike besering aan die volgende persone as ’n direkte gevolg van ’n defek in die huis:

a. Enige gas of besoeker;

b. Enige huiswerker in die loop van hul diens by jou.

Ons betaal slegs vir mediese uitgawes wat nie van enige ander bron verhaal kan word nie.

### 5.17 Traumaberading

Ons betaal vir traumaberading as jy die slagoffer is van ’n geweldsdaad of traumatiese ongeluk by die huis of enige ander bewoonde gebou waar jy tydelik bly. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou is ten tyde van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as:

a. die behandeling deur ’n geregistreerde professionele berader gegee word;

b. die behandelingskoste nie van enige ander bron verhaal kan word nie;

c. die geweldsdaad by die polisie aangemeld word.

### 5.18 Professionele fooie

Ons betaal tot 20% van die maksimum dekkingsbedrag op die huis vir professionele fooie en ander herbouingskoste wat jy aangaan, maar jy moet ons skriftelike toestemming kry.

Professionele fooie sluit een of meer van die volgende in:
- Die koste om die huis te sloop, puin van die perseel te verwyder en skuttings op te rig vir die bouwerk;
- Argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieurs se gelde;
- Munisipale planondersoekgelde;
- Koste van die vereistes van openbare owerhede vir herstel- of herbouwerk.

### 5.19 Verlies of skade veroorsaak deur wilde diere

Ons betaal vir verlies of skade wat deur wilde diere aan die huis veroorsaak word. Wilde diere is diere wat vry in hul natuurlike omgewing leef en nie op enige wyse ingeperk word nie.

### 5.20 Kragstuwing

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir skade aan die huis wat veroorsaak word deur kragstuwings weens toevallige veranderings in die kragtoevoer deur ’n openbare voorsieningsowerheid.

Ons betaal nie vir kragstuwings wat deur jou veroorsaak word omdat jy nie jou elektrisiteitsrekening betaal nie of nie krag koop as dit opgeraak het nie.

Ons het enige tyd die reg om te vra dat die hoof elektriese verdeelborde van die huis beskerm word deur kragstuwingsbeskermers, weerligafleiers of ander beskermingstoestelle wat volgens die SANS 0142-spesifikasie geïnstalleer is, asook om dekking vir addisionele kragstuwing te verwyder indien dit nie gedoen word nie.

## 6. Opsionele uitbreidings van dekking vir die geboue (huis)

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit in die bylae aangedui is. Daar is ekstra premies vir hierdie uitbreidings.

Jy moet ook die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 raadpleeg.

### 6.1 Volledige insakking en grondverskuiwing

Ons betaal vir skade aan die huis weens insakking of grondverskuiwing. Ons betaal egter nie vir die volgende nie:

6.1.1. Verlies van of skade aan afvoerpype, waterweë, grensmure, skermmure, keermure, tuinmure, hekpale, hekke, heinings.

6.1.2 Verlies of skade wat toegeskryf kan word aan die volgende:

a. Foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning vir die huis;
b. Werksmense wat besig is met strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan die huis;
c. Uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynbedrywighede;
d. Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Volledige insakking en grondverskuiwing beteken die afwaartse beweging van die grond wat ’n gebou stut, of die afwaartse beweging van grond teen ’n skuinste, of albei. Dit sluit inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die voginhoud daarvan in, soos ondervind word met klei en soortgelyke tipes grond.

### 6.2 Toevallige skade wat nie andersins gedek word nie

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir toevallige verlies of skade aan die huis wat nie andersins gedek word nie.

Ons betaal nie vir enige van die volgende nie:

a. Waardevermindering van enige aard;
b. Skade wat deur ’n vervaardiger of verskaffer se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak gedek word;
c. Skade wat regstreeks of onregstreeks toe te skryf is aan:
   - Verbouings of opknappings aan of toevoegings tot die huis;
   - Skrape, duike, afsplintering of skending;
   - Verwering en agteruitgang;
   - Slytasie;
   - Roes;
   - Skimmel;
   - Insekte, parasiete, motte, knaagdiere, goggas, termiete en enige ander huishoudelike peste;
   - Verlies of skade wat deur jou eie troeteldiere veroorsaak word;
   - Gebrekkige ontwerp of vakmanskap of gebruik van instrumente of toerusting op ’n verkeerde wyse, of opsetlike oorlaaiing van ’n masjien;
   - Die skoonmaak-, stoor-, opknappings- of kleurproses;
   - Atmosferiese of klimaatstoestande, of die uitwerking van lig.

### 6.3 Onklaarraking van vaste masjinerie

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elektriese of meganiese onklaarraking van die volgende items:

a. Masjinerie, insluitend swembadfiltrasie-, hittepompe en waterpompmasjinerie, maar nie windmeule nie;
b. Borrelbaddens, spabaddens en saunas;
c. Lugversorgers;
d. Elektriese garage- en hekmotors;

Ons betaal slegs as jy hierdie items suiwer vir huishoudelike doeleindes gebruik.

Ons betaal nie vir die volgende nie:

a. Verlies of skade wat deur ’n vervaardiger se waarborg of deur ’n dienskontrak gedek word;
b. Versteuring wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit:
   - Gebrekkige ontwerp of vakmanskap of gebruik van instrumente of toerusting op ’n verkeerde wyse;
   - Insakking, grondverskuiwing of die instorting van ’n gebou, tensy jy die Volledige insakking en grondverskuiwing-uitbreiding gekoop het;
   - Opsetlike oorlaaiing van die masjien;
c. Waardevermindering van enige aard;
d. Skade wat regstreeks of onregstreeks toe te skryf is aan:
   - Verbouings of opknappings aan of toevoegings tot die huis;
   - Skrape, duike, afsplintering of skending;
   - Verwering en agteruitgang;
   - Roes;
   - Skimmel;
   - Insekte, parasiete, motte, knaagdiere, goggas, termiete en enige ander huishoudelike peste;
   - Verlies of skade wat deur jou eie troeteldiere veroorsaak word.

Versteuring beteken om iets te gebruik op ’n wyse waarvoor dit nie ontwerp is nie en wat tot onklaarraking of verkeerde belyning van onderdele lei.

### 6.4 Addisionele kragstuwing

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir skade aan die huis wat veroorsaak word deur kragstuwings weens toevallige veranderings in die kragtoevoer deur ’n openbare voorsieningsowerheid.

Ons betaal nie vir kragstuwings wat deur jou veroorsaak word omdat jy nie jou elektrisiteitsrekening betaal nie of nie krag koop as dit opgeraak het nie.

Ons het enige tyd die reg om te vra dat die hoof elektriese verdeelborde van die huis beskerm word deur kragstuwingsbeskermers, weerligafleiers of ander beskermingstoestelle wat volgens die SANS 0142-spesifikasie geïnstalleer is, en om dekking vir addisionele kragstuwing te verwyder indien dit nie gedoen word nie.

## 7. Hoe ons betaal

**Indien ’n deel van die huis beskadig word:** Sien *Om te eis nadat ’n gebeurtenis plaasgevind* op bladsy 8, wat verduidelik hoe ons geldige eise betaal.

**Indien die hele huis vernietig word** deur ’n gebeurtenis wat gedek word, sal ons tot die maksimum dekkingsbedrag betaal. Ons sal óf die koste betaal om die huis te herbou, óf kontant aan jou betaal. Jy het ses maande om te besluit of jy die huis wil herbou:

a. **Indien jy besluit om die huis te herbou**, moet die werk binne ’n redelike tyd begin en eindig. Indien dit nie gebeur nie, het ons die reg om jou in kontant te betaal Jy kan kies om die huis op ’n ander perseel te herbou. Indien jy ’n ander perseel kies, sal ons egter nie meer betaal as wat ons sou betaal het indien jy op die oorspronklike perseel gebou het nie.
b. **Indien jy besluit om nie die huis te herbou nie**, sal ons jou in kontant betaal tot die maksimum dekkingsbedrag. Die kontantbedrag is die markwaarde van die huis en grond minus die waarde van slegs die grond.

ZURICH

# Dekking vir huisinhoud
## Afdeling E

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir DEKKING VIR HUISINHOUD. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.



Adres van geboue beteken die adres wat in die bylae onder DEKKING VIR HUISINHOUD aangedui is.

Dekking vir huisinhoud beteken:
1. Huishoudelike goedere en persoonlike besittings in die huis waarvoor jy verantwoordelik is;
2. Los en vaste toebehore binne die huis wat jy besit of waarvoor jy regtens aanspreeklik is.

Die omskrywing van huisinhoud sluit die volgende uit:
1. Enige huishoudelike goedere en persoonlike besittings wat meer spesifiek verseker is (byvoorbeeld onder Alle Risiko's, Motordekking, Dekking Vir Persoonlike Rekenaars);
2. Verhuurder se los en vaste toebehore;
3. Motorvoertuie, sleepwaens, woonwaens (maar ons dek wel modelle van motorvoertuie);
4. Trekker-grassnyers;
5. Vaartuie behalwe kano's, kajakke (maar ons dek wel modelle van vaartuie);
6. Lugvaartuie en hul toebehore (maar ons dek wel modelle van lugvaartuie);
7. Troeteldiere en ander diere.

Huis beteken beide die volgende:
1. Die hoofwoning by die adres van geboue of enige ander plek waar jy tydelik bly of werk; en
2. Buitegeboue en ander strukture wat onder dak is, soos privaat garages, motorafdakke, huishulpe se woonkwartiere en tuinhuisies.

In die bylae sal dit die konstruksie van die huis beskryf:
1. Standaard konstruksie;
2. Nie-standaard konstruksie;
3. Grasdak.

Standaardkonstruksie beteken gebou van bakstene, klip of beton met 'n leiklip-, teël-, beton-, asbes- of metaaldak. Grasdakke word slegs by hierdie omskrywing ingesluit indien die grasdak:
1. aan die hoofwoning geheg is en nie meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan nie; of
2. binne vyf meter van die hoofwoning is en op sy eie nie meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan nie.

Nie-standaard konstruksie beteken 'n gebou met een of meer van die volgende:
1. Mure wat uit ander materiaal as bakstene, klip of beton bestaan (byvoorbeeld hout), ongeag of die dak uit standaardmateriaal soos leiklip, teëls, beton, asbes of metaal bestaan; of
2. Dakke wat uit nie-standaardmateriaal bestaan (byvoorbeeld hout), ongeag of die mure uit standaardmateriaal soos bakstene, klip of beton bestaan.

Grasdak beteken die dak van die hoofwoning bestaan uit dekgras. Hierdie omskrywing sluit in waar 'n grasdak:
1. die dak van die hoofwoning is of aan die hoofwoning geheg is en meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan; of
2. binne vyf meter van die hoofwoning is en die strooidak op sy eie meer as 25% van die hoofwoning se dakoppervlak beslaan.

### 2. Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Ons betaal vir verlies of skade aan jou huisinhoud wat deur enige van die volgende gebeurtenisse veroorsaak word:

2.1 Brand, weerlig of ontploffing;
2.2 Storm, wind, water, hael of sneeu;

2.3 Aardbewing;
2.4 Bars, oorstroming en lekkasie van waterapparaat, verhittingstelsels, warm water silinders en pype;
2.5 Opsetlike dade van kwaadwillige skade;
2.6 Impak skade aan die huis, byvoorbeeld 'n motor wat teen die huis bots;
2.7 Diefstal en poging tot diefstal.
Indien;
2.7.1 Die huis
a. Onbewoon is;
b. Word deur jou uitgeleen, verhuur of onderverhuur of met jou gedeel;
c. Dit is 'n buitegebou of tuinhuisie en die verlies of skade is meer as die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is.
2.7.2 Indien die inhoud verseker is by
a. 'n meubelstoorplek of bankkluis; of
b. enige ander perseel vir herstelwerk, opknapping, restourasie, skoonmaak of kleur.
Moet daar kragdadige en geweldadige betreding of verlating wees. Indien die huis egter vir meer as 60 opeenvolgende dae in enige kalenderjaar onbewoon is, sal diefstal of poging tot diefstal nie geld nie, tensy ons vooraf skritelike toestemming gegee het om die dekking te verleng.

## 3. Gebeurtenisse en items wat nie deur ons gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

### 3.1 Gebeurtenisse wat nie gedek word nie

Ons betaal nie vir die volgende verlies of skade aan jou huisinhoud nie:
a. Verlies of skade weens storm, wind, water, oorstroming, hael of sneeu aan huisinhoud in die ope lug, tensy die huisinhoud ontwerp is om in die ope lug te wees;
b. Verlies of skade voortspruitend uit 'n proses waar die gebruik van water nodig is, soos vir die sjampoe van matte;
c. Verlies of skade wat voorkom indien die huis vir 60 opeenvolgende dae of langer in die 12-maandetydperk voor 'n versekerde gebeurtenis onbewoon is, tensy jou bylae toon dat ons ingestem het om hierdie tydperk te verleng.

### 3.2 Perk en voorwaardes vir edelmetale, edelstene, juweliersware en verskillende versamelings

Ons betaal hoogstens 30% van die maksimum dekkingsbedrag vir huisinhoud vir diefstal, verlies van of skade aan edelmetale, edelstene, juweliersware en verskillende versamelings. Ons betaal nie meer as R10,000 vir een item nie, tensy jy vir ons 'n waardasiesertifikaat gee wat deur 'n professionele juwelier uitgereik is of die koopbewys gee. Die sertifikaat mag nie meer as drie jaar oud wees nie, met 'n datum voor die datum van die verlies of skade.

## 4. Voorwaardes wat spesifiek op jou dekking vir huisinhoud betrekking het

Hierdie voorwaardes geld benewens die Algemene bepalings en voorwaardes op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis.

### 4.1 Dek eiendom vir vervangingswaarde (eweredigheidsbeginsel of onderversekering)

Dit is jou verantwoordelikheid om dekking vir die vervangingswaarde van al jou eiendom te kry. Vervangingswaarde is die bedrag wat nodig is om al jou versekerde eiendom deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Indien ons ten tyde van die verlies of skade of eis bepaal dat die maksimum dekkingsbedrag minder as die vervangingswaarde is, is jy onderverseker. Indien jy onderverseker is, sal ons nie die volle bedrag van die verlies of skade betaal nie. Jy sal jou eie versekeraar wees vir die verskil tussen die persentasie dekking wat jy gekoop het en die volle vervangingswaarde. Die oorblywende deel vir 'n proporsionele deel van die verlies of skade is jou verantwoordelikheid.

Voorbeeld:
Indien die vervangingskoste van John se huisinhoud R400,000 is terwyl hy dekking vir R200,000 gekoop het, word hy slegs vir die helfte van die vervangingskoste gedek.

Indien John 'n inbraak het wat tot 'n eis van R100,000 lei, sal ons net die helfte van die eis minus die bybetaling betaal. Dit is R50,000 minus die bybetaling.

## 4.2 Dekkingverhogings vir inflasie

Ons verhoog outomaties jaarliks die maksimum dekkingsbedrag op die huisinhoud op die verjaardagdatum. Die bedrag van die verhoging is gebaseer op standaardtariewe in die bedryf.

Ons sal jou polis met die nuwe maksimum dekkingsbedrag endosseer en jou laat weet wat die nuwe premie vir die verhoogde dekking is. Jy is nog steeds verantwoordelik om seker te maak dat jou huisinhoud vir die volle vervangingswaarde daarvan gedek is. (Sien *Dek die huis vir die volle waarde (eweredigheidsbeginsel)* op bladsy 26).

## 4.3 Juweliersware

Jy waarborg dat jy alle juweliersware en horlosies wat nie gedra word nie en 'n waarde van meer as R10,000 per item het, bewaar in 'n kluis wat gesluit en versteek is. Dit sluit in horlosies, edelstene en items wat van platinum, goud en silwer gemaak is. Die kluis moet behoorlik aan die muur of vloer geheg wees.

Indien jy tydelik elders bly, geld hierdie voorwaarde ook vir daardie perseel in soverre 'n kluis op daardie perseel beskikbaar is.

## 4.4 Vuurwapens

Jy waarborg dat jy te alle tye en in alle plekke aan die wetlike vereistes vir die besit, gebruik en veilige bewaring van 'n vuurwapen voldoen.

## 4.5 Kwaadwillige skade

4.5.1 Ons betaal vir skade wat regstreeks veroorsaak word deur of voortspruit uit die opsetlike daad van 'n persoon met die bedoeling om die skade aan te rig.

4.5.2 Hierdie uitbreiding geld slegs as 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, nie vir meer as 60 opeenvolgende dae onbewoon is nie, tensy ons skriftelike toestemming daarvoor gegee het. Indien die gebou sonder ons skriftelike toestemming vir meer as 60 opeenvolgende dae onbewoon is, is hierdie uitbreiding glad nie van toepassing nie.

4.5.3 Gedurende die eerste 60 dae wat die gebou onbewoon is, word jy 'n medeversekeraar saam met ons en moet jy 20% van die eis betaal, voor enige eerste bedrag betaalbaar.

4.5.4 Hieronder is die omstandighede waarin ons nie volgens hierdie uitbreiding sal betaal nie:

a. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade aan roerende eiendom nie wat hetsy:
   - gesteel word; of
   - beskadig word tydens of as gevolg van 'n poging om dit of 'n deel daarvan vanaf 'n perseel wat jy besit of bewoon te verwyder.

b. Ons betaal nie vir roerende eiendom wat nie aan die grond geheg is nie, en wat jy kan vervoer sonder om dit te breek nie, insluitend meubels en motorvoertuie.

c. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade aan eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl hulle by 'n perseel wat jy besit of bewoon, in- of uitbreek, of poog om in of uit te breek nie.

d. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade aan onroerende eiendom wat jy besit of bewoon indien dit veroorsaak word deur of voortspruit uit die volgende nie:
   - verwydering van of poging om alles of 'n deel daarvan te verwyder;
   - sloping van of poging om alles of 'n deel daarvan te sloop.

   Onroerende eiendom is eiendom wat aan die grond geheg is, insluitend geboue en grond.

e. Ons betaal nie vir kwaadwillige skade wat met enige van die volgende verband hou nie:
   - Skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
   - Gevolglike verlies of skade van enige aard. Ons dek egter verlies van huurgeld indien jy spesifiek verlies van huurgeld verseker het;
   - Skade omdat alle of 'n deel van werk gestaak of vertraag word, of omdat 'n proses of werksaamheid vertraag, onderbreek of gestaak word;
   - Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;

- Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur ’n voorval waarna in die algemene uitsluiting. Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie verwys word of die optrede van ’n wettig ingestelde owerheid om enige van hierdie gebeurtenisse te beheer, voorkom of onderdruk of op enige ander wyse daarmee te handel.

4.5.5 Indien ons meld dat kwaadwillige skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met ’n eis ingevolge die polis wil voortgaan.

### 4.6 Diefwering

Indien die bylae aandui dat jy diefwering geïnstalleer het of dat ons vereis dat jy diefwering moet hê op alle vensters wat oopmaak, waarborg jy dat dit in plek is. Ons betaal vir diefstal of poging tot diefstal van die huisinhoud slegs as die diefwering aangebring is op alle vensters van die huis wat oopmaak.

### 4.7 Veiligheidshekke

Indien die bylae aandui dat jy veiligheidshekke op alle buitedeure (insluitend skuifdeure) het of dat ons vereis dat jy veiligheidshekke daar moet hê, waarborg jy dat dit in plek is. Ons betaal vir diefstal of poging tot diefstal van huisinhoud slegs as die veiligheidshekke op alle buitedeure (insluitend skuifdeure) by die huis aangebring is.

### 4.8 Veiligheidskompleks en aftree-oord

Indien die bylae aandui dat jy in ’n veiligheidskompleks bly, betaal ons vir diefstal van huisinhoud slegs as die huis in ’n veiligheidskompleks of aftree-oord geleë is.

’n Veiligheidskompleks of aftree-oord beteken ’n kompleks met hoë grensmure en lemmetjiesdraad of ’n elektriese heining bo-op die grensmure. Die kompleks moet 24 uur per dag deur veiligheidspersoneel by die hek beman word of toegang moet deur ’n interkom, afstandbeheer of registrasie by die hek beheer word.

### 4.9 Diefalarm

Indien die bylae aandui dat jy ’n diefalarm in die huis geïnstalleer het of dat ons vereis dat jy ’n diefalarm moet hê, waarborg jy dat dit in plek is. Ons betaal vir diefstal of poging tot diefstal slegs as al die volgende voorwaardes nagekom word:

a. Die alarmstelsel is geïnstalleer en werk behoorlik.
b. Jy toets elke ses maande jou alarmstelsel.
c. Jy voldoen aan al die voorwaardes van jou kontrak met die verskaffers van die alarmstelsel.
d. Die alarmstelsel geaktiveer is wanneer die huis onbewaak gelaat is.
e. Jy het ’n kontrak met ’n sekuriteitsdiensverskaffer om die plek te monitor en op die alarm te reageer.
f. Die diensverskaffer het ’n 24-uur blitsreaksiesentrum.
g. Die diensverskaffer kan vir ons ’n ouditrekord gee van alle alarmseine wat ontvang is as ons na aanleiding van ’n eis daarom vra.

Ons betaal nie vir diefstal waar sleutels, duplikaatsleutels of afstandbeheertoestelle van die alarmstelsels gebruik word nie, tensy jy op gewelddadige wyse of weens dreiging met geweld daarvan ontneem is.

### 4.10 Eisvrye groep-voordeel

Hierdie eisvrye groep-voordeel geld vir die *Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word* soos uiteengesit op bladsye 25 tot 26 hierbo en die *Opsionele uitbreidings van jou dekking vir huisinhoud* op bladsye 35 tot 36 hieronder. Dit geld nie vir die *Outomatiese uitbreidings van jou dekking vir huisinhoud* nie. Dit beteken ’n eis ingevolge die *Outomatiese uitbreidings van jou dekking vir huisinhoud* affekteer nie jou eisvrye voordeel nie.

Jy kan laer premies kry as jy nie eis nie (die eisvrye groep-voordeel). Die eisvrye groep-voordeel werk volgens ’n puntestelsel. Jy kan een punt verdien vir elke dekkingsjaar waarin jy nie eis nie, totdat jy ’n maksimum van ses punte bereik. Die minimum is nul punte. Die punte word op die polis se verjaardagdatum aan jou toegeken.

Jy verloor twee punte vir elke eis wat ons in hierdie tyd uitbetaal. Indien jy jaarliks vir jou dekking betaal, sal die punte op jou polis se volgende verjaardagdatum afgetrek word. Indien jy maandeliks vir jou dekking betaal, sal die punte afgetrek word in die maand nadat ons die eis uitbetaal het.

## 5. Outomatiese uitbreidings van jou dekking vir huisinhoud

Jy kry outomaties ekstra dekking vir hierdie gebeurtenisse en items. Die bedrag wat ons betaal, is 'n persentasie van die maksimum dekkingsbedrag vir die huisinhoud.

### 5.1 Verhoging van dekking vir huisinhoud vanaf 15 Desember tot 31 Januarie

Ons verhoog outomaties jou dekkingsbedrae vir huisinhoud met 10% vanaf 15 Desember tot 31 Januarie elke jaar.

### 5.2 Vyf kategorieë van outomatiese uitbreidings

Daar is vyf kategorieë van outomatiese uitbreidings, naamlik Kategorie A tot E hieronder.
Die bedrag wat ons betaal, is verskillend vir elke kategorie en word in die bylae aangedui.

#### 5.2.1 Kategorie A: Outomatiese uitbreidings

Vir die volgende verlies of skade betaal ons die laagste bedrag van:

- Vyf persent van die maksimum dekkingsbedrag vir huisinhoud; of
- R20,000.

##### 5.2.1.1 Persoonlike dokumente indien verloor, gesteel of beskadig deur 'n gebeurtenis wat gedek word

Ons betaal slegs vir die waarde van die materiaal en die arbeidskoste om die dokumente te herstel of te vervang. Ons betaal nie vir die waarde wat die inhoud vir jou het nie.

##### 5.2.1.2 Huishoudelike goedere in die ope lug indien verloor, gesteel of beskadig deur 'n gebeurtenis wat gedek word

Ons betaal slegs as die items ontwerp is om in die ope lug gebruik te word, insluitend tuin- en swembadmeubels en -gereedskap, swembadveiligheidsnette, braaiers, gasbottels en wasgoed. Die verlies, diefstal of skade moet by die huis plaasgevind het.

##### 5.2.1.3 Huisinhoud in transito

Ons betaal vir verlies, diefstal van en skade aan huisinhoud wat in transito is tussen die huis en 'n plek van aankope, herstel, gerestoureer, opgeknap word, of 'n verblyfplek vir vakansiedoeleindes.
Die enigste gebeurtenisse wat vir huisinhoud in transito of vakansieverblyf gedek word, is:

- brand, weerlig, ontploffing;
- botsing of as die voertuig omslaan;
- diefstal of poging daartoe uit 'n onbewaakte voertuig, maar slegs as die inhoud sover moontlik verberg was en daar sigbare, kragdadige en gewelddadige betreding of verlating was.

##### 5.2.1.4 Veeartskoste

Ons betaal veeartskoste vir toevallige liggaamlike besering van jou troeteldiere in 'n padongeluk.

##### 5.2.1.5 Items wat aan gaste in die huis behoort

Ons betaal vir items wat aan gaste in die huis behoort indien die items verloor, gesteel of beskadig word deur 'n gebeurtenis wat gedek word en indien die items nie deur ander versekering gedek word nie. Ons betaal nie vir gaste se SIM-kaarte, kontant en soortgelyke verhandelbare instrumente (soos kontant, tjeks, geskenkbewyse, krediet-, debiet- en kontantkaarte) nie.

#### 5.2.1.6. Tydelike herstelwerk en stappe om groter verlies en skade te voorkom

Ons betaal vir tydelike herstelwerk weens ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word en nodige stappe wat gedoen word om groter verlies en skade aan huisinhoud te voorkom.

### 5.2.2 Kategorie B: Outomatiese uitbreidings

Ons betaal 100% van die maksimum dekkingsbedrag vir die volgende gebeurtenisse:

#### 5.2.2.1. Sterfte weens besering tuis

Indien jy binne 12 maande sterf weens ’n besering wat direk voortspruit uit ’n ongeluk wat in die huis gebeur het, sal ons uitbetaal. Ons betaal slegs as sterfte onafhanklik van enige ander oorsaak plaasgevind het.

#### 5.2.2.2 Kolhou in amateurgholfspel

Indien jy by ’n erkende gholfklub ’n kolhou slaan tydens ’n potjie amateurgholf volgens die erkende spelreëls van die klub, sal ons uitbetaal. Jy moet skriftelike bevestiging deur die sekretaris van die klub aan ons verskaf.

#### 5.2.2.3 Voltal in rolbal

As jy tydens ’n potjie amateur-rolbal by enige erkende rolbalklub, met al agt of nege balle wat tel, in ’n span van twee, drie of vier volgens die reëls speel en ’n voltal behaal, sal ons uitbetaal. Jy moet skriftelike bevestiging deur die sekretaris van die klub aan ons verskaf. Ons betaal slegs een keer vir elke voltal in een potjie rolbal. Hierdie uitbreiding word beperk tot twee voltalle per jaar.

### 5.2.3 Kategorie C: Outomatiese uitbreidings

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die volgende gebeurtenisse:

#### 5.2.3.1 Waterverlies deur lekkasie

Ons betaal vir waterheffings van ’n plaaslike owerheid vir waterverlies deur lekkende pype by die huis, maar slegs as beide die volgende voorwaardes van toepassing is:

- Die watermeterlesing is 50% of meer bo die gemiddelde van jou vorige vier lesings.
- Jy doen onmiddellik stappe om die geaffekteerde pype te herstel wanneer die lekkasie ontdek word (hetsy deur fisiese tekens of ’n abnormaal hoë waterrekening).

Ons betaal nie vir die volgende gebeurtenisse en items nie:

- Meer as twee afsonderlike gebeurtenisse binne ’n tydperk van 12 maande;
- Die herstelkoste van lekkende pype;
- Verlies van water uit lekkende krane, waterverhittingsapparate of sanitêre stelsels, swembadstrukture en inlaat- of uitlaatpype;
- Verlies van water indien die huis vir meer as 60 opeenvolgende dae onbewoon is.

#### 5.2.3.2 Opsporing van ’n lekplek

Ons betaal vir die redelike koste om die bron van ’n water-, gas- of olielek uit ’n vaste huishoudelike water- of verhittingstoestel (soos ’n geiser) op te spoor. Ons betaal ook vir herstel van vloere, mure en plafonne waar skade deur die lekkasie veroorsaak is.

Ons betaal slegs as die eerste teken van die lekkasie ná die begindatum van hierdie afdeling verskyn.

Ons betaal nie vir die volgende nie:

- Die koste om die lekplek te herstel;
- Meer as twee afsonderlike gebeurtenisse binne ’n tydperk van 12 maande.

#### 5.2.3.3 Diefstal uit buitegeboue

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is vir diefstal of poging tot diefstal uit die buitegeboue.

Indien die huis deur jou uitgeleen, verhuur of onderverhuur of met jou gedeel word, en die huis vir meer as 60 opeenvolgende dae in enige kalenderjaar onbewoon is, sal diefstal of poging tot diefstal nie geld nie, tensy ons vooraf skriftelike toestemming gegee het om die dekking te verleng.

Ons betaal vir verlies of skade tot die maksimum dekkingsbedrag vir huisinhoud indien daar kragdadige en geweldadige betreding of verlating was.

#### 5.2.3.4 Skade aan tuine

Ons betaal vir skade aan bome, struike, plante, waterversierings en sprinkelbesproeiingstelsels by die huis indien dit deur enige van die volgende veroorsaak word:

- Brand en ontploffing;
- Weerlig;
- Impak deur voertuie, lugtoestelle (soos satellietskottels) of lugvaartuie en voorwerpe wat daaruit val;
- Aardbewing;
- Kwaadwillige skade;
- Enige persoon wat op 'n noodgeval by die huis reageer.

Indien jy die huurder is, betaal ons vir hierdie skade slegs as jy regtens vir die tuin aanspreeklik is.

#### 5.2.3.5 Verlies of skade veroorsaak deur wilde diere

Ons betaal vir verlies of skade wat deur wilde diere aan jou huisinhoud in die huis veroorsaak word.
Wilde diere is diere wat vry in hul natuurlike omgewing leef en nie op enige wyse ingeperk word nie.

#### 5.2.3.6 Verwydering van bome wat omgeval het

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir koste wat jy aangaan om bome wat omgeval het of enige deel daarvan by die huis te verwyder weens 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word. Ons betaal nie vir die verwydering van bome wat jy self afgekap of laat afkap het nie.

Indien jy die huurder is, betaal ons vir hierdie skade slegs as jy regtens hiervoor aanspreeklik is.

#### 5.2.3.7 Traumaberading

Ons betaal vir traumaberading indien jy die slagoffer is van 'n geweldsdaad of traumatiese ongeluk by die huis of enige ander bewoonde gebou waar jy tydelik bly. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou is ten tyde van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as al hierdie kriteria van toepassing is:

- Die behandeling word deur 'n geregistreerde professionele berader gegee;
- Die behandelingskoste kan nie van enige ander bron verhaal word nie;
- Die geweldsdaad word by die polisie aangemeld.

#### 5.2.3.8 Geld en verhandelbare instrumente

Ons betaal vir die verlies van geld en verhandelbare instrumente uit die huis as gevolg van 'n gebeurtenis wat gedek word. Indien die geld of verhandelbare

instrumente gesteel is, betaal ons slegs as daar kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die huis was.

#### 5.2.3.9 Debiet-, krediet- en SIM-kaarte

Ons betaal vir verlies voortspruitend uit die bedrieglike gebruik van jou debiet-, krediet- of SIM-kaarte deur enigiemand wat nie ’n familielid of lid van jou huishouding is nie. Ons betaal egter slegs as al die volgende voorwaardes nagekom word:

- Jy het die verlies binne 24 uur na die verlies aangemeld by die instelling wat die betrokke kaart aan jou uitgereik het.
- Jy het aan die uitreikingsvoorwaardes van die kaart voldoen.
- Jy het ag geslaan op sekuriteitwaarskuwings wat die kaartuitreiker aan jou en die breë publiek gegee het.
- Die betrokke kaart is jou persoonlike kaart en is nie deur jou werkgewer aan jou uitgereik of gemagtig nie.
- Die koste kan nie van enige ander bron verhaal word nie.

#### 5.2.3.10 Bederf van voedsel

Ons betaal vir kos wat in ’n yskas of vrieskas in die huis weens onklaarraking, toevallige skade of ’n kragonderbreking bederf het. Ons betaal nie indien die rede vir ’n kragonderbreking is dat jy nie jou elektrisiteitsrekening betaal het nie of nie elektrisiteit gekoop het toe dit opgeraak het nie.

#### 5.2.3.11 Mediese uitgawes

Ons betaal vir mediese uitgawes wat jy aangaan as gevolg van toevallige liggaamlike besering van:

- enigiemand anders as jy, wat deur jou troeteldier veroorsaak is;
- ’n gas of besoeker weens ’n defek in die huis of huisinhoud;
- ’n huiswerker in die loop en binne die omvang van hul diens by jou.

Ons betaal slegs vir mediese uitgawes wat nie van enige ander bron verhaal kan word nie.

#### 5.2.3.12 Persoonlike besittings van huiswerkers

Ons betaal vir jou huiswerkers se huisinhoud en persoonlike besittings terwyl dit in die huis is wanneer dit verloor, gesteel of beskadig word deur ’n gebeurtenis wat gedek word.

### 5.2.4 Kategorie D: Outomatiese uitbreidings

Ons betaal vir die volgende gebeurtenisse:

#### 5.2.4.1 Verwydering van puin en wrakstukke

Ons betaal vir die verwydering van puin en wrakstukke van huisinhoud uit die huis na ’n gebeurtenis wat gedek word.

#### 5.2.4.2 Toevallige skade aan spieëlglas of vensterglas

Ons betaal vir toevallige skade aan spieëlglas of vensterglas wat deel van huisinhoud uitmaak. Dit sluit glas in wat deel van die stoof/oond uitmaak waarvoor jy regtens aanspreeklik is (en wat nie elders verseker is nie). Dit sluit glas van enige ander huishoudelike toestelle en rekenaars uit.

#### 5.2.4.3 Brandbestrydingskoste

Ons betaal fooie wat deur brandbestrydingsowerheid gevra word vir die koste om ’n brand te blus nadat brandskade aan die huisinhoud aangerig is, of om meer skade daaraan te verhoed of te verminder.

**5.2.4.4 Slotte en sleutels**

Ons betaal die redelike en nodige koste vir verlies van of skade aan slotte of sleutels vir die huis (insluitend kaartsleutels, afstandbeheertoestelle en die herprogrammering van hierdie toestelle).

**5.2.4.5 Veiligheidswagte**

Ons betaal die redelike en nodige koste om ’n veiligheidswag aan te stel na ’n gebeurtenis wat gedek word. Ons betaal totdat die huis weer beveilig is.

**5.2.4.6 Toevallige skade aan landlyntelefone**

Ons betaal vir toevallige skade aan, insluitend elektriese en meganiese onklaarraking van, landlyntelefone en hul toebehore (soos draagbare fone) by die huis. Die telekommunikasieverskaffer se inruil-regulasies vir fone geld waar prakties.

Ons dek nie kabels en verlengkabels nie.

**5.2.4.7 Huisinhoud in transito vir verandering van vaste adres**

Ons betaal na die volgende gebeurtenisse vir verlies, diefstal van en skade aan huisinhoud wat deur ’n professionele vervoermaatskappy tussen die huis en ’n nuwe, vaste adres vervoer word:

- Brand, weerlig of ontploffing;
- Botsing of as die voertuig omslaan;
- Diefstal of poging daartoe uit ’n onbewaakte voertuig, maar slegs as die inhoud sover moontlik verberg was en daar kragdadige, sigbare en gewelddadige betreding of verlating was.

**5.2.4.8 Toevallige skade aan televisiestelle en aanvullende toerusting**

Ons betaal vir toevallige skade aan ’n televisiestel, video-opnemer, DVD-speler, dekodeerder, Blue Ray-spelers en enige van hul antennes en satellietskottels in die huis. ’n Voorbeeld van toevallige skade is indien die televisiestel laat val of van die tafel afgestamp word. Ons dek nie meganiese of elektriese onklaarraking nie.

**5.2.4.9 Seël-, munt- en medaljeversamelings**

Ons betaal vir seël-, munt- en medaljeversamelings wat verloor, gesteel of beskadig word deur ’n gebeurtenis wat gedek word. Ons betaal slegs op die volgende voorwaardes:

***Perk vir seël- en muntversamelings***

Ons betaal hoogstens 25% van die maksimum dekkingsbedrag ten opsigte van inhoud vir seël- en muntversamelings tesame.

***Vir seëlversamelings***

Ons betaal slegs as een of meer volledige bladsye van die versameling verloor of beskadig word.

Ons betaal die laagste bedrag van:

- Twee derdes van die waarde van ’n seël soos gemeld in die jongste uitgawe van ’n gepubliseerde katalogus ten tyde van die verlies of skade;
- R5,000 vir elke seël.

***Vir munte en medaljes***

Ons betaal die laagste bedrag van:

- Twee derdes van die waarde van ’n munt soos gemeld in die jongste uitgawe van ’n gepubliseerde katalogus ten tyde van die verlies of skade;
- R5,000 vir elke munt of medalje.

Ons betaal glad nie vir huidige munte nie.

### 5.2.5 Kategorie E: Outomatiese uitbreidings

Ons betaal vir die volgende gebeurtenisse:

#### 5.2.5.1 Huisinhoud tydelik weg van die huis

Ons betaal vir huisinhoud wat tydelik weg van die huis is, indien dit gesteel, verloor of beskadig word deur 'n gebeurtenis wat gedek word. Ons betaal vir diefstal of poging tot diefstal slegs as daar kragdadige, sigbare en gewelddadige betreding of verlating van die tydelike verblyfplek was.

Die enigste plekke wat ons dek, is:

- 'n bewoonde privaat woning of mediese fasiliteit;
- 'n losieshuis, hotel, klub, vakansieverblyfplek, skool, studie- of verpleeginrigting waar jy tydelik bly;
- besigheidspersele waar jy werk;
- 'n meubelstoorplek of bankkluis;
- perseel vir skoonmaak, kleur, aanpassing, herstelwerk, opknapping of restourasie.

Ons dek geen plek buite die gebied nie.

#### 5.2.5.2 Huur en alternatiewe verblyf

Ons betaal tot 25% van die maksimum dekkingsbedrag vir huisinhoud.

Ons betaal vir huur en alternatiewe verblyf vir jou en jou troeteldiere indien die huis weens verlies of skade voortspruitend uit 'n gebeurtenis wat gedek word, nie bewoon kan word nie.

Ons betaal die redelike koste wat jy aangaan om te huur of in 'n alternatiewe blyplek te bly, insluitend vir huiswerkers wat gewoonlik by jou woon. Ons betaal ook vir stoorkoste van onbeskadigde items.

Ons betaal slegs so lank as wat dit redelikerwys nodig is om die huis weer bewoonbaar te maak of vaste verblyf elders te kry, wat ook al eerste gebeur.

#### 5.2.5.3 Besigheid bedryf vanaf die huis

Ons betaal die laagste bedrag van:

- 35% van die maksimum dekkingsbedrag vir huisinhoud; of
- R50,000.

Indien jy 'n besigheid vanaf die huis bedryf, betaal ons vir verlies van of skade aan besigheidsgoedere (met uitsluiting van produkte wat jy vervaardig of verkoop).

Die besigheid of beroep moet by die huis bedryf word en jy gebruik die huis hoofsaaklik om daarin te woon. Die besigheid moet nie bed-en-ontbyt- of ander akkommodasie teen vergoeding wees nie. Jou besigheid moet hetsy:

- uit 'n kantoor, spreekkamer of tuisbedryf bestaan; of
- nie meer as twee persone in diens hê nie en die kanse vir verlies van of skade aan die huisinhoud moet nie deur die bedryf van die besigheid vanaf die huis verhoog word nie.

#### 5.2.5.4 Kragstuwing

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir skade aan huisinhoud wat veroorsaak word deur kragstuwings weens toevallige veranderings in die kragtoevoer deur 'n openbare voorsieningsowerheid.

Ons betaal nie vir kragstuwings wat deur jou veroorsaak word omdat jy nie jou elektrisiteitsrekening betaal nie of nie krag koop as dit opgeraak het nie.

Ons behou die reg voor om te vra dat die hoof elektriese verdeelborde van die huis beskerm word deur kragstuwingsbeskermers, weerligafleiers of ander beskermingstoestelle wat volgens die SANS 0142-spesifikasie geïnstalleer is.

## 6. Opsionele uitbreidings van jou dekking vir huisinhoud

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit in die bylae aangedui is. Daar is ekstra premies vir hierdie uitbreidings.

Jy moet ook die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 13 raadpleeg.

### 6.1 Toevallige skade wat nie andersins gedek word nie

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir toevallige skade aan die huisinhoud in die huis wat nie andersins gedek word nie.

Ons betaal nie vir enige van die volgende nie:

a. Verlies van of skade aan die volgende:
   - Gereedskap, tuingereedskap of tuinmeubels;
   - Outomatiese swembadskoonmaaktoerusting;
   - Inhoud van yskaste of vrieskaste;
   - Musiekinstrumente indien die verlies of skade verband hou met die breek van riet, vel of snare;
   - Sporttoerusting;
   - Vuurwapens;
   - Draagbare rekenaartoerusting, selfone, mobiele kommunikasietoerusting, draagbare handfone, video's, oudiokassette, kompakskywe (CD's) of DVD's;
   - Breekbare artikels;

b. Skade wat deur 'n vervaardiger of verskaffer se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak gedek word;

c. Verlies of skade veroorsaak deur horlosies of ander meganiese apparaat te styf op te wen;

d. Kraak, skraap, induik of afsplintering van meubels, glas, glasware, juweliersware of ander soortgelyke breekbare items;

e. Die koste om data en beelde op bande, film, digitale of enige ander medium te reproduseer of te herstel;

f. Waardevermindering van enige aard of weens 'n geleidelik werkende oorsaak of kleur-, skoonmaak- of opknappingsproses;

g. Elektroniese, elektriese en meganiese onklaarraking;

h. Skade wat regstreeks of onregstreeks toe te skryf is aan:
   - Verbouings of opknappings aan of toevoegings tot die huis;
   - Verwering en agteruitgang;
   - Slytasie;
   - Roes;
   - Skimmel;
   - Insekte, parasiete, motte, knaagdiere, goggas, termiete en enige ander huishoudelike peste;
   - Verlies of skade wat deur jou eie troeteldiere veroorsaak word;
   - Gebrekkige ontwerp of vakmanskap of gebruik van instrumente of toerusting op 'n verkeerde wyse, of opsetlike oorlaaiing van 'n masjien;
   - Die skoonmaak-, stoor-, opknappings- of kleurproses;
   - Atmosferiese of klimaatstoestande, of die uitwerking van lig;
   - Konfiskering of aanhouding deur 'n regsproses;
   - Opsetlike kragonderbrekings of belastingafwerping van elektrisiteitstoevoerstelsel;
   - Gevolglike skade van enige aard.

### 6.2 Elektriese en meganiese onklaarraking

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elektriese of meganiese onklaarraking van huisinhoud terwyl dit in die huis is. Ons betaal nie indien die onklaarraking andersins gedek word nie.

Ons betaal nie vir die volgende nie:

a. Verlies van of skade aan enige gereedskap of tuingereedskap;
b. Verlies van of skade aan draagbare rekenaartoerusting of selfoontoestelle;
c. Verlies of skade wat deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak gedek word;
d. Die koste om data en beelde op bande, film, digitale of enige ander medium te reproduseer of te herstel;
e. Verlies van of skade aan binnebrand-enjins of elektriese opwekkers;
f. Versteuring wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit:
   - Gebrekkige ontwerp of vakmanskap of gebruik van instrumente of toerusting op 'n verkeerde wyse, of opsetlike oorlaaiing van 'n masjien;
g. Waardevermindering van enige aard;
h. Skade wat regstreeks of onregstreeks toe te skryf is aan:
   - Verwering en agteruitgang;
   - Roes;
   - Skimmel;
   - Insekte, parasiete, motte, knaagdiere, goggas, termiete en enige ander huishoudelike peste;
   - Verlies of skade wat deur jou eie troeteldiere veroorsaak word.

Versteuring beteken om iets te gebruik op 'n wyse waarvoor dit nie ontwerp is nie en wat tot onklaarraking of verkeerde belyning van dele lei.

### 6.3 Addisionele kragstuwing

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir skade aan huisinhoud wat veroorsaak word deur kragstuwings weens toevallige veranderings in die kragtoevoer deur 'n openbare voorsieningsowerheid.

Ons betaal nie vir kragstuwings wat deur jou veroorsaak word omdat jy nie jou elektrisiteitsrekening betaal nie of nie krag koop as dit opgeraak het nie.

Ons behou die reg voor om te vra dat die hoof elektriese verdeelborde van die huis beskerm word deur kragstuwingsbeskermers, weerligafleiers of ander beskermingstoestelle wat volgens die SANS 0142-spesifikasie geïnstalleer is.

## 7. Hoe ons betaal

Ons kan besluit om een of meer van die volgende te doen:

7.1 Die koste te betaal om die verlies of skade te herstel;
7.2 Die gesteelde, verlore of beskadigde item te vervang;
7.3 Kontant aan jou te betaal vir die gesteelde, verlore of beskadigde item.

# Dekking vir spesifieke items (alle risiko)

## Afdeling F

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir DEKKING VIR SPESIFIEKE ITEMS (ALLE RISIKO). Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.



Huis beteken die adres wat in die bylae onder DEKKING VIR HUISINHOUD aangedui is. In hierdie afdeling beteken gebied enige plek in die wêreld, insluitend in transito op land, see of per lug.

Dekking vir spesifieke items (alle risiko's) verseker jou vir items wat jy moontlik uit die huis sal neem of sal dra terwyl jy uit die huis is, en vir items met 'n hoë waarde. Daar is twee kategorieë van dekking vir spesifieke items (alle risiko): gespesifiseerde items en ongespesifiseerde items.

Gespesifiseerde items beteken items wat individueel in die bylae gelys is. Indien enige van hierdie items by die huis gesteel of beskadig word, sal ons ingevolge hierdie afdeling uitbetaal – nie ingevolge jou DEKKING VIR HUISINHOUD nie.

Ongespesifiseerde items beteken items wat nie individueel in die bylae gelys is nie. Indien enige van hierdie items by die huis gesteel of beskadig word, sal ons ingevolge DEKKING VIR HUISINHOUD uitbetaal – nie ingevolge hierdie afdeling nie. Jy kies 'n maksimum dekkingsbedrag vir ongespesifiseerde items wat jy nie individueel laat dek nie. Indien jy 'n eis het, betaal ons nie meer as 20% van die maksimum dekkingsbedrag, met 'n maksimum perk van R5,000, vir 'n individuele item nie. Enige item bo hierdie limiet moet gespesifiseer wees. Kontant is ook aan 'n maksimum bedrag van R5,000 onderhewig.

### 2. Ongespesifiseerde items

Sluit in:

1. Handsakke, aktetasse en soortgelyke items, asook hul inhoud;
2. Juweliersware en horlosies;
3. Brille, sonbrille en kontaklense;
4. Klere;
5. Items wat jy gewoonlik dra of saamdra, insluitend sportoerusting wat jy besit of regtens voor aanspreeklik is;
6. iPods, MP3-spelers en ander draagbare oudio- en visuele toerusting (soos 'n draagbare DVD-speler en Kindle);
7. Babastootwaentjies en -motorstoeltjies.

### 3. Gespesifiseerde items – Items wat deur ons gedek word slegs as hulle individueel in die bylae gespesifiseer is

Die volgende items word gedek slegs as hulle individueel in die bylae gespesifiseer is. Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit in die bylae aangedui is. Daar is ekstra premies vir hierdie uitbreidings.

3.1 Enige item in die lys hierbo onder Ongespesifiseerde items indien dit teen meer as R5,000 per individuele item gewaardeer word
3.2 Trapfietse;
3.3 Rolstoele, gehoortoestelle;
3.4 Vuurwapens;
3.5 Musiekinstrumente;
3.6 Klankreproduksie- en oudiovisuele toestelle, insluitend toebehore wat in 'n voertuig geïnstalleer is;
3.7 Selfone, slimfone, tweerigting-radio's en ander draagbare kommunikasietoestelle, en al hul bybehore insluitende 3G en sim kaarte;
3.8 Kameras en fotografiese toerusting vir persoonlike en deeltydse inkomste gebruik;
3.9 GPS-toestelle (globale posisioneringstelsel en toebehore);
3.10 Elektroniese speletjies en klank- of oudiovisuele opneemtoerusting, en hul bybehore (soos videoopnemers, 'camcorders', Playstation en Wii);
3.11 Seël- en muntversamelings;
3.12 Kamptoerusting;
3.13 Visvangtoerusting;
3.14 Perdrytoerusting;
3.15 Vlerksweeftuie, valskerms;

3.16 Kano's, seilplanke, branderplanke, duik- en visvangtoerusting, en vlieërborde;
3.17 Woonwa en sleepwa se inhoud, insluitend kampeersleepwaens;
3.18 Walka (hand-TV, klein herlaaibare ligte draagbare toestel);
3.19 Gereedskap, kompakskyf (CD's), DVD's;
3.20 Enige ander item meer spesifiek verseker.

## 4. Ander gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

### 4.1 Diefstal, toevallige verlies en skade

Ons betaal vir diefstal en toevallige verlies van of skade aan:

4.1.1 jou gespesifiseerde items en ongespesifiseerde items;

4.1.2 die gespesifiseerde items en ongespesifiseerde items van ander indien jy regtens vir daardie items aanspreeklik is.

### 4.2 Onbewaakte voertuie

Vir diefstal of toevallige verlies uit 'n onbewaakte motorvoertuig betaal ons slegs as een of beide die volgende van toepassing is:

4.2.1 Daar was sigbare, gewelddadige en kragdadige toegang tot of uitgang uit die geslote kattebak, geslote kajuit of geslote kompartement wat deel uitmaak van 'n geslote motorvoertuig;

4.2.2 Die motorvoertuig was ten tye van die diefstal of verlies in 'n ongeluk betrokke.

### 4.3 Onbewaakte woonwa, sleepwa of vaartuig

Vir diefstal of toevallige verlies uit 'n onbewaakte woonwa, sleepwa of watervaartuig betaal ons slegs as een of beide die volgende van toepassing is:

4.3.1 Daar was sigbare, gewelddadige en kragdadige toegang tot of uitgang uit die woonwa, sleepwa of watervaartuig en alle vensters, deure, bagasiekompartemente en die dak van die woonwa was behoorlik toegemaak en gesluit;

4.3.2 Die woonwa, sleepwa of watervaartuig was ten tye van die diefstal of verlies in 'n ongeluk betrokke.

Ons betaal nie vir verlies of skade wat verband hou met bedrog of oneerlikheid deur enigiemand aan wie jy die woonwa uitleen of verhuur nie.

## 5. Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

### 5.1 Items wat nie gedek word nie

Ons dek nie enige van die volgende nie:

5.1.1 Voertuie, watervaartuie en lugvaartuie;

5.1.2 Draagbare rekenaartoerusting en bybehore (soos skoot- en handpalmrekenaars, iPads en tablette). Hierdie items behoort meer spesifiek onder DEKKING VIR PERSOONLIKE REKENAARTOERUSTING verseker te word.

5.1. 3 Kameras en ander fotografiese toerusting wat vir professionele doeleindes of vergoeding gebruik word. Ons sal hierdie items dek indien jy hulle slegs as 'n stokperdjie of vir deeltydse inkomste gebruik;

5.1.4 Musiekinstrumente en klank- of oudiovisuele toestelle wat vir professionele doeleindes of vergoeding gebruik word. Ons sal hierdie items dek indien jy hulle slegs as 'n stokperdjie of vir deeltydse inkomste gebruik;

5.1.5 Sporttoerusting terwyl dit in gebruik is, behalwe gholfstokke of trapfietse tydens deelname aan sosiale toetsritte. Ons dek jou nie indien jy 'n professionele gholfspeler of fietsryer is nie;

5.1.6 Die volgende items in woonwaens en sleepwaens ten tye van die diefstal, toevallige verlies of skade:

a. Vaste en los toebehore;
b. Sytente;
c. Kontant;
d. Juweliersware en horlosies;
e. Gereedskap, goedere en monsters met betrekking tot enige handel of besigheid.

### 5.2 Gebeurtenisse wat nie gedek word nie

Ons betaal nie vir verlies of skade wat met enige van die volgende verband hou nie:

5.2.1 Afsplintering, skrape of duike, tensy dit veroorsaak word deur skade wat wel deur ons gedek word in hierdie afdeling;

5.2.2 Glas, glasware of 'n ander breekbare artikel wat gekraak het of skrape opgedoen het, tensy dit deur diefstal of brand veroorsaak is;

5.2.3 Aanpassing, herstel, onderhoud, versiering, restourasie of opknapping;

5.2.4 Enigiets wat deur 'n waarborg, dienskontrak of enige ander tipe koopkontrak gedek word;

5.2.5 Gebrekkige ontwerp of materiaal;

5.2.6 Die koste om klank, data of beelde op bande, film of 'n digitale of ander medium te reproduseer;

5.2.7 Eiendom wat spesifiek gekoop word om in 'n saketransaksie te verkoop;

5.2.8 Versteuring van vuurwapens (Versteuring beteken om iets te gebruik op 'n wyse waarvoor dit nie ontwerp is nie en wat tot onklaarraking of verkeerde (opstelling)belyning van dele lei);

5.2.9 'n Gebeurtenis by die huis indien die huis vir minstens 60 opeenvolgende dae in die 12-maandetydperk voor die gebeurtenis onbewoon gelaat word. Ons het die reg om in te stem om hierdie tydperk te verleng. Jou bylae sal aandui of ons ingestem het om hierdie tydperk te verleng.

## 6. Voorwaardes wat spesifiek op jou Dekking vir spesifieke items (alle risiko's) betrekking het

Hierdie voorwaardes geld benewens die Algemene bepalings en voorwaardes op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis. Ons betaal nie vir enige verlies, diefstal of skade nie, tensy die relevante voorwaardes nagekom word.

### 6.1 Dek jou spesifieke items vir hul vervangingswaarde

Dit is jou verantwoordelikheid om dekking vir die nuut vervangingskoste van jou items te kry. Indien die maksimum dekkingsbedrag ten tye van 'n eis minder as die nuut vervangingskoste is, sal ons die maksimum dekkingsbedrag of minder betaal indien die item teen minder vervang kan word.

### 6.2 Horlosies en juweliersware

***Hou horlosies en juweliersware in 'n kluis***

Jy waarborg dat jy alle juweliersware en horlosies wat jy nie as deel van jou daaglikse roetine dra nie en wat 'n waarde van meer as R10,000 per item het, bewaar in 'n kluis wat gesluit en versteek is. Dit sluit in horlosies, edelstene en items wat van platinum, goud en silwer gemaak is. Die kluis moet behoorlik aan die muur of vloer geheg wees.

Indien jy tydelik elders bly, geld hierdie voorwaarde ook vir daardie perseel in soverre 'n kluis op daardie perseel beskikbaar is.

***'n Waardasiesertifikaat***

Jy moet vir ons 'n waardasiesertifikaat stuur wat deur 'n professionele juwelier uitgereik is en die toestand van alle knippies, skakels en kloutjies en die waarde van die juweliersware of horlosie beskryf. Die sertifikaat moet minder as drie jaar oud wees en gedateer wees voor die datum van die verlies of skade. Ons betaal óf:

- die waarde op die sertifikaat indien dit gelyk aan of laer as die maksimum dekkingsbedrag vir die item is; óf
- die maksimum dekkingsbedrag indien die waarde op die sertifikaat hoër as die maksimum dekkingsbedrag is.

Indien jy nie die waardasiesertifikaat of koopbewys kan verskaf nie, betaal ons die nuut vervangingswaarde of herstelkoste maar nie meer as 25% van die waarde waarvoor jy die item verseker het nie.

### 6.3 Vuurwapens

Jy waarborg dat jy te alle tye en in alle plekke aan die wetlike vereistes vir die besit, gebruik en veilige bewaring van 'n vuurwapen sal voldoen. Jy moet vuurwapens wat jy nie gebruik nie, hou in 'n kluis wat gesluit en versteek is. Die kluis moet behoorlik aan die muur of vloer geheg wees.

Hierdie voorwaarde geld ook terwyl vuurwapens op 'n ander plek is waar jy tydelik (mag) kan bly.

### 6.4 Items in veilige bewaringskluisfasiliteite

Indien 'n gelyste item in die bylae aangedui word as 'n item wat in 'n veilige bewaringskluisfasiliteit bewaar word, geld die dekking ingevolge hierdie afdeling slegs terwyl die item in daardie fasiliteit bewaar word. 'n Veilige bewaringkluisfasiliteit sluit 'n bankkluis in.

### 6.5 Pare en stelle

Ons betaal nie vir die spesiale waarde wat 'n paar of stel sou kon hê nie. Indien een item van 'n paar of stel gesteel, verloor of beskadig word, betaal ons slegs vir daardie item.

### 6.6 Trapfietse

Ons betaal vir skade aan trapfietse wat deur wedrenne, pasaangee en proefritte veroorsaak word, maar nie indien dit om professionele redes gedoen word nie.

Wanneer 'n trapfiets nie by die huis is nie en terwyl jy dit nie gebruik nie, moet jy die fiets en sy bybehore met 'n veiligheidstoestel vasgesluit hou aan:

a. 'n permanente vaste struktuur; of
b. 'n drarak wat aan jou motorvoertuig geheg is.

As jy dit nie doen nie, betaal ons nie vir verlies van of skade aan hierdie item nie.

### 6.7 Rolstoele

Ons betaal vir skade aan rolstoele wat deur wedrenne, pasaangee en proefritte veroorsaak word.

Wanneer 'n rolstoel nie by die huis is nie en terwyl jy dit nie gebruik nie, moet jy die rolstoel en sy bybehore met 'n veiligheidstoestel vasgesluit hou aan:

a. 'n permanente vaste struktuur; of
b. 'n drarak wat aan jou motorvoertuig geheg is.

As jy dit nie doen nie, betaal ons nie vir verlies van of skade aan hierdie item nie.

### 6.8 Inhoud van woonwaens en sleepwaens

Ons sal vir die inhoud van woonwaens en kampeersleepwaens betaal indien dit in die bylae gespesifiseer is. Ons dek jou versekerde item terwyl dit in die woonwa, kampeersleepwa of in 'n aangehegte tent is.

Ons dek nie die volgende nie:

a. Diefstal van 'n versekerde item terwyl die woonwa en aangehegte tent onbewaak is, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang is;
b. Diefstal van 'n versekerde item terwyl die kampeersleepwa of sleepwa en aangehegte tente onbewaak is, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang is;
c. Vaste toebehore van die woonwa, kampeersleepwa of sleepwa. Vaste toebehore is items waarmee die vervaardiger van die woonwa of kampeersleepwa dit toegerus het;
4. Verlies of skade veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid van 'n persoon wat die woonwa of sleepwa geleen of gehuur het;
5. Die bepalings en voorwaardes wat ons onder *Gebeurtenisse wat ons nie dek nie* in hierdie afdeling meld, geld ook vir die inhoud van woonwaens, kampeersleepwaens, sleepwaens en aangehegte tente.

### 6.9 Perdrytoerusting

Indien die perdrytoerusting nie by die huis gestoor word nie, sal ons vir diefstal betaal slegs as daar gewelddadige en kragdadige betreding of verlating van die perseel was waar dit gehou word.

### 6.10 Seël-, medalje- en muntversamelings

***Seëls***

Indien 'n seëlversameling in die bylae gespesifiseer is, betaal ons slegs as een of meer volledige bladsye van die versameling gesteel, verloor of beskadig word.

Ons betaal die laagste bedrag van:

- die waarde van 'n seël soos gemeld in die jongste uitgawe van 'n gepubliseerde katalogus ten tye van die verlies of skade; of
- die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.

***Munte en medaljes***

Indien 'n munt- of medaljeversameling in die bylae gespesifiseer is, betaal ons die laagste bedrag van:

- die waarde van 'n munt soos gemeld in die jongste uitgawe van 'n gepubliseerde katalogus ten tye van die verlies of skade; of
- die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.

Ons betaal glad nie vir huidige munte nie.

### 6.11 Musiekinstrumente

Ons betaal vir diefstal, verlies of skade terwyl musiekinstrumente in transito is in 'n voertuig. Jy moet die voorwaardes vir items in 'n onbewaakte voertuig, woonwa of sleepwa in paragrawe 4.2 and 4.3 hierbo nagaan. Indien die musiekinstrument nie in die huis is nie, betaal ons nie vir verlies of skade wat veroorsaak word deur iemand wat met of sonder jou toestemming met die musiekinstrument peuter nie, ongeag of dit in jou teenwoordigheid is of wanneer die musiekinstrument onbewaak gelaat word.

Ons betaal nie vir gebreekte snare, riet of tromvelle nie.

### 6.12 Oproer en stakings buite Suid-Afrika en Namibië

Waarvoor jy gedek word

Volgens hierdie uitbreiding betaal ons vir verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur:

a. burgerlike oproer, arbeidsonrus, onluste, stakings of uitsluitings wat buite Suid-Afrika en Namibië voorkom;
b. die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking of hantering op enige ander wyse van voorvalle waarna in (1) hierbo verwys word.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

a. Verlies van of skade aan eiendom wat binne Suid-Afrika of Namibië voorkom;
b. Gevolglike verlies of skade;
c. Die totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging, onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid;
d. Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;
e. Verlies of skade in verband met of veroorsaak deur 'n voorval waarna in die algemene bepalings en voorwaardes verwys word.

Indien ons meld dat verlies of skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan.

## 7. Hoe ons betaal

Ons kan besluit om een of meer van die volgende te doen:

7.1 Die koste te betaal om die verlies of skade te herstel;
7.2 Die gesteelde, verlore of beskadigde item te vervang;
7.3 Kontant te betaal vir die gesteelde, verlore of beskadigde item.

# Dekking vir persoonlike rekenaartoerusting
## Afdeling G



### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir DEKKING VIR PERSOONLIKE REKENAARTOERUSTING. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.

Items beteken gespesifiseerde elektroniese dataverwerkingstoerusting en kopiereg-sagteware wat aan jou behoort of waarvoor jy aanspreeklik is. Dit sluit rekenaars, draagbare rekenaartoerusting en bybehore, skootrekenaars, handpalmrekenaars, iPads, tablette, Drifta (mobiele dekodeerder), drukkers, skandeerders en soortgelyke toerusting in. Die items waarvoor jy gedek word, sal in die bylae aangedui wees.

### 2. Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Verlies van of skade aan die items weens enige oorsaak, tensy dit deur hierdie afdeling uitgesluit word. In hierdie afdeling beteken gebied enige plek in die wêreld, insluitend in transito op land, see of per lug. Sien *Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* hieronder.

#### 2.1 Onbewaakte voertuie

Vir diefstal of toevallige verlies uit ’n onbewaakte motorvoertuig betaal ons slegs as een of beide die volgende van toepassing is:

2.1.1 Daar was sigbare, gewelddadige en kragdadige toegang tot of uitgang uit die geslote kattebak, geslote kajuit of geslote kompartement wat deel uitmaak van ’n geslote motorvoertuig;

2.1.2 Die motorvoertuig was ten tye van die diefstal of verlies in ’n ongeluk betrokke.

#### 2.2 Onbewaakte woonwa, sleepwa of vaartuig

Vir diefstal of toevallige verlies uit ’n onbewaakte woonwa, sleepwa of watervaartuig betaal ons slegs as een of beide die volgende van toepassing is:

2.2.1 Daar was sigbare, gewelddadige en kragdadige toegang tot of uitgang uit die woonwa, sleepwa of watervaartuig en alle vensters, deure, bagasiekompartemente en die dak van die woonwa was behoorlik toegemaak en gesluit.

2.2.2 Die woonwa, sleepwa of watervaartuig was ten tye van die diefstal of verlies in ’n ongeluk betrokke.

Ons betaal nie vir verlies of skade wat verband hou met bedrog of oneerlikheid deur enigiemand aan wie jy die woonwa uitleen of verhuur nie.

### 3. Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

Ons betaal nie vir die volgende nie:

3.1 Dataverlies weens programfoute, virusse, verkeerde invoer of kansellasie of die korruptering van data;

3.2 Die koste van enige wysiging, toevoeging, verbetering of instandhouding opknapping ten tye van die herstel;

3.3 Tydelike herstelwerk wat ekstra verlies of skade veroorsaak;

3.4 Verlies of skade:

a. waarvoor in ’n onderhouds- of bruikhuurooreenkoms voorsiening gemaak word;

b. wat veroorsaak word deur slytasie of geleidelik werkende oorsake, wat lei tot die ontstaan van swak kontakpunte of skrape aan geverfde of gepoleerde oppervlakke;

3.5 Onderdele met ’n kort lewensduur;

3.6 Verlies van gebruik van die items of gevolglike verlies, skade of ander aanspreeklikheid van enige ander aard as verliese wat spesifiek in hierdie afdeling gedek word – byvoorbeeld as jy nie ’n werksperdatum kan haal nie;

3.7 Diefstal of toevalliges verlies uit ‘n onbewaakte motorvoertuig, woonwa, sleepwa of watervaartuig. Jy moet die kondisies nagegaan vir items in ‘n onbewaakte motorvoertuig, woonwa, sleepwa of watervaartuig in paragraaf 2.2.1 en 2.2.2 hierbo:

3.8 ’n Gebeurtenis by die onbewaakte huis indien die huis vir minstens 60 opeenvolgende dae in die 12-maandetydperk voor die gebeurtenis onbewoon was. Ons het die reg om in te stem om hierdie tydperk te verleng. Jou bylae sal aandui of ons ingestem het om hierdie tydperk te verleng.

## 4. Dek persoonlike rekenaartoerusting vir vervangingswaarde (eweredigheidsbeginsel)

Dit is jou verantwoordelikheid om dekking vir die volle vervangingswaarde van jou items te kry. Die vervangingswaarde is die bedrag wat nodig is om jou versekerde item deur ’n soortgelyke nuwe item te vervang. Indien ons ten tyde van die verlies of skade of eis bepaal dat die maksimum dekkingsbedrag minder as die vervangingswaarde is, beteken dit dat jy onderverseker is en dat ons nie die volle bedrag van die verlies of skade sal betaal nie. Ons betaal die persentasie dekking wat jy gekoop het en jy sal jou eie versekeraar wees vir die verskil. Die oorblywende deel vir ’n proporsionele deel van die verlies of skade is jou verantwoordelikheid.

## 5. Opsionele uitbreiding van dekking vir persoonlike rekenaartoerusting

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit in die bylae aangedui is. ’n Ekstra premie is betaalbaar vir hierdie uitbreiding.

### 5.1 Herstel van data

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir koste en uitgawes wat nodig is en redelikerwys aangegaan word om weer data en/of programme saam te stel wat op datadraende media opgeneem is, indien dit as gevolg van ’n ongeluk verloor is.

Ons dek nie koste en uitgawes wat aangegaan word weens programfoute, virusse, verkeerde invoer of kansellasie of die korruptering van data nie.

Die dekking is slegs beskikbaar vir skootrekenaars en tafelrekenaars.

## 6. Hoe ons betaal

### 6.1 Vir gedeeltelike verlies van of skade aan die item

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die noodsaaklike en redelike koste en uitgawes aangegaan om die beskadigde items te herstel tot hul werkende toestand onmiddellik voordat hulle beskadig is, met dien verstande dat:

6.1.1 ons die waarde van onderdele wat enigsins gebruik kan word, sal aftrek van wat ons betaal;

6.1.2 ons die koste sal betaal van enige tydelike herstelwerk wat jy sonder ons toestemming uitvoer in belang van veiligheid of met die doel om verdere verlies of skade aan die item tot die minimum te beperk. Indien hierdie tydelike herstelwerk addisionele verlies of skade veroorsaak, sal die gevolge, insluitend enige addisionele koste, vir jou rekening wees;

6.1.3 Waar die verlies of skade beperk is tot ’n deel of dele van ’n item wat gedek word, betaal ons slegs vir die koste van die deel of dele wat verloor of beskadig is.

### 6.2 Vir totale verlies van of skade aan die item

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die nuwe vervangingswaarde van die item, mits:

6.2.1 jy die item deur ’n nuwe item met gelyke werkverrigting of kapasiteit, of albei, vervang. Indien dit onmoontlik is, moet jy dit deur ’n nuwe item met die naaste werkverrigting of kapasiteit vervang. Ons betaal vir die versendingskoste en doeaneregte;

6.2.2 jy die item so gou en ekonomies as moontlik vervang;

6.2.3 jy seker maak dat jy jou dekking met besonderhede van die nuwe item bywerk. Indien jy nie jou dekking bywerk nie, betaal ons slegs tot die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is. Dit beteken ons sal slegs die waarde van die ou item betaal, selfs al word die nuwe item verloor of beskadig.

# Motorvoertuigdekking
## Afdeling H

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het



Die volgende omskrywings geld slegs vir MOTORVOERTUIGDEKKING. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.

Die motorvoertuig beteken die voertuig wat in die bylae aangedui word wat deur jou besit, gehuur of gebruikhuur word, en dit sluit in:

1. ’n voertuig wat jy tydelik gebruik terwyl jou eie voertuig opgeknap, versien of herstel word (maar slegs tot die maksimum dekkingsbedrag vir jou eie voertuig soos gespesifiseer in die bylae);
2. standaard fabrieksgemonteerde bybehore, gereedskap en onderdele wanneer hulle in of op die voertuig is.

Die tipes voertuie wat gedek word, sluit in:

1. ’n Motorvoertuig wat vir privaat doeleindes gebruik word, insluitend minibusse, sportnutsvoertuie, stasiewaens, selfaangedrewe motorwoonwaens en passasiersvoertuie met sitplek vir maksimum 10 persone, insluitend die bestuurder, met ’n bruto voertuigmassa van hoogstens 3,500 kg;
2. Ligte afleweringsvoertuie met ’n bruto voertuigmassa van hoogstens 3,500 kg (insluitend dubbelkajuit, paneelwa, ‘club cab’, 4x2 en 4x4 voertuie);
3. Motorfietse, bromponies, veld- of vierwielmotorfietse (met of sonder syspan, en drie- of vierwiel aangedrewe);
4. Woonwaens en sleepwaens wat nie selfaangedrewe is nie maar ontwerp is om gesleep te word deur ’n selfaangedrewe voertuig (insluitend permanente los en vaste bybehore);
5. Trekker-grassnyers, gholfkarretjies, parallelle tweewiel-staanfietse (soos Sedgway) en staan- romponies.

Ooreengekome waarde word gewoonlik gebruik vir ’n spesiale klas voertuig (soos versamelaarsvoertuie, veteraanmotors, ingevoerde sportmotors en ou voertuie).

Dit is die gespesifiseerde waarde wat jy kies waarteen jy die voertuig wil verseker, met inbegrip van fabrieksgemonteerde bybehore. Jy moet egter bewys van waardasie (ingenieursverslag) van die voertuig se waarde vanaf ’n betroubare motorhandelaar aan ons verskaf voordat jy die voertuig verseker. Die waardasie moet op die begindatum van dekking deur hierdie afdeling nie ouer as 12 maande wees nie. Bybehore wat toegevoeg is nadat die voertuig vervaardig is, moet ook by hierdie waardasie (ingenieursverslag) ingesluit wees. Jy moet die besonderhede van al die bybehore op die lys, en die waarde daarvan, individueel spesifiseer. Indien die toestand van die voertuig ná die waardasie vir die ooreengekome waarde maar voor ’n verlies agteruitgaan, kan die bedrag wat ons ten tye van die eis betaal, laer wees.

Jy moet elke jaar nuwe waardasies kry en teen nie later nie as die eerste dag van die verjaardagdatum van jou polis aan ons verskaf. Indien ons nie hierdie waardasie wat die waarde bevestig teen die verjaardagdatum ontvang nie, sal jou polis met die onveranderde ooreengekome waarde hernu word.

Herverkoopswaarde beteken die redelike waarde of prys waarvoor ’n motorhandelaar die voertuig sal verkoop, met inbegrip van fabrieksgemonteerde bybehore. Die herverkoopswaarde berus op die waarde soos aangedui in die Mead & McGrouther Auto Guide (of in ’n erkende en huidige motorhandelspublikasie). Die voertuig se ouderdom, toestand en kilometerlesings kan moontlik die waarde daarvan ten tye van die verlies beïnvloed.

Die volgende items maak nie deel uit van die herverkoopswaarde nie. Hulle moet afsonderlik onder opsionele uitbreidings gespesifiseer word. Jy moet seker maak dat die waarde van hierdie ekstra bybehore akkuraat en bygewerk is:

1. Enige bybehore of ekstras wat bygevoeg is nadat die voertuig vervaardig is, moet apart benewens die herverkoopswaarde gespesifiseer word;
2. Kredietekort moet afsonderlik gespesifiseer word in terme van die uitstaande saldo op die voertuig.

Herverkoopswaarde is nie op motorfietse, vierwielmotorfietse, woonwaens en sleepwaens van toepassing nie.

Besering beteken liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, eksterne en sigbare wyse deur 'n ongeluk veroorsaak word.

## 2. Kategorieë vir die gebruik van die voertuig

Dit is 'n persoonlike versekeringspolis. Die doel is om jou vir persoonlike gebruik van jou voertuig te dek. Ons laat egter wel ekstra gebruike vir professionele en besigheidsdoeleindes toe.
Jy moet ook die *Algemene terme en voorwaardes* op bladsye 5 tot 14 leees van die polis, en die *Algemene gebeure en items wat nie gedek is nie* op bladsye 12 tot 14.

### 2.1 Die gebruiksklas waarvoor jy gedek word

Jy word slegs gedek vir die gebruiksklas wat in jou bylae aangedui is, insluitend vir enige buurtwag-groep of 'n soortgelyke vrywilliger-organisasie sonder winsbejag.

**Daar is drie gebruiksklasse:**

a. Privaat gebruik alleenlik;
b. Privaat en beperkte professionele en besigheidsgebruik;
c. Privaat, professionele en volle besigheidsgebruik.

### 2.2 Waarvoor jy die voertuig mag gebruik

| Privaat gebruik alleenlik | Privaat en beperkte professionele en besigheidsgebruik | Privaat, professionele en volle besigheidsgebruik |
|---|---|---|
| **Gebruik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes alleenlik.**<br><br>Hierdie gebruiksklas is bedoel vir persone wat die voertuig vir huishoudelike ontspanningsaktiwiteite gebruik, naweke en vakansies weggaan en kinders by die skool gaan haal, en sluit gebruik deur pensioenarisse en huisvroue in.<br><br>Jy mag nie die voertuig vir enige werkverwante aktiwiteite gebruik nie. | **Sosiale en huishoudelike gebruik, plesier en professionele gebruik, insluitend reis tussen jou huis en jou vaste werkplek of plek waar jy studeer of jou beroep beoefen.**<br><br>Hierdie gebruiksklas is bedoel vir persone wat meestal in 'n kantoor werk en die voertuig vir hoogstens 'n derde van hul totale weeklikse gebruik vir die bywoning van vergaderings elders gebruik. Dit sluit in: rekenmeesters, boekhouers, prokureurs, dokters, aktuarisse en argitekte.<br><br>Indien jy die voertuig meer dikwels vir professionele en besigheidsdoeleindes wil gebruik, moet jy dekking onder Privaat, professionele en volle besigheidsgebruik aangaan.<br><br>Deel van voertuie, aanvaarding van betaling om passasiers vir sosiale doeleindes of pendel geleenthede te gee, word nie uitgesluit nie mits beide voorwaardes hieronder nagekom word:<br>• Die passasiers word nie vervoer in die loop van 'n passasiersvervoer-besigheid nie;<br>• Die totale betaling kom nie neer op wins nie. | **Sosiale en huishoudelike gebruik, plesier, professionele en volle besigheidsgebruik, insluitend reis tussen jou huis en jou vaste werkplek of plek waar jy studeer of jou beroep beoefen.**<br><br>Hierdie gebruiksklas is bedoel vir persone wat die voertuig vir meer as 'n derde van hul totale weeklikse gebruik vir besigheidsdoeleindes gebruik. Dit sluit in: verteenwoordigers, ander verkoopspersone, landmeters, assessors, privaat speurders, dokters, argitekte, rekenmeesters.<br><br>Deel van voertuie, aanvaarding van betaling om passasiers vir sosiale doeleindes te vervoer of pendelgeleenthede te gee, word nie uitgesluit nie mits beide voorwaardes hieronder nagekom word:<br>• Die passasiers word nie vervoer in die loop van 'n passasiersvervoer-besigheid nie;<br>• Die totale betaling kom nie neer op wins nie. |

## 2.3 Waarvoor jy die voertuig nie mag gebruik nie

| Privaat gebruik alleenlik | Privaat en beperkte professionele en besigheidsgebruik | Privaat, professionele en volle besigheidsgebruik |
|---|---|---|
| 1. Reis tussen jou huis en jou werkplek of besigheid of professionele gebruik van enige aard.<br>2. Verhuring teen vergoeding.<br>3. Vervoer van goedere vir herverkoop of teen vergoeding.<br>4. Vervoer van reisgeldbetalende passasiers.<br>5. Koerierdienste.<br>6. Kommersiële reis.<br>7. Verkoop van produkte of dienste.<br>8. Bestuurslesse teen vergoeding.<br>9. Renne, snelheids- of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse of gebruik op enige renbaan, hetsy by ’n georganiseerde geleentheid of nie.<br>10. Enige doel in verband met die motorhandel. Ons betaal egter wel vir besering, verlies of skade terwyl die voertuig onder toesig of beheer van ’n lid van die motorhandel is vir opknapping, instandhouding, versiening of herstelwerk.<br>11. Insleep teen beloning.<br>12. Enige doel op die lugverkeerkant van ’n lughawe of aanloopbaan. | 1. Verhuring teen vergoeding.<br>2. Vervoer van goedere vir herverkoop of teen vergoeding.<br>3. Vervoer van reisgeldbetalende passasiers.<br>4. Koerierdienste.<br>5. Kommersiële reis<br>6. Verkoop van produkte of dienste.<br>7. Bestuurslesse teen vergoeding.<br>8. Renne, snelheids- of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse of gebruik op enige renbaan, hetsy by ’n georganiseerde geleentheid of nie.<br>9. Enige doel in verband met die motorhandel. Ons betaal egter wel vir besering, verlies of skade terwyl die voertuig onder toesig of beheer van ’n lid van die motorhandel is vir opknapping, instandhouding, versiening of herstelwerk.<br>10. Enige doel op die lugverkeerkant van ’n lughawe of aanloopbaan.<br>11. Insleep teen beloning. | 1. Verhuring teen vergoeding.<br>2. Vervoer van goedere vir herverkoop of teen vergoeding.<br>3. Vervoer van reisgeldbetalende passasiers.<br>4. Koerierdienste.<br>5. Kommersiële reis.<br>6. Bestuurslesse teen vergoeding.<br>7. Renne, snelheids- of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse of gebruik op enige renbaan, hetsy by ’n georganiseerde geleentheid of nie.<br>8. Enige doel in verband met die motorhandel. Ons betaal egter wel vir besering, verlies of skade terwyl die voertuig onder toesig of beheer van ’n lid van die motorhandel is vir opknapping, instandhouding, versiening of herstelwerk.<br>9. Enige doel op die lugverkeerkant van ’n lughawe of aanloopbaan.<br>10. Insleep teen beloning. |

## 3. Tipes dekking

Die tipe dekking wat jy kies, bepaal vir watter gebeurtenisse en items jy dekking het, en watter uitgebreide dekking jy het.

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.1 Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word** | | | |
| As jy hierdie dekking gekoop het, betaal ons indien die voertuig of 'n deel daarvan verloor, gesteel of beskadig word deur 'n ongeluk, brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing. Dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens aanspreeklik word teenoor 'n derde party, indien die regsverantwoordelikheid (aanspreeklikheid) met die voertuig verband hou. | As jy hierdie dekking gekoop het, betaal ons indien die voertuig of 'n deel daarvan beskadig word deur 'n ongeluk, brand, selfontbranding, weerlig, ontploffing of poging tot diefstal. Dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens aanspreeklik word teenoor 'n derde party, indien die regsverantwoordelikheid (aanspreeklikheid) met die voertuig verband hou.<br><br>Dekking word uitgesluit indien die voertuig gesteel of gekaap word.<br><br>Hierdie dekking is slegs vir motors en ligte afleweringsvoertuie beskikbaar. | As jy hierdie dekking gekoop het, betaal ons indien die voertuig of 'n deel daarvan gesteel of beskadig word deur brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing. Dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens aanspreeklik word teenoor 'n derde party, indien die regsverantwoordelikheid (aanspreeklikheid) met die voertuig verband hou. | As jy hierdie dekking gekoop het, betaal ons tot die maksimum dekkingsbedrag vir bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik word vir betaling ten opsigte van besering en toevallige verlies of skade aan 'n derde party. |
| **3.2 Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie** | | | |
| Ons betaal nie vir die volgende nie:<br>1. Kwaadwillige skade aan bande.<br>2. Skade aan bande wat veroorsaak word deur te rem, of as 'n band bars of lek of 'n sny opdoen.<br>3. Skade aan vering en skokbrekers as gevolg van 'n ongelyk padoppervlak, tensy daar verwante skade aan die wiel(e) is.<br>4. Verlies van die voertuig weens 'n bedrieglike koop- of verkooptransaksie. | Ons betaal nie vir die volgende nie:<br>1. Kwaadwillige skade aan bande.<br>2. Skade aan bande wat veroorsaak word deur te rem, of as 'n band bars of lek of 'n sny opdoen.<br>3. Skade aan vering en skokbrekers as gevolg van 'n ongelyk padoppervlak, tensy daar verwante skade aan die wiel(e) is.<br>4. Verlies van die voertuig weens 'n bedrieglike koop- of verkooptransaksie. | Ons betaal nie vir die volgende nie:<br>1. Kwaadwillige skade aan bande.<br>2. Skade aan bande wat veroorsaak word deur te rem, of as 'n band bars of lek of 'n sny opdoen.<br>3. Skade aan vering en skokbrekers as gevolg van 'n ongelyk padoppervlak, tensy daar verwante skade aan die wiel(e) is.<br>4. Verlies van die voertuig weens 'n bedrieglike koop- of verkooptransaksie. | |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.3 Regsaanpreeklikheid aan derde partye** | | | |
| As jy aan al die voorwaardes van hierdie polis voldoen het, betaal ons tot die maksimum dekkingsbedrag vir bedrae waarvoor jy regtens verantwoordelik (aanspreeklik) word vir betaling aan 'n derde party ten opsigte van:<br>a. besering (wat toevallige sterfte of liggaamlike besering van enige persoon beteken);<br>b. skade (wat toevallige verlies van of skade aan eiendom beteken). Ons betaal slegs vir koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan.<br>1. Indien jy die voertuig gebruik om 'n ander voertuig of sleepwa te sleep, word aanspreeklikheid vir derdeparty-skade gedek. Ons is egter nie aanspreeklik vir skade wat aan die gesleepte voertuig of sleepwa veroorsaak word of vir enige items in of op die gesleepte voertuig of sleepwa nie.<br>2. Indien jy 'n voertuig gebruik wat jy nie besit, huur of bruikhuur ingevolge 'n afbetalings-verkoop- of bruik-huurooreenkoms nie, sal ons nie regtens verantwoordelik (aanspreeklik) wees vir skade aan die voertuig nie. | As jy aan al die voorwaardes van hierdie polis voldoen het, betaal ons tot die maksimum dekkingsbedrag vir bedrae waarvoor jy regtens verantwoordelik (aanspreeklik) word vir betaling aan 'n derde party ten opsigte van:<br>a. besering (wat toevallige sterfte of liggaamlike besering van enige persoon beteken);<br>b. skade (wat toevallige verlies van of skade aan eiendom beteken). Ons betaal slegs vir koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan.<br>1. Indien jy 'n voertuig gebruik wat jy nie besit, huur of bruikhuur ingevolge 'n afbetalingsverkoop- of bruikhuur-ooreenkoms nie, sal ons nie regtens verantwoordelik (aanspreeklik) wees vir skade aan die voertuig nie.<br>2. Ons kan, maar ons is nie verplig om te betaal nie vir koste sodat jy by 'n ondersoek of nadoodse ondersoek verteenwoordig word, of vir die verdediging van 'n strafsaak in 'n landdroshof. | As jy aan al die voorwaardes van hierdie polis voldoen het, betaal ons tot die maksimum dekkingsbedrag vir bedrae waarvoor jy regtens verantwoordelik (aanspreeklik) word vir betaling aan 'n derde party ten opsigte van:<br>a. besering (wat toevallige sterfte of liggaamlike besering van enige persoon beteken);<br>b. skade (wat toevallige verlies van of skade aan eiendom beteken). Ons betaal slegs vir koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan.<br>1. Indien jy 'n voertuig gebruik wat jy nie besit, huur of bruikhuur ingevolge 'n afbetalingsverkoop- of bruikhuur-ooreenkoms nie, sal ons nie regtens verantwoordelik (aanspreeklik) wees vir skade aan die voertuig nie.<br>2. Ons kan, maar ons is nie verplig om te betaal nie vir koste sodat jy by 'n ondersoek of nadoodse ondersoek verteenwoordig word, of vir die verdediging van 'n strafsaak in 'n landdroshof. | As jy aan al die voorwaardes van hierdie polis voldoen het, betaal ons tot die maksimum dekkingsbedrag vir bedrae waarvoor jy regtens verantwoordelik (aanspreeklik) word vir betaling aan 'n derde party ten opsigte van:<br>a. besering (wat toevallige sterfte of liggaamlike besering van enige persoon beteken);<br>b. skade (wat toevallige verlies van of skade aan eiendom beteken). Ons betaal slegs vir koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan.<br>1. Indien jy 'n voertuig gebruik wat jy nie besit, huur of bruikhuur ingevolge 'n afbetalingsverkoop- of bruikhuur-ooreenkoms nie, sal ons nie regtens verantwoordelik (aanspreeklik) wees vir skade aan die voertuig nie.<br>2. Ons kan, maar ons is nie verplig om te betaal nie vir koste sodat jy by 'n ondersoek of nadoodse ondersoek verteenwoordig word, of vir die verdediging van 'n strafsaak in 'n landdroshof. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| 3. Ons kan, maar ons is nie verplig om te betaal nie vir koste sodat jy by 'n ondersoek of nadoodse ondersoek verteenwoordig word, of vir die verdediging van 'n strafsaak in 'n landdroshof.<br>4. Indien 'n ander persoon die voertuig gebruik, maar slegs as daardie persoon aan al die volgende voorwaardes voldoen:<br>• Die persoon het jou toestemming om die voertuig te bestuur of te gebruik.<br>• Die persoon het nie versekering ingevolge 'n ander polis nie.<br>• Die persoon is nie motorversekering geweier nie.<br>• Die persoon kom die bepalings en voorwaardes van hierdie polis na.<br>5. Indien die derde party 'n passasier is, moet die passasier in een van die vaste, toe passasiers-kompartemente van die voertuig sit. Perke is van toepassing op die bedrag wat ons vir regsaanspreeklikheid teenoor passasiers betaal en hierdie perke word in die bylae aangedui.<br>6. Die voertuig wat gebruik word, moet te alle tye padwaardig wees.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir enige enkele gebeurtenis wat gedek word of reeks insidente wat voortspruit uit die gebeurtenis wat gedek word, onderhewig aan huidige wetgewing.<br><br>Jy moet ons laat weet as daar 'n moontlikheid is dat jy regtens aanspreeklik kan word teenoor 'n derde party. | 3. Indien 'n ander persoon die voertuig gebruik, maar slegs as daardie persoon aan al die volgende voorwaardes voldoen:<br>• Die persoon het jou toestemming om die voertuig te bestuur of te gebruik.<br>• Die persoon het nie versekering ingevolge 'n ander polis nie.<br>• Die persoon is nie motorversekering geweier nie.<br>• Die persoon kom die bepalings en voorwaardes van hierdie polis na.<br>4. Indien die derde party 'n passasier is, moet die passasier in een van die vaste, toe passasiers-kompartemente van die voertuig sit. Perke is van toepassing op die bedrag wat ons vir regsaanspreeklikheid teenoor passasiers betaal en hierdie perke word in die bylae aangedui.<br>5. Die voertuig wat gebruik word, moet te alle tye padwaardig wees.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir enige enkele gebeurtenis wat gedek word of reeks insidente wat voortspruit uit die gebeurtenis wat gedek word, onderhewig aan huidige wetgewing.<br><br>Jy moet ons laat weet as daar 'n moontlikheid is dat jy regtens aanspreeklik kan word teenoor 'n derde party. | 3. Indien 'n ander persoon die voertuig gebruik, maar slegs as daardie persoon aan al die volgende voorwaardes voldoen:<br>• Die persoon het jou toestemming om die voertuig te bestuur of te gebruik.<br>• Die persoon het nie versekering ingevolge 'n ander polis nie.<br>• persoon is nie motorversekering geweier nie.<br>• Die persoon kom die bepalings en voorwaardes van hierdie polis na.<br>4. Indien die derde party 'n passasier is, moet die passasier in een van die vaste, toe passasiers-kompartemente van die voertuig sit. Perke is van toepassing op die bedrag wat ons vir regsaanspreeklikheid teenoor passasiers betaal en hierdie perke word in die bylae aangedui.<br>5. Die voertuig wat gebruik word, moet te alle tye padwaardig wees.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir enige enkele gebeurtenis wat gedek word of reeks insidente wat voortspruit uit die gebeurtenis wat gedek word, onderhewig aan huidige wetgewing.<br><br>Jy moet ons laat weet as daar 'n moontlikheid is dat jy regtens aanspreeklik kan word teenoor 'n derde party. | 3. Indien 'n ander persoon die voertuig gebruik, maar slegs as daardie persoon aan al die volgende voorwaardes voldoen:<br>• Die persoon het jou toestemming om die voertuig te bestuur of te gebruik.<br>• Die persoon het nie versekering ingevolge 'n ander polis nie.<br>• Die persoon is nie motorversekering geweier nie.<br>• Die persoon kom die bepalings en voorwaardes van hierdie polis na.<br>4. Indien die derde party 'n passasier is, moet die passasier in een van die vaste, toe passasiers-kompartemente van die voertuig sit. Perke is van toepassing op die bedrag wat ons vir regsaanspreeklikheid teenoor passasiers betaal en hierdie perke word in die bylae aangedui.<br>5. Die voertuig wat gebruik word, moet te alle tye padwaardig wees.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir enige enkele gebeurtenis wat gedek word of reeks insidente wat voortspruit uit die gebeurtenis wat gedek word, onderhewig aan huidige wetgewing.<br><br>Jy moet ons laat weet as daar 'n moontlikheid is dat jy regtens aanspreeklik kan word teenoor 'n derde party. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.4 Ons betaal nie vir jou regsaanspreeklikheid wat uit die volgende voortspruit nie:** | | | |
<tr><td>b. Indien jy nie ons Zurich Assist-diensverskaffer gebruik nie, sal dit vir jou eie rekening wees.<br><br>Indien jy na ’n geweldsdaad of in ’n noodgeval nie die aangewese diens-verskaffer kon gebruik nie en bewys daarvan kan lewer, sal boge-noemde nie geld nie.<br><br>2. Hoe ons vir sleepwaens, woonwaens en motorfietse betaal<br>a. Ons betaal die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag om dit na die naaste hersteller te sleep.<br><br>Indien jy nie lid van Zurich Assist is nie, en ongeag of jy ’n alternatiewe diens-verskaffer gebruik of nie, sal ons soos volg betaal:<br>a. Die redelike insleepkoste na ’n ongeluk;<br>b. Die redelike koste totdie maksimum dekkingsbedrag vir elektriese, elektroniese of meganiese onklaarraking, om dit na die naaste hersteller te sleep.<br><br>Ons betaal slegs as dit nie van ’n ander bron verhaal kan word nie.<br><br>Zurich Assist<br>0860 001 121<br><br>Vir die verwydering van wrakstukke, sien die outomatiese uitbreiding Verwydering van wrakstukke hieronder.</td><td>b. Indien jy nie ons Zurich Assist-diensverskaffer gebruik nie, sal dit vir jou eie rekening wees.<br><br>Indien jy na ’n geweldsdaad of in ’n noodgeval nie die aangewese diens-verskaffer kon gebruik nie en bewys daarvan kan lewer, sal boge-noemde nie geld nie.<br><br>2. Hoe ons vir sleepwaens, woonwaens en motorfietse betaal.<br>a. Ons betaal die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag om dit na die naaste hersteller te sleep.<br><br>Indien jy nie lid van Zurich Assist is nie, en ongeag of jy ’n alternatiewe diensverskaffer gebruik of nie, sal ons soos volg betaal:<br>a. Die redelike insleepkoste na ’n ongeluk;<br>b. Die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag vir elektriese, elektroniese of meganiese onklaarraking, om dit na die naaste hersteller te sleep.<br><br>Ons betaal slegs as dit nie van ’n ander bron verhaal kan word nie.<br><br>Zurich Assist<br>0860 001 121<br><br>Vir die verwydering van wrakstukke, sien die outomatiese uitbreiding Verwydering van wrakstukke hieronder.</td><td></td><td></td></tr>
</table>

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.15.4 Aanpassing vir motorhuur-versekeringsbybetaling** | | | |
| ’n Gehuurde motor het afsonderlike versekering met sy eie bybetaling. Indien jy ná ’n eis vir verlies van of skade aan die voertuig tydelik ’n voertuig huur en die gehuurde voertuig verloor of beskadig word, betaal ons die verskil in die bybetaling tussen dié van die gehuurde motor en dié van die voertuig, tot hoogstens R10,000.<br><br>Indien die gehuurde voertuig se enjinkapasiteit groter as dié van die voertuig is, sal ons slegs die bedrag betaal wat ons sou betaal het indien die gehuurde voertuig dieselfde enjinkapasiteit gehad het.<br><br>Hierdie uitbreiding geld slegs as jy die versekering uitgeneem het wat deur die motorhuurmaatskappy aangebied word. | ’n Gehuurde motor het afsonderlike versekering met sy eie bybetaling. Indien jy ná ’n eis vir skade aan die voertuig tydelik ’n voertuig huur en die gehuurde voertuig verloor of beskadig word, betaal ons die verskil in die bybetaling tussen dié van die gehuurde motor en dié van die voertuig, tot hoogstens R10,000.<br><br>Indien die gehuurde voertuig se enjinkapasiteit groter as dié van die voertuig is, sal ons slegs die bedrag betaal wat ons sou betaal het indien die gehuurde voertuig dieselfde enjinkapasiteit gehad het.<br><br>Hierdie uitbreiding geld slegs as jy die versekering uitgeneem het wat deur die motorhuurmaatskappy aangebied word. | ’n Gehuurde motor het afsonderlike versekering met sy eie bybetaling. Indien jy ná ’n eis vir verlies van of skade aan die voertuig tydelik ’n voertuig huur en die gehuurde voertuig verloor of beskadig word, betaal ons die verskil in die bybetaling tussen dié van die gehuurde motor en dié van die voertuig, tot hoogstens R10,000.<br><br>Indien die gehuurde voertuig se enjinkapasiteit groter as dié van die voertuig is, sal ons slegs die bedrag betaal wat ons sou betaal het indien die gehuurde voertuig dieselfde enjinkapasiteit gehad het.<br><br>Hierdie uitbreiding geld slegs as jy die versekering uitgeneem het wat deur die motorhuurmaatskappy aangebied word. | |
| **3.15.5 Mediese uitgawes** | | | |
| Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir mediese uitgawes indien ’n passasier in die voertuig regstreeks as gevolg van ’n ongeluk ’n besering opdoen. Ons trek alle bedrae af wat die passasier kan verhaal ingevolge:<br>1. Motorversekeringswetgewing<br>2. Beroepsiekte- of ongeskiktheidswetgewing<br>3. Ongevallewetgewing<br>4. Mediese fondsversekering.<br><br>Ons betaal slegs as dit nie van ’n ander bron verhaal kan word nie. | Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir mediese uitgawes indien ’n passasier in die voertuig regstreeks as gevolg van ’n ongeluk ’n besering opdoen. Ons trek alle bedrae af wat die passasier kan verhaal ingevolge:<br>1. Motorversekeringswetgewing<br>2. Beroepsiekte- of ongeskiktheidswetgewing<br>3. Ongevallewetgewing<br>4. Mediese fondsversekering.<br><br>Ons betaal slegs as dit nie van ’n ander bron verhaal kan word nie. | | |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.15.6 Traumaberading** | | | |
| Ons betaal vir traumaberading indien jy die slagoffer is van ’n geweldsdaad of traumatiese ongeluk waarby die voertuig betrokke was. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou in die voertuig is ten tye van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as al hierdie voorwaardes geld:<br>1. Die behandeling word deur ’n geregistreerde professionele berader gegee.<br>2. Die behandelingskoste kan nie van enige ander bron verhaal word nie.<br>3. Die geweldsdaad word by die polisie aangemeld. | Ons betaal vir traumaberading indien jy die slagoffer is van ’n geweldsdaad of traumatiese ongeluk waarby die voertuig betrokke was. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou in die voertuig is ten tye van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as al hierdie voorwaardes geld:<br>1. Die behandeling word deur ’n geregistreerde professionele berader gegee.<br>2. Die behandelingskoste kan nie van enige ander bron verhaal word nie.<br>3. Die geweldsdaad word by die polisie aangemeld. | Ons betaal vir traumaberading indien jy die slagoffer is van ’n geweldsdaad of traumatiese ongeluk waarby die voertuig betrokke was. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou in die voertuig is ten tye van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as al hierdie voorwaardes geld:<br>1. Die behandeling word deur ’n geregistreerde professionele berader gegee.<br>2. Die behandelingskoste kan nie van enige ander bron verhaal word nie.<br>3. Die geweldsdaad word by die polisie aangemeld. | Nie van toepassing nie |
| **3.15.7 Verwydering van wrakstukke** | | | |
| Ons betaal vir die koste om puin en wrakstukke van die voertuig na die naaste hersteller te sleep, te herwin, te beskerm en te verwyder ná ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word. Ons betaal vir een van die volgende:<br>1. Die volle koste indien jy vooraf ons toestemming verkry het om die wrakstukke en puin te verwyder; of<br>2. Die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag indien jy nie vooraf ons toestemming verkry het nie. | Ons betaal vir die koste om puin en wrakstukke van die voertuig na die naaste hersteller te sleep, te herwin, te beskerm en te verwyder ná ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word. Ons betaal vir een van die volgende:<br>1. Die volle koste indien jy vooraf ons toestemming verkry het om die wrakstukke en puin te verwyder; of<br>2. Die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag indien jy nie vooraf ons toestemming verkry het nie. | Ons betaal vir die koste om puin en wrakstukke van die voertuig na die naaste hersteller te sleep, te herwin, te beskerm en te verwyder ná diefstal of skade deur brand, ontploffing of weerlig. Ons betaal vir een van die volgende:<br>1. Die volle koste indien jy vooraf ons toestemming verkry het om die wrakstukke en puin te verwyder; of<br>2. Die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag indien jy nie vooraf ons toestemming verkry het nie. | Nie van toepassing nie |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.15.8 Slotte en sleutels** | | | |
| Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir koste wat jy redelikerwys aangaan na toevallige verlies van of skade aan slotte en sleutels vir die voertuig (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle, en die koste van herprogrammering). Hierdie dekking is ingesluit indien daar redelike oortuiging of bewys bestaan dat ’n ongemagtigde persoon in besit van ’n duplikaatsleutel of -afstandbeheertoestel kan wees.<br><br>Dit sal nie die eisvrye voordeel beïnvloed nie.<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik.<br><br>Addisionele dekking bo die maksimum bedrag kan in opsionele uitbreidings gekoop word. | Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir koste wat jy redelikerwys aangaan na toevallige verlies van of skade aan slotte en sleutels vir die voertuig (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle, en die koste van herprogrammering). Hierdie dekking is ingesluit indien daar redelike oortuiging of bewys bestaan dat ’n ongemagtigde persoon in besit van ’n duplikaatsleutel of -afstandbeheertoestel kan wees.<br><br>Dit sal nie die eisvrye voordeel beïnvloed nie.<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik.<br><br>Addisionele dekking bo die maksimum bedrag kan in opsionele uitbreidings gekoop word. | Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir koste wat jy redelikerwys aangaan na toevallige verlies van of skade aan slotte en sleutels vir die voertuig (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle, en die koste van herprogrammering). Hierdie dekking is ingesluit indien daar redelike oortuiging of bewys bestaan dat ’n ongemagtigde persoon in besit van ’n duplikaatsleutel of -afstandbeheertoestel kan wees.<br><br>Dit sal nie die eisvrye voordeel beïnvloed nie.<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik.<br><br>Addisionele dekking bo die maksimum bedrag kan in opsionele uitbreidings gekoop word. | Nie van toepassing nie |
| **3.15.9 Klankbybehore** | | | |
| Ons betaal vir diefstal en toevallige verlies van of skade aan gemonteerde klankbybehore (soos motorradio’s, MP3-spelers en CD-spelers). Die bedrag wat ons betaal, hang af van of die bygehore gespesifiseer is of nie, in die motor-afdeling of afdeling vir gespesifiseerde items (alle risiko’s) in jou polis:<br><br>**Indien jy nie die klankbybehore gespesifiseer het nie**, betaal ons<br>a. die vervangings- of herstelkoste van fabrieksgemonteerde bybehore; | Ons betaal toevallige skade aan gemonteerde klankbybehore (soos motorradio’s, MP3-spelers en CD-spelers). Die bedrag wat ons betaal, hang af van of die bygehore gespesifiseer is of nie, in die motor-afdeling of afdeling vir gespesifiseerde items (alle risiko’s) in jou polis:<br><br>**Indien jy nie die klankbybehore gespesifiseer het nie**, betaal ons<br>a. die vervangings- of herstelkoste van fabrieksgemonteerde bybehore; | Ons betaal vir diefstal of skade veroorsaak deur brand, ontploffing of weerlig aan gemonteerde klankbybehore (soos motorradio’s, MP3-spelers en CD-spelers). Die bedrag wat ons betaal, hang af van of die bygehore gespesifiseer is of nie, in die motor-afdeling of afdeling vir gespesifiseerde items (alle risiko’s) in jou polis:<br><br>**Indien jy nie die klankbybehore gespesifiseer het nie**, betaal ons<br>a. die vervangings- of herstelkoste van fabrieksgemonteerde bybehore; | Nie van toepassing nie |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| b. die vervangings- of herstelkoste van nie-fabrieks-gemonteerde slegs tot die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is.<br><br>**Indien jy klankbybehore gespesifiseer het en 'n ekstra premie daarvoor betaal het (onder opsionele voertuigbybehore of alle risiko's)**, betaal ons die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is;<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik. | b. die vervangings- of herstelkoste van nie-fabrieks-gemonteerde slegs tot die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is.<br><br>**Indien jy klankbybehore gespesifiseer het en 'n ekstra premie daarvoor betaal het (onder opsionele voertuigbybehore of alle risiko's)**, betaal ons die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is;<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik. | b. die vervangings- of herstelkoste van nie-fabrieks-gemonteerde slegs tot die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is.<br><br>**Indien jy klankbybehore gespesifiseer het en 'n ekstra premie daarvoor betaal het (onder opsionele voertuigbybehore of alle risiko's)**, betaal ons die maksimum dekkingsbedrag wat in die bylae aangedui is;<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik. | |
| **3.15.10 Ontvallingskoste** | | | |
| Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag indien jy sterf binne 24 maande na 'n ongeluk waarby die voertuig betrokke was. Ons betaal nie indien jou eie roekelose gedrag die ongeluk veroorsaak het of daartoe bygedra het nie.<br><br>Ontvalling beteken die routydperk na die sterfte van 'n geliefde. | Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag indien jy sterf binne 24 maande na 'n ongeluk waarby die voertuig betrokke was. Ons betaal nie indien jou eie roekelose gedrag die ongeluk veroorsaak het of daartoe bygedra het nie.<br><br>Ontvalling beteken die routydperk na die sterfte van 'n geliefde. | | |
| **3.15.11 Venster- en sondakglas** | | | |
| Waar daar geen ander skade aan die voertuig is nie, betaal ons vir skade aan venster- en sondakglas.<br><br>Jy is verantwoordelik vir die bybetaling, maar indien die glas herstel word in plaas van om vervang te word, sal jy nie hierdie bybetaling hoef te betaal nie. | Waar daar geen ander skade aan die voertuig is nie, betaal ons vir skade aan venster- en sondakglas.<br><br>Jy is verantwoordelik vir die bybetaling, maar indien die glas herstel word in plaas van om vervang te word, sal jy nie hierdie bybetaling hoef te betaal nie. | Waar daar geen ander skade aan die voertuig is nie, betaal ons vir skade aan venster- en sondakglas.<br><br>Jy is verantwoordelik vir die bybetaling, maar indien die glas herstel word in plaas van om vervang te word, sal jy nie hierdie bybetaling hoef te betaal nie. | Nie van toepassing nie |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.15.12 Motorhuur: Diefstal en kaping** | | | |
| Indien die voertuig omvattende dekking het, sal ons reël vir die huur van ’n motor indien die voertuig gesteel of gekaap word.<br><br>**Dekking beskikbaar:**<br>30 dae<br><br>**Watter voertuig ons reël:**<br>1. Indien die voertuig ’n motor is, sal ons ’n gehuurde motor reël met ’n enjin-kapasiteit van hoogstens 1,600 $cm^3$.<br>2. Indien die voertuig ’n ligte aflewerings-voertuig is, sal ons ’n gehuurde ligte afleweringsvoertuig reël met ’n enjin-kapasiteit van hoogstens 2,000$cm^3$ en ’n bruto voertuig-gewig van hoogstens 3,500kg.<br><br>**Die huur begin vanaf:**<br>1. Die datum waarop die diefstal van die voertuig by ons aangemeld is, maar nie later nie as 21 dae na die datum van die diefstal of kaping.<br><br>**Die huur sal eindig op die vroegste van hierdie datums:**<br>1. Die datum waarop ons vir die totale verlies van die voertuig betaal<br>2. 30 dae na die begindatum van die huurtydperk<br>3. Die datum waarop herstelwerk aan die voertuig ná diefstal of kaping afgehandel is. | Nie van toepassing nie | Nie van toepassing nie | Nie van toepassing nie |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **Waarvoor ons betaal**<br>1. Jy sal die motorhuur vir 'n onbeperkte afstand kry, maar ons betaal nie jou brandstof, olie en water nie.<br><br>Jy moet aan die bepalings en voorwaardes van die huurooreen-koms met die huurmotor-maatskappy voldoen, insluitend die betaling van enige deposito en bybetaling wat geld.<br><br>Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy die bepalings en voorwaardes van die huurkontrak verstaan. | | | |
| **3.15.13 Oproer en stakings buite Suid-Afrika en Namibië** | | | |
| Volgens hierdie uitbreiding betaal ons vir verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur:<br>1. Burgerlike oproer, arbeidsonrus, onluste, stakings of uitsluitings wat buite Suid-Afrika en Namibië voorkom;<br>2. Die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van voorvalle waarna in (1) hierbo verwys word.<br><br>Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:<br>a. Verlies van of skade aan eiendom wat binne Suid-Afrika of Namibië voorkom;<br>b. Gevolglike verlies of skade;<br>c. Die totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging, onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid; | Volgens hierdie uitbreiding betaal ons vir verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur:<br>1. Burgerlike oproer, arbeidsonrus, onluste, stakings of uitsluitings wat buite Suid-Afrika en Namibië voorkom;<br>2. Die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van voorvalle waarna in (1) hierbo verwys word.<br><br>Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:<br>a. Verlies van of skade aan eiendom wat binne Suid-Afrika of Namibië voorkom;<br>b. Gevolglike verlies of skade;<br>c. Die totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging, onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid; | Volgens hierdie uitbreiding betaal ons vir verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur:<br>1. Burgerlike oproer, arbeidsonrus, onluste, stakings of uitsluitings wat buite Suid-Afrika en Namibië voorkom;<br>2. Die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van voorvalle waarna in (1) hierbo verwys word.<br><br>Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:<br>a. Verlies van of skade aan eiendom wat binne Suid-Afrika of Namibië voorkom;<br>b. Gevolglike verlies of skade;<br>c. Die totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging, onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid; | Volgens hierdie uitbreiding betaal ons vir verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur:<br>1. Burgerlike oproer, arbeidsonrus, onluste, stakings of uitsluitings wat buite Suid-Afrika en Namibië voorkom;<br>2. Die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van voorvalle waarna in (1) hierbo verwys word.<br><br>Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:<br>a. Verlies van of skade aan eiendom wat binne Suid-Afrika of Namibië voorkom;<br>b. Gevolglike verlies of skade;<br>c. Die totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging, onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid; |

| **Omvattend** | **Omvattend, diefstal uitgesluit** | **Derde party, brand en diefstal** | **Derde party alleenlik** |
|---|---|---|---|
| d. Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;<br>e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige voorval waarna verwys word in die algemene uitsluiting Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie, behalwe dié wat in 1 en 2 hierbo genoem word.<br><br>Indien ons meld dat verlies of skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan. | d. Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;<br>e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige voorval waarna verwys word in die algemene uitsluiting Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie, behalwe dié wat in 1 en 2 hierbo genoem word.<br><br>Indien ons meld dat verlies of skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan. | d. Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;<br>e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige voorval waarna verwys word in die algemene uitsluiting Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie, behalwe dié wat in 1 en 2 hierbo genoem word.<br><br>Indien ons meld dat verlies of skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan. | d. Verlies of skade veroorsaak deur 'n wettige owerheid wat permanent of tydelik die versekerde items byvoorbeeld by wyse van konfiskering of kommandering wegneem;<br>e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige voorval waarna verwys word in die algemene uitsluiting Ons betaal nie vir oorlog, oproer, arbeidstakings of terreur nie, behalwe dié wat in 1 en 2 hierbo genoem word.<br><br>Indien ons meld dat verlies of skade om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan. |
| **3.16 Opsionele uitbreidings van jou motordekking** | | | |
| Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit in die bylae aangedui is. Daar is ekstra premies vir hierdie uitbreidings. | | | |
| **3.16.1 Motorhuur (Opsioneel)** | | | |
| Indien die voertuig omvattende dekking het, sal ons reël vir die huur van 'n motor indien die voertuig verloor, gesteel of beskadig word na 'n gebeurtenis wat gedek word.<br><br>**Dekkingsopsies beskikbaar**<br>1. 30 dae motorhuur<br>2. 45 dae motorhuur<br><br>**Watter voertuig ons reël:**<br>1. Ons sal 'n huur voertuig of ligte afleweringsvoertuig reël met 'n enjin-kapasiteit van nie meer as 2,000$cm^3$ en 'n bruto voertuig massa van nie meer as 3,500kg nie. | Indien die voertuig omvattende dekking het, diefstal uitgesluit, sal ons reël vir die huur van 'n motor indien die voertuig per toeval beskadig word na 'n gebeurtenis wat gedek word.<br><br>**Dekkingsopsies beskikbaar:**<br>1. 30 dae motorhuur<br>2. 45 dae motorhuur<br><br>**Watter voertuig ons reël:**<br>1. Ons sal 'n huur voertuig of ligte afleweringsvoertuig reël met 'n enjin-kapasiteit van nie meer as 2,000$cm^3$ en 'n bruto voertuig massa van nie meer as 3,500kg nie. | Indien die voertuig derdeparty-, brand- en diefstaldekking het, sal ons reël vir die huur van 'n motor indien die voertuig gesteel of deur brand, ontploffing of weerlig beskadig word.<br><br>**Dekkingsopsies beskikbaar:**<br>1. 30 dae motorhuur<br>2. 45 dae motorhuur<br><br>**Watter voertuig ons reël:**<br>1. Ons sal 'n huur voertuig of ligte afleweringsvoertuig reël met 'n enjin-kapasiteit van nie meer as 2,000$cm^3$ en 'n bruto voertuig massa van nie meer as 3,500kg nie. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking beskikbaar nie. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **Die huur sal begin vanaf enigeen van hierdie drie datums, wat ook al van toepassing is:**<br>1. Die datum waarop die voertuig nie bestuur kon word nie;<br>2. Die datum waarop die voertuig aan ’n gemagtigde hersteller oorhandig is vir herstelwerk;<br>3. Die datum waarop die diefstal van die voertuig by ons aangemeld is.<br><br>**Die huur sal eindig op die vroegste van hierdie drie datums:**<br>1. Die datum waarop herstelwerk aan die voertuig afgehandel is;<br>2. Die datum waarop ons jou vir die totale verlies van die voertuig betaal;<br>3 Die datum waarop die huurdekkings-tydperk wat in die bylae aangedui is, eindig.<br><br>**Waarvoor ons betaal:**<br>1. Jy sal die gehuurde motor vir ’n onbeperkte afstand ontvang, maar ons betaal nie jou brandstof of olie en water nie.<br><br>Jy moet aan die bepalings en voorwaardes van die huurooreenkoms met die huurmotor-maatskappy voldoen, insluitend die betaling van enige deposito en bybetaling wat geld.<br><br>Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy die bepalings en voorwaardes van die huurkontrak verstaan. | **Die huur sal begin vanaf een van hierdie twee datums, wat ook al van toepassing is:**<br>1. Die datum waarop die voertuig nie bestuur kon word nie;<br>2. Die datum waarop die voertuig aan ’n gemagtigde hersteller oorhandig is vir herstelwerk.<br><br>**Die huur sal eindig op die vroegste van hierdie drie datums:**<br>1. Die datum waarop herstelwerk aan die voertuig afgehandel is;<br>2. Die datum waarop ons jou vir die totale verlies van die voertuig betaal;<br>3 Die datum waarop die huurdekkings-tydperk wat in die bylae aangedui is, eindig.<br><br>**Waarvoor ons betaal:**<br>1. Jy sal die gehuurde motor vir ’n onbeperkte afstand ontvang, maar ons betaal nie jou brandstof of olie en water nie.<br><br>Jy moet aan die bepalings en voorwaardes van die huurooreenkoms met die huurmotor-maatskappy voldoen, insluitend die betaling van enige deposito en bybetaling wat geld.<br><br>Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy die bepalings en voorwaardes van die huurkontrak verstaan. | **Die huur sal begin vanaf enigeen van hierdie drie datums, wat ook al van toepassing is:**<br>1. Die datum waarop die voertuig nie bestuur kon word nie;<br>2. Die datum waarop die voertuig aan ’n gemagtigde hersteller oorhandig is vir herstelwerk;<br>3. Die datum waarop die diefstal van die voertuig by ons aangemeld is.<br><br>**Die huur sal eindig op die vroegste van hierdie drie datums:**<br>1. Die datum waarop herstelwerk aan die voertuig afgehandel is;<br>2. Die datum waarop ons jou vir die totale verlies van die voertuig betaal;<br>3. Die datum waarop die huurdekkingstydperk wat in die bylae aangedui is, eindig.<br><br>**Waarvoor ons betaal:**<br>1. Jy sal die gehuurde motor vir ’n onbeperkte afstand ontvang, maar ons betaal nie jou brandstof of olie en water nie.<br><br>Jy moet aan die bepalings en voorwaardes van die huurooreenkoms met die huurmotor-maatskappy voldoen, insluitend die betaling van enige deposito en bybetaling wat geld.<br><br>Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy die bepalings en voorwaardes van die huurkontrak verstaan. | |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.16.2 Voertuigbybehore (Opsioneel)** | | | |
| Ons betaal vir diefstal of toevallige verlies van of skade aan bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is en in die bylae gespesifiseer is. Dit is items wat nie standaardbybehore van die voertuig is nie, maar gemonteer word nadat die voertuig vervaardig is.<br><br>Ons betaal vir diefstal of toevallige verlies van of skade aan bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is en in die bylae gespesifiseer is. Dit is items wat nie standaardbybehore van die voertuig is nie, maar gemonteer word nadat die voertuig vervaardig is. Voorbeelde van bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is, sluit in maar word nie beperk nie tot sleepstange, rolstawe, bosbrekers, nie-standaard-sierwiele, dakrakke, leersitplekke, Bluetooth en klank-bybehore. Ons betaal ook vir verlies van of skade aan motor-gereedskap, onderdele en reisbybehore (insluitend sitplekoortreksels, rubbermatte, sleeptoue, sonskerms) terwyl hulle in die voertuig is.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die vervangings- of herstelkoste van hierdie bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is. Die gespesifiseerde items moet individueel gelys en in die bylae aangedui wees.<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik | Ons betaal vir toevallige skade aan bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is en in die bylae gespesifiseer is. Dit is items wat nie standaardbybehore van die voertuig is nie, maar gemonteer word nadat die voertuig vervaardig is.<br><br>Ons betaal vir toevallige skade aan bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is en in die bylae gespesifiseer is. Dit is items wat nie standaardbybehore van die voertuig is nie, maar gemonteer word nadat die voertuig vervaardig is. Voorbeelde van bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is, sluit in sleepstange, rolstawe, bosbrekers, nie-standaard-sierwiele, dakrakke, leersitplekke, Bluetooth en klankbybehore.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die vervangings- of herstelkoste van hierdie bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is. Die gespesifiseerde items moet individueel gelys en in die bylae aangedui wees.<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik. | Ons betaal vir diefstal of skade deur brand, ontploffing of weerlig veroorsaak aan bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is en in die bylae gespesifiseer is. Dit is items wat nie standaardbybehore van die voertuig is nie, maar gemonteer word nadat die voertuig vervaardig is.<br><br>Voorbeelde van bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is, sluit in sleepstange, rolstawe, bosbrekers, nie-standaard-sierwiele, dakrakke, leersitplekke, Bluetooth en klank-bybehore.<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die vervangings- of herstelkoste van hierdie bybehore wat ná vervaardiging bygevoeg is. Die gespesifiseerde items moet individueel gelys en in die bylae aangedui wees.<br><br>Jy is vir die bybetaling verantwoordelik. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking alleenlik beskikbaar nie. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.16.3 Krediettekort** | | | |
| Hierdie dekking vir 'n krediettekort kan slegs geld as jy Omvattende dekking gekoop het en ons laat weet het watter dekkingsbedrag jy nodig het (die bedrag is die verskil tussen die maksimum dekkingsbedrag en die uitstaande saldo op jou finansierings-ooreenkoms).<br><br>Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir krediettekort na die totale verlies van jou voertuig.<br><br>Krediettekort is die bedrag wat jy op die datum van totale verlies van die voertuig aan 'n kredietverskaffer skuld minus die waarde van die voertuig. Die waarde kan hetsy die kleinhandelswaarde of die ooreengekome waarde wees, soos aangedui in die bylae.<br><br>Indien jy vir 'n krediettekort eis, moet jy alle bewyse wat ons vra aan ons verskaf Dit sluit 'n afskrif van die bruikhuur- of finansierings-ooreenkoms en 'n staat deur die kredietverskaffer van die uitstaande bedrag op die datum van verlies of skade in. | Hierdie uitbreiding is nie beskikbaar vir Omvattende dekking waarby diefstal uitgesluit is nie. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdeparty-, brand- en diefstaldekking beskikbaar nie. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking alleenlik beskikbaar nie. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **Wat ons nie vir kredietekort dek nie**<br>Ons betaal nie vir die volgende nie:<br>1. Enige betalings, insluitend rente, wat jy aan die krediet-verskaffer skuld.<br>2. Vroeë skikkingsboetes wat jy aan die krediet-verskaffer moet betaal.<br>3. Enige ander bedrae buiten krediet wat jy aan die krediet-verskaffer skuld, insluitend ekstra finansieringskoste.<br>4. Ekstra bedrae wat jy inbetaal het om jou krediet te verminder en wat dus in jou krediet staan in die kredietverskaffer se rekeninge.<br>5. Enige paaiemente (behalwe die finale oorblywende bedrag na die aanvanklike betaling) ingevolge die bruikhuur- of finansierings-ooreenkoms wat met meer as 10% verskil van die standaardpaaiement.<br>6. Die kredietekort indien dit aan 'n ekstra krediet-voorskot of her-finansiering op die motorvoertuig toe te skryf is.<br><br>Indien die bruikhuur- of finansierings-ooreenkoms 'n bedrag het wat jy nog aan die einde van die ooreenkoms moet betaal (die oorblywende betaling), sal ons hoogstens die bedrag betaal wat die krediet-tekort sou gewees het indien daar geen ekstra bedrag was om te betaal nie. Ons bereken hierdie bedrag in die maand wat die eis gefinaliseer word. | | | |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.16.4 Addisionele slotte en sleutels** | | | |
| Ons betaal tot die maksimum dekkings-bedrag vir koste wat jy aangaan na diefstal of toevallige verlies van of skade aan slotte en sleutels vir die voertuig (insluitend kaartsleutels en afstandbeheer-toestelle, en die koste van herprogrammering).<br><br>Hierdie dekking is ingesluit indien daar redelike oortuiging of bewys bestaan dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel of -afstandbeheertoestel kan wees.<br><br>Hierdie dekking is bykomend tot jou maksimum dekkings-bedrag ingevolge die outomatiese uitbreiding van *Slotte en sleutels.* | Ons betaal tot die maksimum dekkings-bedrag vir koste wat jy aangaan na toevallige skade aan slotte en sleutels vir die voertuig (insluitend kaartsleutels en afstandbeheer-toestelle, en die koste van herprogrammering).<br><br>Hierdie dekking is ingesluit indien daar redelike oortuiging of bewys bestaan dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel of -afstandbeheertoestel kan wees.<br><br>Hierdie dekking is bykomend tot jou maksimum dekkings-bedrag ingevolge die outomatiese uitbreiding van *Slotte en sleutels.* | Ons betaal tot die maksimum dekkings-bedrag vir koste wat jy aangaan na diefstal of toevallige verlies van of skade aan slotte en sleutels vir die voertuig (insluitend kaartsleutels en afstandbeheer-toestelle, en die koste van herprogrammering).<br><br>Hierdie dekking is ingesluit indien daar redelike oortuiging of bewys bestaan dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel of -afstandbeheertoestel kan wees.<br><br>Hierdie dekking is bykomend tot jou maksimum dekkings-bedrag ingevolge die outomatiese uitbreiding van *Slotte en sleutels.* | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking alleenlik beskikbaar nie. |
| **3.16.5 Kwytskelding van bybetaling** | | | |
| Jy kan kies om 'n ekstra premie te betaal sodat jy nie die basiese voertuigbybetaling wat in die bylae aangedui is, hoef te betaal nie. Slegs die basiese bybetaling op jou voertuig sal ten tyde van 'n eis kwytgeskeld word. Jy sal nog steeds verantwoordelik wees vir alle ander bybeta-lings wat sou kon geld.<br><br>Ons het die reg om toegang tot hierdie dekking te weier of te beperk. | Jy kan kies om 'n ekstra premie te betaal sodat jy nie die basiese voertuigbybetaling wat in die bylae aangedui is, hoef te betaal nie. Slegs die basiese bybetaling op jou voertuig sal ten tyde van 'n eis kwytgeskeld word. Jy sal nog steeds verantwoordelik wees vir alle ander bybeta-lings wat sou kon geld.<br><br>Ons het die reg om toegang tot hierdie dekking te weier of te beperk. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdeparty-, brand- en diefstaldekking beskikbaar nie. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking alleenlik beskikbaar nie. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.16.6 Vrywillige bybetaling** | | | |
| Jy kan kies om ’n deel van jou eis ten tyde van die verlies of skade te betaal, om ’n premieverlaging te verkry. Jy sal as jou eie versekeraar beskou word tot en met die bedrag van die vrywillige bybetaling. Jy sal nog steeds verantwoordelik wees vir alle ander bybetalings wat sou kon geld indien hulle benewens jou vrywillige bybetaling van toepassing is.<br>Ons het die reg om toegang tot hierdie dekking te weier of te beperk. | Jy kan kies om ’n deel van jou eis ten tyde van die verlies of skade te betaal, om ’n premieverlaging te verkry. Jy sal as jou eie versekeraar beskou word tot en met die bedrag van die vrywillige bybetaling. Jy sal nog steeds verantwoordelik wees vir alle ander bybetalings wat sou kon geld indien hulle benewens jou vrywillige bybetaling van toepassing is.<br>Ons het die reg om toegang tot hierdie dekking te weier of te beperk. | Jy kan kies om ’n deel van jou eis ten tyde van die verlies of skade te betaal, om ’n premieverlaging te verkry. Jy sal as jou eie versekeraar beskou word tot en met die bedrag van die vrywillige bybetaling. Jy sal nog steeds verantwoordelik wees vir alle ander bybetalings wat sou kon geld indien hulle benewens jou vrywillige bybetaling van toepassing is.<br>Ons het die reg om toegang tot hierdie dekking te weier of te beperk. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking alleenlik beskikbaar nie. |
| **3.16.7 Addisionele verwydering van wrakstukke** | | | |
| Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het. Hierdie dekking is bykomend tot die maksimum dekkingsbedrag ingevolge die outomatiese uitbreiding van Verwydering van wrakstukke.<br><br>Ons betaal vir die koste om puin en wrakstukke van die voertuig na die naaste hersteller te sleep, te herwin, te beskerm en te verwyder ná ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word.<br>Ons betaal die volgende as bykomende dekking nadat jy die dekking ingevolge die outomatiese uitbreiding uitgeput het:<br>1. Die volle koste indien jy vooraf ons toestemming verkry het om die wrakstukke en puin te verwyder. | Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het. Hierdie dekking is bykomend tot die maksimum dekkingsbedrag ingevolge die outomatiese uitbreiding van Verwydering van wrakstukke.<br><br>Ons betaal vir die koste om puin en wrakstukke van die voertuig na die naaste hersteller te sleep, te herwin, te beskerm en te verwyder ná ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word.<br>Ons betaal die volgende as bykomende dekking nadat jy die dekking ingevolge die outomatiese uitbreiding uitgeput het:<br>1. Die volle koste indien jy vooraf ons toestemming verkry het om die wrakstukke en puin te verwyder. | Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het. Hierdie dekking is bykomend tot die maksimum dekkingsbedrag ingevolge die outomatiese uitbreiding van Verwydering van wrakstukke.<br><br>Ons betaal vir die koste om puin en wrakstukke van die voertuig na die naaste hersteller te sleep, te herwin, te beskerm en te verwyder ná ’n gebeurtenis wat deur ons gedek word.<br>Ons betaal die volgende as bykomende dekking nadat jy die dekking ingevolge die outomatiese uitbreiding uitgeput het:<br>1. Die volle koste indien jy vooraf ons toestemming verkry het om die wrakstukke en puin te verwyder. | Hierdie uitbreiding is nie vir derdepartydekking alleenlik beskikbaar nie. |

| Omvattend | Omvattend, diefstal uitgesluit | Derde party, brand en diefstal | Derde party alleenlik |
|---|---|---|---|
| **3.16.8 Addisionele derdeparty-aanspreekliikheid (regsaanspreeklikheid)** | | | |
| Jy kan kies om addisionele dekking vir derdeparty-aanspreeklikheid te koop, Indien jy meer dekking nodig het as wat deur die outomatiese uitbreidings op dekking van die voertuig verskaf word. Hierdie dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens teenoor 'n derde party aanspreeklik is indien die aanspreeklikheid met die voertuig verband hou. | Jy kan kies om addisionele dekking vir derdeparty-aanspreeklikheid te koop, Indien jy meer dekking nodig het as wat deur die outomatiese uitbreidings op dekking van die voertuig verskaf word. Hierdie dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens teenoor 'n derde party aanspreeklik is indien die aanspreeklikheid met die voertuig verband hou. | Jy kan kies om addisionele dekking vir derdeparty-aanspreeklikheid te koop, indien jy meer dekking nodig het as wat deur die outomatiese uitbreidings op dekking van die voertuig verskaf word. Hierdie dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens teenoor 'n derde party aanspreeklik is indien die aanspreeklikheid met die voertuig verband hou. | Jy kan kies om addisionele dekking vir derdeparty-aanspreeklikheid te koop, indien jy meer dekking nodig het as wat deur die outomatiese uitbreidings op dekking van die voertuig verskaf word. Hierdie dekking sluit koste en uitgawes in waarvoor jy regtens teenoor 'n derde party aanspreeklik is indien die aanspreeklikheid met die voertuig verband hou. |

ZURICH

# Dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid
## Afdeling I

### 1. Omskrywings en verduidelikings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir DEKKING VIR PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEIDSDEKKING. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.



Eiendom beteken enige eiendom wat sigbaar en tasbaar is en vir die doel van hierdie afdeling beteken gebied enige plek in die wêreld, insluitend in transito op land, see of per lug. Dit sluit spesifiek intellektuele eiendom uit.

Huis beteken die adres van geboue wat in die bylae onder DEKKING VIR HUISINHOUD aangedui is.

In hierdie afdeling beteken jy en jou slegs die persone wat in die bylae benoem is, insluitend die Versekerde se gade, die Versekerde se gesinslede wat by die Versekerde woon en afhanklikes vir wie die Versekerde regtens aanspreeklik is.

Voorval beteken een insident of reeks insidente wat uit een gebeurtenis voortspruit.

### 2. Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Ons betaal alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik word vir betaling ten opsigte van die volgende gebeurtenisse wat gedurende die dekkingstydperk op enige plek in die wêreld sou kon voorkom:

2.1 Toevallige sterfte, liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon;
2.2 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.

### 3. Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

Ons betaal nie 'n aanspreeklikheidseis vir die volgende nie:

3.1 Jou sterfte, liggaamlike besering of siekte;
3.2 Jou werknemers, behalwe jou huiswerkers, in die loop van hul diens by jou;
3.3 Jou trustees, begunstigdes, direkteure, lede van hul gesinne wat by hulle woon (indien jy 'n trust of beslote korporasie is);
3.4 Verlies van of skade aan eiendom wat besit word deur of onder beheer is van enige persone wat in 1, 2 en 3 hierbo genoem is;
3.5 Verlies van of skade aan jou eiendom of eiendom onder jou toesig of beheer;
3.6 Verlies van of skade aan jou werknemer se eiendom terwyl die eiendom by jou huis is;
3.7 Sterfte, liggaamlike besering of siekte wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur ander diere as jou troetelhonde en -katte;
3.8 Aanspreeklikheid voortspruitend uit jou eienaarskap, besit of okkupasie van geboue of grond behalwe geboue wat deur hierdie polis gedek word;
3.9 Aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit die eienaarskap, besit, beheer of gebruik van 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig behalwe branderplanke, roeiski's en modeltipe voertuie, vaartuie of lugvaartuie;
3.10 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat jy of 'n ander persoon in jou diens leen, huur, besit of in bewaring hou of beheer het van, synde roerende of onroerende eiendom te wees;
3.11 Aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit die koop, verkoop of ruil van eiendom of jou versuim om aan verpligtinge met betrekking tot die transaksie te voldoen;
3.12 Aanspreeklikheid voortspruitend uit deursypeling, besoedeling of kontaminasie van enige aard;
3.13 Die koste van skoonmaak, verwydering, omkering van die effek van skade, of herstel van eiendom wat verloor of beskadig is deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie;

3.14 Die koste van of met betrekking tot enige vonnis, toekenning, betaling of skikking in die Verenigde State van Amerika of Kanada of enige land wat aan die wette van daardie lande onderhewig is, selfs al word die koste formeel goedgekeur deur 'n hof in 'n ander land, tensy die vonnis, toekenning, betaling of skikking in 'n bevoegde hof in Suid-Afrika bekragtig word;

3.15 Enige bestraffende skadevergoeding, boetes of strafheffings op enige plek in die wêreld, insluitend Suid-Afrika;

3.16 Verlies van of skade aan eiendom wat ook deur 'n ander versekeringspolis gedek word;

3.17 Aanspreeklikheid voortspruitend uit oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige liggaamlike aanranding of verleiding deur jou;

3.18 Verlies of skade voortspruitend uit jou roekelose verontagsaming van die moontlike gevolge van jou dade of versuim.

## 4. Voorwaardes wat spesifiek op jou dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid betrekking het

Daar is geen ekstra voorwaardes nie maar jy moet seker maak dat jy aan die *Algemene bepalings en voorwaardes* op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis voldoen.

## 5. Outomatiese uitbreidings van dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid

Jy kry outomaties dekking vir hierdie gebeurtenisse en items.

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik word vir betaling ten opsigte van enige van die volgende gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk op enige plek in die wêreld plaasvind.

### 5.1 Kontrakte met sekuriteitsmaatskappye

Ons betaal vir die koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is voortspruitend uit 'n skriftelike kontrak met 'n geregistreerde sekuriteitsmaatskappy of gewapendereaksie-dienste om jou eiendom te beskerm. Die gebeurtenis moet plaasgevind het by die huis waarin jy woon (soos aangedui in die dekking vir HUISINHOUD of GEBOUE (DIE HUIS)) of voortspruit uit 'n insident wat by die huis begin het. Die datum van die sekuriteitskontrak moet voor die datums wees van die gebeurtenisse wat tot 'n eis teen jou lei.

Ons betaal vir alle koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is, insluitend regskoste van die ander persoon en koste wat jy aangaan om die eis te verdedig of te skik, indien ons skriftelik daartoe instem.

### 5.2 Onregmatige inhegtenisname

Ons betaal vir die koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is indien jy onregmatig iemand in hegtenis neem wanneer jy jou pligte as lid van 'n buurtwag-groep of 'n soortgelyke vrywilliger-organisasie sonder winsbejag uitvoer. Dit sluit die koste in waarvoor jy regtens aanspreeklik is voortspruitend uit 'n aanval tydens die inhegtenisname of soektog gekoppel aan die inhegtenisname. Ons sal slegs betaal indien die onregmatige inhegtenisname gedurende die dekkingstydperk plaasgevind het.

Ons betaal alle koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is, insluitend regskoste van die ander persoon en koste wat jy aangaan om die eis te verdedig of te skik, indien ons skriftelik daartoe instem.

### 5.3 Identiteitsbedrog

Ons betaal vir die koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is indien iemand onregmatig jou persoonlike identiteit sonder jou skriftelike toestemming gebruik om in jou naam kontant of kredietkaarte of bank- of kredietrekeninge te verkry. Ons betaal slegs as jou persoonlike identiteitsbesonderhede onregmatig verkry is en die transaksie gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het.

Ons betaal nie vir die volgende nie:

a. Verliese voortspruitend uit jou besigheidsbelange;
b. Verliese veroorsaak deur ’n lid van jou gesin of huishouding;
c. Enige regs- of ander koste wat jy aangaan om die identiteitsbedrog op te los;
d. Enige verlies wat na 12 maande na die einddatum van hierdie afdeling by ons aangemeld word.

### 5.4 Huiseienaars¬aanspreeklikheid

Ons betaal vir die koste van skadevergoeding waarvoor jy as die eienaar van die huis regtens aanspreeklik word, vir:

a. toevallige liggaamlike besering of siekte van ’n ander persoon gedurende die dekkingstydperk;
b. toevallige sterfte van ’n ander persoon gedurende die dekkingstydperk;
c. toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan ’n ander persoon behoort, wat gedurende die dekkingstydperk voorkom.

Ons betaal nie vir regsaanspreeklikheid wat voortspruit uit of verband hou met die versekerde se besigheid of beroep nie.

### 5.5 Huurderaanspreeklikheid

Ons betaal vir die koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is, wat veroorsaak word deur verlies van of skade aan die gebou of huis, insluitend los en vaste toebehore, wat jy as ’n huurder van ’n privaat huis aan die eienaar van die gebou moet betaal, weens:

a. Brand en ontploffing;
b. Storm, wind, water, oorstroming, hael, sneeu;
c. Diefstal en poging tot diefstal;
d. Botsing deur voertuie of diere;
e. Verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstandbeheerkonsoles;
f. Toevallige skade aan of brekasie van vaste sanitêre ware, spieëls en vaste glas, maar afsplintering, skrape of ander skending uitgesluit;
g. Toevallige skade aan riool-, elektrisiteits-, water-, gas- of telefoonverbindings tussen die huis en die hooftoevoer;
h. Toevallige sterfte, liggaamlike besering of siekte van enige ander persoon gedurende die dekkingstydperk;
i. Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan ’n ander persoon behoort, gedurende die dekkingstydperk.

Ons betaal nie vir skade wat deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak word nie. Ons betaal egter wel vir verlies of skade wat veroorsaak word deur vloeiende oppervlakwater wat grond wat die gebou stut, wegspoel.

Ons betaal nie vir regsaanspreeklikheid wat voortspruit uit of verband hou met die versekerde se besigheid of beroep nie.

### 5.6 Aanspreeklikheid vir huiswerkers

Ons betaal vir die koste waarvoor jy regtens aanspreeklik is voortspruitend uit toevallige sterfte of liggaamlike besering van jou huiswerker wanneer die huiswerker by jou in diens is.

Ons betaal nie indien dit gekoppel is aan ’n kriminele daad teen jou voortspruitend uit ’n beweerde oortreding van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993, nie.

Ons betaal nie vir regsaanspreeklikheid wat voortspruit uit of verband hou met die versekerde se besigheid of beroep nie.

## 6. Opsionele uitbreiding van dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het. Indien jy dit gekoop het, sal dit in die bylae aangedui wees. Daar is ekstra premies vir hierdie uitbreidings.

### 6.1 Besigheid vanaf huis

Indien jy vanaf die huis 'n besigheid bedryf, betaal ons vir regsaanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks met jou besigheid of beroep verband hou.

#### 6.1.1 Voorwaardes vir hierdie dekking

Die besigheid of beroep moet by die huis bedryf word en jy gebruik die huis hoofsaaklik om daarin te woon.

Jou besigheid moet hetsy:

a. uit 'n kantoor, spreekkamer of tuisbedryf bestaan; of
b. nie meer as twee persone in diens hê nie en die kanse vir verlies van of skade aan die inhoud of eiendom moenie deur die bedryf van die besigheid vanaf die huis verhoog word nie.

Die besigheid moenie bed-en-ontbyt- of ander akkommodasie teen vergoeding wees nie.

#### 6.1.2 Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Ons betaal nie vir jou regsaanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks uit die volgende voortspruit nie:

6.1.2.1 'n Defek in 'n eiendom waar jy werk of gewerk het indien die skade uit daardie werk voortspruit;
6.1.2.2 Advies of behandeling wat deur jou of onder jou leiding gegee word;
6.1.2.3 Goedere of produkte wat jy verkoop of verskaf, insluitend houers, etikette en instruksies;
6.1.2.4 Enige kontrak vir die verrigting van werk;
6.1.2.5 Enige aktiwiteite wat regstreeks verband hou met 'n opvoedkundige aktiwiteit vir 'n opvoedkundige instelling;
6.1.2.6 Enige aktiwiteite wat regstreeks verband hou met die versorging van kinders (soos kindersorg, kleuterskool, nasorg);
6.1.2.7 Enige gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling van die polis kan lei wat jy nie by ons aangemeld het nie.

## 7. Hoe ons betaal

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag, insluitend alle koste en uitgawes:

7.1 waarvoor jy regtens aanspreeklik is en wat jy met ons skriftelike toestemming aangegaan het; en
7.2 waarvoor jy regtens aanspreeklik is om te betaal as regskoste van 'n ander persoon; en
7.3 wat van jou verhaal kan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit dieselfde gebeurtenis. Dit beteken dat indien daar meer as een eiser is, ons vir alle eise saam nie meer as die maksimum dekkingsbedrag sal betaal nie.

# Uitgebreide dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid

## Afdeling J



Uitgebreide dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid is aanvullende dekking vir dekking wat jy reeds vir persoonlike regsaanspreeklikheid het – hetsy ingevolge hierdie polis of ’n ander polis wat jy besit.

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir UITGEBREIDE DEKKING VIR PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 en die omskrywings vir DEKKING VIR PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID lees.

Eiendom beteken enige eiendom wat sigbaar en tasbaar is op enige plek in die wêreld, maar sluit spesifiek intellektuele eiendom uit.

Onderliggende dekking beteken ’n aktiewe versekeringspolis wat jy besit en wat jou vir regsaanspreeklikheid dek. Dit kan by enige van die volgende wees:

1. ’n Suid-Afrikaanse versekeraar wat een of meer van jou aanspreeklikhede dek:
   - Persoonlike;
   - Huiseienaars;
   - Huurders;
   - Motor;
   - Watervaartuig.
2. ’n Versekeraar op enige plek in die wêreld, wat motor-, watervaartuig- of huiseienaarsaanspreeklikheid dek, waar jy plaaslike dekking vir regsaanspreeklikheid moes koop.

### 2. Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Ons betaal alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is om te betaal ten opsigte van die volgende verlies of skade wat gedurende die dekkingstydperk ingevolge hierdie polis op enige plek in die wêreld gebeur:

2.1 Toevallige sterfte of liggaamlike besering of siekte van enige persoon;

2.2 Toevallige verlies van of skade aan eiendom.

Ons betaal slegs as:

2.3 jy nie dekking vir hierdie persoonlike regsaanspreeklikheid ingevolge die onderliggende dekking kan kry nie;

2.4 die onderliggende dekking spesifiek hierdie persoonlike regsaanspreeklikheid uitsluit;

2.5 die bedrag van jou regsaanspreeklikheid meer is as die aanspreeklikheidsperk van die onderliggende dekking en die versekeraar van die onderliggende dekking betaal het of aanspreeklikheid erken het of verantwoordelik gehou is om die aanspreeklikheidsperk te betaal. Die aanspreeklikheidsperk word vir hierdie afdeling geag minstens R2,500,000 te wees. Dit beteken ons betaal vir die gedeelte van die eis wat meer as R2,500,000 is.

### 3. Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

Ons betaal nie vir die volgende gebeurtenisse en items nie:

#### 3.1 Sterfte of liggaamlike besering

Ons betaal nie vir sterfte, liggaamlike besering of siekte nie:

3.1.1 van jou of enige lid van jou gesin;

3.1.2 wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur ander diere as jou troetelhonde en -katte.

### 3.2 Industriële siekte van werknemers

Ons betaal nie vir 'n industriële siekte van werknemers wat uit hul diens by jou voortspruit nie.

### 3.3 Verlies van of skade aan eiendom

Ons betaal nie vir verlies van of skade aan eiendom nie:

3.3.1 wat aan jou, jou gesin of jou werknemers behoort;

3.3.2 onder jou toesig of beheer, behalwe toevallige skade veroorsaak deur 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word en in die afdeling HUISINHOUD gespesifiseer is, insluitend skade aan vaste sanitêre ware of vaste glas en water-, gas-, riool-, elektrisiteits- of telefoonverbindings na residensiële geboue of buitegehoue wat jy die reg het om te huur.

### 3.4 Regsaanspreeklikheid

Ons betaal nie vir regsaanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks uit die volgende voortspruit nie:

3.4.1 Jou besigheid of beroep of werk, insluitend die verkoop van goedere of verskaffing van dienste teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding;

3.4.2 Jou uitverhuring van 'n hele of deel van 'n eiendom (behalwe residensiële eiendom in Suid-Afrika) teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding;

3.4.3 Jou besit of gebruik van enige lugvaartuig behalwe modelvliegtuie en vlerksweeftuie;

3.4.4 Jou verhuring van 'n hele of deel van 'n eiendom teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding, tensy die geboue deur hierdie polis gedek word;

3.4.5 Die koop, verkoop of ruil van eiendom;

3.4.6 Syfering, besoedeling of kontaminasie;

3.4.7 MIV of VIGS;

3.4.8 Enige wet wat die gebruik van motorvoertuie beheer indien jy volgens wet dekking vir regsaanspreeklikheid moet hê of indien die staat of ander staatsliggaam regsaanspreeklikheid aanvaar het. Dit geld ongeag of jy die dekking gekoop het;

3.4.9 Enige eis vir vaartuigverantwoordelikheid indien die regsaanspreeklikheid deur onderliggende dekking gedek word, behalwe:

- indien die regsaanspreeklikheid ontstaan buite die gebiede wat op die onderliggende dekking van toepassing is; of
- indien die totale lengte van die watervaartuig meer as 6,7 meter is;

3.4.10 Enige klousules oor gelikwideerde skadevergoeding, strafklousules of werkverrigtingswaarborge, behalwe indien die eiser kan bewys dat jy selfs sonder hierdie klousules of waarborge regsaanspreeklikheid sou gehad het. Gelikwideerde skadevergoeding is skadevergoeding wat seker is omdat dit skriftelik ooreengekom of deur 'n vonnis beslis is;

3.4.11 Die koste van of met betrekking tot enige vonnis, toekenning, betaling of skikking in die Verenigde State van Amerika of Kanada of enige land wat aan die wette van daardie lande onderhewig is, selfs al word die koste formeel goedgekeur deur 'n hof in 'n ander land, tensy die vonnis, toekenning, betaling of skikking in 'n bevoegde hof in Suid-Afrika bekragtig word;

3.4.12 Enige bestraffende skadevergoeding, boetes of strafheffings op enige plek in die wêreld, insluitend Suid-Afrika;

3.4.13 Verlies van of skade aan eiendom wat ook deur 'n ander versekeringspolis gedek word;.

3.4.14 Oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige verleiding of liggaamlike aanranding deur jou;

3.4.15 Jou roekelose verontagsaming van die moontlike gevolge van jou dade of versuim;

3.4.16 Skuld;

3.4.17 Die koste van skoonmaak, verwydering, omkering van die effek van skade, of herstel van eiendom wat verloor of beskadig is deur syfering, besoedeling of kontaminasie;

3.4.18 'n Eis vir 'n gebeurtenis tussen jou en 'n persoon wat in jou polis benoem is, selfs al is daardie persoon sedertdien uit jou polis verwyder;

3.4.19 'n Eis vir motor-regsaanspreeklikheid, tensy sodanige motor-regsaanspreeklikheid gedek word of gedek kan word deur enige van die onderliggende versekerings, behalwe 'n eis wat alleenlik op grond van gebiedsbeperkings uitgesluit word;

3.4.20 'n Eis wat voortspruit uit jou versuim om onderhoud of enige bedrae na die verbreking van 'n belofte te betaal;

3.4.21 Skade aan 'n selfaangedrewe voertuig, sleepwa, woonwa, vaartuig of lugvaartuig wat in die versekerde se sorg, bewaring of beheer is.

## 4. Voorwaardes wat spesifiek op jou uitgebreide dekking vir persoonlike regsaanspreeklikheid betrekking het

Hierdie voorwaardes geld benewens die *Algemene bepalings en voorwaardes* op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis.

### 4.1 Jy moet versekering vir persoonlike regsaanspreeklikheid hê

Ten tyde van 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word, moet jy onderliggende dekking hê wat genoeg dekking vir die *Gebeurtenisse wat deur ons gedek word* in hierdie afdeling voorsien. Jy moet aan al die voorwaardes van die onderliggende dekking voldoen het.

Vir 'n gebeurtenis wat nie deur onderliggende dekking gedek word nie, kan slegs ons besluit hoe sake hanteer en eise betaal moet word.

### 4.2 Die versekeraars moenie regsaanspreeklikheid erken nie

Na 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word, moet jy alle redelike stappe doen om seker te maak dat die onderliggende versekeraars, sonder ons skriftelike toestemming:

4.2.1 nie skuld erken nie;

4.2.2 nie aanspreeklikheid erken nie;

4.2.3 nie aanbied om 'n derde party se eis teen jou te skik of te betaal nie;

4.2.4 nie beloftes met betrekking tot die gebeurtenis aan enigiemand anders maak nie.

### 4.3 Die versekeraars moet met ons saamwerk

Jy moet alle redelike stappe doen om seker te maak dat die onderliggende versekeraars met ons saamwerk in 'n verdedigings- of skikkingsproses van 'n eis. Die koste wat aangegaan word in die verdedigings- of skikkingsproses, asook bedrae wat ons van die eiser kan verhaal, sal tussen ons en die onderliggende versekeraar gedeel word ooreenkomstig die dekking ingevolge die onderskeie polisse.

Die klousules met betrekking tot *Dek eiendom vir die volle waarde (eweredigheidsbeginsel)* (sien bladsy 11) en *Ons betaal nie vir dieselfde verlies of skade in meer as een afdeling nie* (sien bladsy 9) geld nie vir UITGEBREIDE DEKKING VIR PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID nie.

## 5. Hoe ons betaal

Ons betaal die gedeelte van die eis wat meer is as die bedrag wat die versekeraar van die onderliggende dekking moet betaal of betaal het uit jou onderliggende dekking of R2,500,000, wat ook al die grootste is.

Geriefshalwe herhaal ons die omskrywing van regsaanspreeklikheidsperk hier.
Regsaanspreeklikheidsperk is die maksimum dekkingsbedrag vir persoonlike regsaanspreeklikheid wat in die onderliggende dekking toegestaan word. Waar die regsaanspreeklikheidsperk minder as R2,5 miljoen is, hanteer ons dit asof dit R2,5 miljoen is vir die doeleindes van hierdie afdeling.

### 5.1 Betaalformules

#### 5.1.1 *Indien die eis vir meer as die maksimum dekkingsbedrag is*

Die maksimum dekkingsbedrag minus die grootste van die volgende twee bedrae:

a. Die werklike bedrag wat die onderliggende versekeraar moet betaal of betaal het; of

b. Die aanspreeklikheidsperk.

Voorbeeld:

Die maksimum dekkingsbedrag is R5 miljoen. Die eis is vir R6 miljoen. Jy het onderliggende versekering vir R1 miljoen en die onderliggende versekeraars betaal hierdie bedrag. Met die toepassing van die formule hierbo, betaal ons:

R5 miljoen minus R2,5 miljoen = R2,5 miljoen. (Dit is omdat ons die aanspreeklikheidsperk as R2,5 miljoen hanteer.).

Ons trek die bybetaling af van bedrae wat ons betaal.

**5.1.2** ***Indien die eis vir minder as die maksimum dekkingsbedrag is***

Die eisbedrag minus die grootste van die volgende twee bedrae:

a. Die werklike bedrag wat die onderliggende versekeraar moet betaal of betaal het; of

b. Die aanspreeklikheidsperk.

> Voorbeeld:
>
> Die maksimum dekkingsbedrag is R5 miljoen. Die eis is vir R4 miljoen. Jy het onderliggende versekering vir R3 miljoen en die onderliggende versekeraars betaal hierdie bedrag. Met die toepassing van die formule hierbo, betaal ons:
>
> R4 miljoen minus R3 miljoen = R1 miljoen.
>
> Ons trek die bybetaling af van bedrae wat ons betaal.

5.2 Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae. Die maksimum dekkingsbedrag sluit alle koste en uitgawes in:

5.2.1 waarvoor jy regtens aanspreeklik is en wat jy met ons skriftelike toestemming aangegaan het; en

5.2.2 waarvoor jy regtens aanspreeklik is om te betaal as regskoste van ’n ander persoon; en

5.2.3 wat van jou verhaal kan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit dieselfde gebeurtenis. Dit beteken dat indien daar meer as een eiser is, ons vir alle eise saam nie meer as die maksimum dekkingsbedrag sal betaal nie.

# Persoonlike ongevalledekking
## Afdeling K

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir PERSOONLIKE ONGEVALLEDEKKING. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.



Jy beteken persone jonger as 75 jaar wat in die bylae benoem is.

Ons sal jou slegs toelaat om dekking vir jou, jou gade en jou kinders, albei ouers van jou en jou gade, en jou heeltydse huiswerker, te koop.

Ongeluk beteken 'n onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat op eksterne, sigbare en gewelddadige wyse veroorsaak word en tot besering, ongeskiktheid of sterfte binne 24 kalendermaande kan lei. Die ongeluk moet gebeur het onafhanklik van alle ander oorsake of fisieke gestremdhede of swakhede wat ten tye van die ongeluk bestaan het.

**LW:** Hierdie omskrywing van ongeluk verskil van ander afdelings van die polis. Jy moet hierdie omskrywing op hierdie afdeling toepas.

Besering beteken liggaamlike besering veroorsaak op toevallige gewelddadige, eksterne en sigbare wyse as gevolg van 'n ongeluk, insluitend blootstelling aan die natuurelemente, verhongering of dors.

### 2. Gebeurtenisse wat deur ons gedek word

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het. Indien jy dit gekoop het, sal dit in die bylae aangedui wees. Daar is ekstra premies vir hierdie dekking.

2.1 Sterfte;
2.2 Permanente totale ongeskiktheid;
2.3 Permanente totale ongeskiktheid;
2.4 Mediese uitgawes;

Sterfte beteken toevallige lewensverlies wat regstreeks veroorsaak word deur liggaamlike besering in 'n ongeluk, insluitend verdwyning en indien daar na 'n jaar bevredigende bewyse gelewer kan word om te aanvaar dat jy gesterf het as gevolg van 'n ongeluk wat ons sou gedek het.

Ons betaal die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.
In die geval van verdwyning moet ons 'n afskrif van die hofbevel oor vermoede van dood ontvang.
Indien daar later uitgevind word dat jy nie gesterf het nie maar leef, moet enige bedrag wat deur ons betaal is aan ons terugbetaal word.

Permanente totale ongeskiktheid beteken 'n besering wat lei tot jou totale onvermoë om werk van enige aard te doen, en wat waarskynlik die res van jou lewe sal voortduur. Dit is die verlies van gebruik of verlies van ledemate of sintuie (maar nie reuk- of tassintuig nie).

Ons betaal 'n persentasie van die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae, in ooreenstemming met die persentasies wat in die tabel van voordele hieronder aangedui word.

Tydelike totale ongeskiktheid beteken die totale onvermoë om werk in jou gewone beroep te doen, of voort te gaan met die werk waarvoor jy opgelei is. Die onvermoë om te werk moet regstreeks as gevolg van 'n ongeluk wees wat tot liggaamlike besering lei wat tydelik van aard is.

Ons betaal die maksimum dekkingsbedrag per week en aantal weke soos aangedui in die bylae vir die ongeskiktheid, maar slegs tot 'n maksimum van 104 weke. Die tydelike ongeskiktheid moet sewe opeenvolgende dae of langer aanhou.

Mediese uitgawes beteken koste wat jy aangaan vir mediese, chirurgiese, tandheelkundige, oog-, verpleeg- of hospitaalbehandeling, kunsmatige hulpmiddels of prosteses en noodvervoer in verband met die behandeling binne 24 kalendermaande na die ongeluk. Dit sluit ook jou bevryding in as jy vasgekeer is, en om jou na 'n veilige plek te bring.

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.
Ons betaal slegs as die koste nie van 'n ander bron, insluitend mediese fonds, verhaal kan word nie.

## 3. Gebeurtenisse wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

Ons betaal nie vir sterfte, besering, tydelike verlies van inkomste, permanente totale ongeskiktheid of mediese uitgawes as gevolg van die volgende nie:

3.1 Opsetlike selfbesering en blootstelling aan gevaar, selfmoord of poging tot selfmoord;
3.2 Indien jy ten tye van die ongeluk ouer as 75 jaar is, tensy skriftelik met ons ooreengekom en in die bylae aangedui is;
3.3 Enige mediese toestand, siekte of kwaal wat bestaan het voordat dekking begin het, insluitend kranksinnigheid of stresverwante toestande;
3.4 Enige mediese toestand wat vererger word deur swangerskap, kindergeboorte, miskraam, verloskundige prosedures of verwante prosedures;
3.5 As jy onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels is wat nie deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgeskryf is en volgens die voorskrif gebruik word nie. Jy mag nie die dokter wees wat dit voorskryf nie;
3.6 Opsetlike wangedrag waar jy opsetlik 'n wet oortree, 'n aanval uitlok of rus verstoor;
3.7 Diens of opleiding in 'n polisiemag, militêre, paramilitêre of burgermag, vloot of lugmag van enige land of organisasie;
3.8 Jou werk gemoeid met of deelname aan ondergrondse mynboubedrywighede, grotduik en spelonkery, of tonnelgrawing;
3.9 Jou werk gemoeid met of deelname aan die vervaardiging van krygstoerusting of plofstowwe, of die verfyning van petroleumprodukte;
3.10 As jy vlieg of per lug reis, insluitend as 'n lid van die vlugbemanning, of vlieg vir enige bedryfs- of tegniese doeleindes wat met die lugvaartuig verband hou. Dit is nie van toepassing indien jy 'n passasier is op 'n lugvaartuig wat ten volle gelisensieer is om passasiers te vervoer en deur 'n gelisensieerde vlieënier gevlieg word nie;
3.11 Jou deelname aan:
    3.11.1 spoed-, uithourenne of wedrenne in of op 'n gemotoriseerde voertuig of vaartuig;
    3.11.2 sport van enige aard in 'n professionele hoedanigheid of waarvoor vergoeding (soos borgskappe of betaling van fooie) ontvang word, insluitend rugby, krieket, fietsry, sokker en grootwildjag;
    3.11.3 sport of stokperdjies wat buitengewone risiko vir 'n ongeluk inhou, insluitend polo, hinderniswedlope of -renne, wintersport (waarby sneeu of ys betrokke is, soos ski, sneeubordry), skubaduik en visjag;
    3.11.4 stoei, boks of gevegskunste;
    3.11.5 ekstreme sportsoorte, stokperdjies of aktiwiteite, insluitend valskermspring, rekspring, vryval valskermspronge, brug- of basis-spring, vryklim, bergklim waarby toue of 'n gids betrokke is, vlerksweef of valskermsweef;
    3.11.6 fmotorfietsry, veldfiets- of vierwielmotorfietsry (hetsy as bestuurder of passasier);
    3.11.7 diens as 'n bemanningslid op skepe of aflandige boortorings;
    3.11.8 enige oproer, burgerlike opstand of terreurdaad.

## 4. Voorwaardes wat spesifiek op jou persoonlike ongevalledekking betrekking het

Hierdie voorwaardes geld benewens die *Algemene bepalings en voorwaardes* op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis.

4.1 Na 'n ongeluk wat lei tot 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word, moet jy 'n geregistreerde mediese praktisyn besoek. Jy moet binne 'n redelike tyd behandeling ondergaan wat die praktisyn nodig ag.

Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, kan ons weier om jou te betaal vir nagevolge weens jou versuim om die advies en behandeling te volg.

4.2 Vir sterfte-eise kan ons 'n nadoodse ondersoek aanvra. Ons sal vir die nadoodse ondersoek betaal.

4.3 Jy moet so dikwels as wat nodig is, wanneer ons daarom vra, mediese ondersoeke in verband met jou besering ondergaan. Ons sal vir hierdie ondersoeke betaal.

4.4 Die sterfte of permanente totale ongeskiktheid moet plaasvind binne 24 kalendermaande na die ongeluk wat die besering veroorsaak het.

4.5 Indien vermoed word dat jy dood is en daar later uitgevind word dat jy leef, moet die persoon aan wie ons 'n eis uitbetaal het die bedrag terugbetaal.

## 5. Outomatiese uitbreidings van basiese dekking vir persoonlike ongevalle

Jy kry hierdie uitgebreide dekking outomaties tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae vir elk van hierdie uitbreidings.

### 5.1 Addisionele mediese uitgawes

Ons sal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae betaal vir enige mediese uitgawes wat jy in die 12 maande na die ongeluk aangaan.

Ons betaal slegs as die koste nie van 'n ander bron, insluitend mediese fonds, verhaal kan word nie.

Addisionele aanvullingsdekking tot die maksimum dekkingsbedrag kan teen 'n ekstra premie gekoop word.

### 5.2 Traumabehandeling

Ons betaal vir traumaberading indien jy die slagoffer van 'n geweldsdaad of traumatiese ongeluk is. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou is ten tye van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as al hierdie kriteria van toepassing is:

5.2.1 Die behandeling word deur 'n geregistreerde professionele berader gegee.

5.2.2 Die behandelingskoste kan nie van enige ander bron verhaal word nie.

5.2.3. Die geweldsdaad word by die polisie aangemeld.

### 5.3 Ontvallingskoste

Indien jy weens 'n ongeluk sterf, betaal ons aan jou begunstigde of jou boedel ontvallingskoste tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.

Ontvalling beteken die routydperk na die sterfte van 'n geliefde.

### 5.4 Repatriasie (terugbring) van jou stoflike oorskot na Suid-Afrika

Indien jy weens 'n ongeluk sterf terwyl jy buite Suid-Afrika is, betaal ons aan jou begunstigde of jou boedel die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae, om jou stoflike oorskot na Suid-Afrika terug te bring. Ons betaal slegs as jou sterfte veroorsaak is deur 'n ongeluk wat deur ons gedek word. Ons betaal slegs as die koste nie van enige ander bron verhaal kan word nie.

### 5.5 Lewensondersteuning-masjiene

Ons sal tot die maksimum dekkingsbedrag betaal vir die koste van lewensondersteuning-masjiene en toerusting na 'n ongeluk.

Jy word nie ingevolge hierdie afdeling vir sterfte gedek indien jou lewe slegs as gevolg van lewensondersteuning-masjiene met meer as een maand na die 24-maandeperk vir sterfte-eise verleng word nie.

Ons betaal slegs as die koste nie van 'n ander bron soos 'n mediese fonds verhaal kan word nie.

### 5.6 Mobiliteitsaanpassings

Ons sal na permanente ongeskikraking weens 'n ongeluk wat deur ons gedek word, tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae betaal vir 'n rolstoel en aanpassings aan jou motor.

Ons betaal slegs as die koste nie van 'n ander bron soos 'n mediese fonds verhaal kan word nie.

## 6. Tabel van voordele

| Tabel van voordele | | |
|---|---|---|
| Beskrywing van Besering | | Persentasie Vergoeding |
| **Sterfte** | | 100% |
| **Permanente ongeskiktheid** | | |
| Verlies deur fisieke skeiding by of bo die gewrig of enkel, van een of meer ledemate | | 100% |
| Sintuie (ore, gehoor, oë, sig en spraak) | Die volle en onomkeerbare verlies van sig in een oog of albei oë | 100% |
| | Sig, behalwe waarneming van lig | 75% |
| | Ooglens | 75% |
| | Spraak | 100% |
| Totale verlamming of permanent bedlêend | | 100% |
| Verlies van albei hande of voete of een hand en een voet | | 100% |
| Enige ander besering wat permanente ongeskiktheid veroorsaak | | 100% |
| Verlies van vier vingers | | 70% |
| Verlies van duim | Albei vingerbeentjies | 25% |
| | Een vingerbeentjie | 10% |
| Verlies van wysvinger | Drie vingerbeentjies | 10% |
| | Twee vingerbeentjies | 8% |
| | Een vingerbeentjie | 4% |
| Verlies van middelvinger | Drie vingerbeentjies | 6% |
| | Twee vingerbeentjies | 4% |
| | Een vingerbeentjie | 2% |
| Verlies van ringvinger | Drie vingerbeentjies | 6% |
| | Twee vingerbeentjies | 4% |
| | Een vingerbeentjie | 2% |
| Verlies van pinkie | Drie vingerbeentjies | 4% |
| | Twee vingerbeentjies | 3% |
| | Een vingerbeentjie | 2% |

| Tabel van voordele | | |
|---|---|---|
| **Beskrywing van Besering** | | **Persentasie Vergoeding** |
| Verlies van middelhandbeentjies | Eerste of tweede (addisioneel) | 3% |
| | Derde, vierde of vyfde (addisioneel) | 2% |
| Verlies van tone | Almal | 30% |
| | Groottoon – albei toonbeentjies | 15% |
| | Een toonbeentjie | 2% |
| | Ander tone as groottoon – elke toon wat verloor word | 1% |
| Gehoorverlies | Albei ore | 80% |
| | Een oor | 25% |
| Brandwonde | Permanente skending weens brandwonde tot 100% van oppervlak van die nek en gesig, of albei | Maksimum 60% na gelang van die persentasie van die oppervlak wat geskend is |
| | Permanente skending weens brandwonde tot 100% van liggaamsoppervlak behalwe die nek en gesig | Maksimum 30% na gelang van die persentasie van die oppervlak wat geskend is |
| | Indien die persentasie skending ten opsigte van brandwonde minder as 100% van die oppervlak-areas is, ken ons 'n persentasie van die vergoeding toe wat strook met die werklike skending wat jy opgedoen het | |
| | Ons betaal nie as die skending minder as 10% van die oppervlak is soos hierbo beskryf word nie | |
| | Permanente totale verlies van gebruik van 'n deel van die liggaam sal as verlies van daardie liggaamsdeel hanteer word | |
| Permanente totale verlies van gebruik van 'n deel van die liggaam sal as verlies van daardie liggaamsdeel hanteer word | | |
| Indien die besering nie gespesifiseer word nie, sal ons 'n persentasie van ongeskiktheid aanvaar wat konsekwent met bogenoemde voordele strook. Ons kan die advies van ons mediese adviseurs volg om dit te beoordeel. | | |

## 7. Hoe ons betaal

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae, in ooreenstemming met die tabel van voordele hieronder.

Ons betaal jou, jou begunstigde of jou boedel.

7.1 Vir besering aan jou betaal ons die persentasie vergoeding wat in die tabel van voordele aangedui is.

7.2 Vir 'n sterfte-eis vir 'n persoon onder 15 jaar betaal ons slegs tot die bedrag wat volgens wet toegelaat word.

7.3 Ons sal hoogstens die dekkingsbedrag vir sterfte of permanente totale ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige voordeel vir tydelike totale ongeskiktheid en mediese uitgawes betaal.

7.4 Ons betaal jou slegs vir óf sterfte óf permanente totale ongeskiktheid wat deur dieselfde ongeluk veroorsaak word.

7.5 Ons betaal jou slegs vir óf permanente totale ongeskiktheid óf tydelike totale ongeskiktheid wat deur dieselfde ongeluk veroorsaak word. Ons betaal nie vir albei nie.

7.6 Ons betaal jou slegs tot die maksimum dekkingsbedrag vir permanente totale ongeskiktheid wat deur een ongeluk veroorsaak word. Die totale bedrag wat ons vir enige enkele ongeluk betaal, sal nie meer as 100% van die maksimum dekkingsbedrag wees nie.

7.7 Indien jou sterfte toe te skryf is aan dieselfde ongeluk as wat permanente totale ongeskiktheid veroorsaak het waarvoor ons jou betaal het, sal ons betalings vir permanente totale ongeskiktheid aftrek van die bedrag wat ons vir sterfte betaal.

7.8 Indien jou permanente totale ongeskiktheid toe te skryf is aan dieselfde ongeluk as wat tydelike totale ongeskiktheid veroorsaak het waarvoor ons jou betaal het, sal ons betalings vir tydelike totale ongeskiktheid aftrek van die bedrag wat ons vir permanente totale ongeskiktheid betaal.

# Motor persoonlike ongevalledekking
## Afdeling L



### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir MOTOR PERSOONLIKE ONGEVALLEDEKKING. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.

Jy beteken persone van jonger as 75 jaar wat in die bylae benoem word, insluitend bestuurder en passasier indien dit ooreenstem met die tipe dekking wat jy gekoop het.

### 2. Tipes dekking

Jy kan uit drie tipes dekking kies. Elke tipe dekking het ’n vasgestelde eenheid wat jou ’n standaard-dekkingsperk gee.

2.1 Enige bestuurder beteken enige persoon van jonger as 75 jaar wat die motor bestuur of in beheer daarvan is, en wat in die bylae aangedui is.

2.2 Enige bestuurder en passasier beteken enige persoon van jonger as 75 jaar wat die motor bestuur of daarin vervoer word, en wat in die bylae aangedui is. Die getal passasiers word beperk tot die wettige sitplekkapasiteit van die motor, tot ’n maksimum van nege passasiers.

2.3 Genoemde persoon beteken enige persoon van jonger as 75 jaar wat in die bylae aangedui is.

Hierdie dekking geld slegs as die versekerde persoon in die permanente omslote, toe bestuurs- of passasierskompartement van ’n motorvoertuig reis. Hierdie dekking geld nie vir persone wat in of agterop voertuie wat goedere vervoer, motorfietse of afslaankap-voertuie reis nie.

| | Perk vir die tipes dekking van elke eenheid | |
|---|---|---|
| Tipes dekking | 1. Enige bestuurder (Tariewe per genoemde bestuurder) | |
| | 2. Enige passasier en bestuurder (Tariewe per sitplekkapasiteit – maksimum 9 passasiers) | |
| | 3. Genoemde Persoon/Persone (Tariewe per genoemde bestuurder) | |
| Eenhede | Dood en permanente totale ongeskiktheid | Mediese uitgawes |
| 1 | R250,000 | R10,000 |
| 2 | R500,000 | R20,000 |
| 3 | R750,000 | R30,000 |
| 4 | R1,000,000 | R40,000 |
| 5 | R1,250,000 | R50,000 |
| 6 | R1,500,000 | R60,000 |
| 7 | R1,750,000 | R70,000 |
| 8 | R2,000,000 | R80,000 |

Motorongeluk beteken ’n onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat op eksterne, sigbare en gewelddadige wyse veroorsaak word en tot besering of sterfte kan lei. Die motorongeluk moet direk en onafhanklik gebeur het van alle ander oorsake of fisieke gestremdhede of swakhede wat ten tye van die motorongeluk bestaan het.

Besering beteken fisieke trauma wat op toevallige gewelddadige, eksterne en sigbare wyse deur ’n motorongeluk veroorsaak word. Die motorongeluk moet gebeur het onafhanklik van alle ander oorsake of fisieke gestremdhede of swakhede wat ten tyde van die motorongeluk bestaan het.

## 3. Gebeurtenisse wat deur ons gedek word

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit in die bylae aangedui is. Daar is ekstra premies vir hierdie dekking.

3.1 Sterfte;
3.2 Permanente totale ongeskiktheid;
3.3 Mediese uitgawes.

Sterfte beteken toevallige lewensverlies wat regstreeks veroorsaak word deur liggaamlike besering in 'n ongeluk, insluitend verdwyning en indien daar na 'n jaar bevredigende bewyse gelewer kan word om te aanvaar dat jy gesterf het as gevolg van 'n ongeluk wat ons sou gedek het.

Ons betaal die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.
In die geval van verdwyning moet ons 'n afskrif van die hofbevel oor vermoede van dood ontvang. Indien daar later uitgevind word dat jy nie gesterf het nie maar leef, moet enige bedrag wat deur ons betaal is aan ons terugbetaal word.

Permanente totale ongeskiktheid beteken 'n liggaamlike besering wat jou geheel en al verhoed om werk van enige aard te doen en dat die toestand waarskynlik vir die res van jou lewe sal voortduur. Dit is die verlies van gebruik of verlies van ledemate of sintuie (maar nie reuk- of tassintuig nie).

Ons betaal 'n persentasie van die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae, in ooreenstemming met die persentasies wat in die tabel van voordele hieronder aangedui word.

Mediese uitgawes beteken mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeg- of hospitaalbehandeling en noodvervoer in verband met die behandeling binne 24 maande na die motorongeluk. Dit sluit ook die uitgawes in wat aangegaan word om jou te bevry uit die voertuig wat in die motorongeluk was, en kunsledemate en hulpmiddels.

## 4. Gebeurtenisse wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

Ons betaal nie vir sterfte, besering, permanente totale ongeskiktheid of mediese uitgawes as gevolg van die volgende nie:

4.1 Opsetlike selfbesering en blootstelling aan gevaar, selfmoord of poging tot selfmoord;
4.2 Indien jy ten tye van die ongeluk ouer as 75 jaar is, tensy skriftelik met ons ooreengekom en in die bylae aangedui is;
4.3 Enige mediese toestand, siekte of kwaal wat bestaan het voordat dekking begin het, insluitend kranksinnigheid of stresverwante toestande;
4.4 As jy onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels is wat nie deur 'n dokter voorgeskryf is en volgens die voorskrif gebruik word nie. Jy mag nie die dokter wees wat dit voorskryf nie;
4.5 Opsetlike wangedrag waar jy opsetlik 'n wet oortree, 'n aanval uitlok of rus verstoor;
4.6 As jy vlieg of per lug reis, tensy dit as 'n passasier is op 'n lugvaartuig wat ten volle gelisensieer is om passasiers te vervoer en jy nie 'n lid van die vlugbemanning is of vlieg vir enige bedryfs- of tegniese doeleindes wat met die lugvaartuig verband hou nie;
4.7 Jou deelname aan:
  4.7.1 Spoed-, uithourenne of wedrenne in of op 'n gemotoriseerde voertuig of vaartuig;
  4.7.2 Motorfietsry, veldfiets- of vierwielmotorfietsry (hetsy as bestuurder of passasier);
  4.7.3 Enige oproer, burgerlike opstand of terreurdaad.

## 5. Voorwaardes wat spesifiek op jou motor persoonlike ongevalledekking betrekking het

Hierdie voorwaardes geld benewens die Algemene voorwaardes op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis

5.1 Na 'n motorongeluk wat lei tot 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word, moet jy 'n geregistreerde mediese praktisyn besoek. Jy moet binne 'n redelike tyd behandeling ondergaan wat die praktisyn nodig ag. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, kan ons weier om jou te betaal vir nagevolge weens jou versuim om die advies en behandeling te volg.

5.2 Vir sterfte-eise kan ons 'n nadoodse ondersoek aanvra. Ons sal vir die nadoodse ondersoek betaal.

5.3 Jy moet so dikwels as wat nodig is, wanneer ons daarom vra, mediese ondersoeke in verband met jou besering ondergaan. Ons sal vir hierdie ondersoeke betaal.

5.4 Die sterfte of permanente totale ongeskiktheid moet binne 24 maande na die motorongeluk gebeur.

5.5 Indien jy as dood beskou word en daar later uitgevind word dat jy leef, moet die persoon aan wie ons 'n eis uitbetaal het die bedrag terugbetaal.

## 6. Outomatiese uitbreidings van basiese dekking vir motor persoonlike ongevalle

Jy kry outomaties hierdie uitgebreide dekking tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae vir elk van hierdie uitbreidings.

### 6.1 Addisionele mediese uitgawes

Ons sal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae betaal vir enige mediese uitgawes wat jy in die 12 maande na die ongeluk aangaan.

Ons betaal slegs as die koste nie van 'n ander bron, insluitend mediese fonds, verhaal kan word nie.

Addisionele aanvullingsdekking tot die maksimum dekkingsbedrag kan teen 'n ekstra premie gekoop word.

### 6.2 Traumabehandeling

Ons betaal vir traumaberading indien jy die slagoffer van 'n geweldsdaad of traumatiese ongeluk is. Ons betaal ook vir traumaberading vir enige persoon wat by jou is ten tye van die gebeurtenis. Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon. Ons betaal slegs as al hierdie kriteria van toepassing is:

6.2.1. Die behandeling word deur 'n geregistreerde professionele berader gegee;

6.2.2. Die behandelingskoste kan nie van enige ander bron verhaal word nie;

6.2.3. Die geweldsdaad word by die polisie aangemeld.

### 6.3 Ontvallingskoste

Indien jy weens 'n ongeluk sterf, betaal ons aan jou begunstigde of jou boedel ontvallingskoste tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae.

Ontvalling beteken die routydperk na die sterfte van 'n geliefde.

### 6.4 Repatriasie (terugbring) van jou stoflike oorskot na Suid-Afrika

Indien jy weens 'n ongeluk sterf terwyl jy buite Suid-Afrika is, betaal ons aan jou begunstigde of jou boedel die redelike koste tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die bylae, om jou stoflike oorskot na Suid-Afrika terug te bring. Ons betaal slegs as jou sterfte veroorsaak is deur 'n ongeluk wat deur ons gedek word. Ons betaal slegs as die koste nie van enige ander bron verhaal kan word nie.

### 6.5 Lewensondersteuning-masjiene

Ons sal tot die maksimum dekkingsbedrag betaal vir die koste van lewensondersteuning-masjiene en toerusting na 'n ongeluk.

Jy word nie ingevolge hierdie afdeling vir sterfte gedek indien jou lewe slegs as gevolg van lewensondersteuning-masjiene met meer as een maand na die 24-maandeperk vir sterfte-eise verleng word nie.

Ons betaal slegs as die koste nie van 'n ander bron soos 'n mediese fonds verhaal kan word nie.

## 7. Tabel van voordele

| Beskrywing van besering | | Persentasie vergoeding |
|---|---|---|
| **Sterfte** | | 100% |
| **Permanente ongeskiktheid** | | |
| Verlies deur fisieke skeiding by of bo die gewrig of enkel, van een of meer ledemate | | 100% |
| Sintuie (ore, gehoor, oë, sig en spraak) | Die volle en onomkeerbare verlies van sig in een oog of albei oë | 100% |
| | Sig, behalwe waarneming van lig | 75% |
| | Ooglens | 75% |
| | Spraak | 100% |
| Totale verlamming of permanent bedlêend | | 100% |
| Verlies van albei hande of voete of een hand en een voet | | 100% |
| Enige ander besering wat permanente ongeskiktheid veroorsaak | | 100% |
| Verlies van vier vingers | | 70% |
| Verlies van duim | Albei vingerbeentjies | 25% |
| | Een vingerbeentjie | 10% |
| Verlies van wysvinger | Drie vingerbeentjies | 10% |
| | Twee vingerbeentjies | 8% |
| | Een vingerbeentjie | 4% |
| Verlies van middelvinger | Drie vingerbeentjies | 6% |
| | Twee vingerbeentjies | 4% |
| | Een vingerbeentjie | 2% |
| Verlies van ringvinger | Drie vingerbeentjies | 6% |
| | Twee vingerbeentjies | 4% |
| | Een vingerbeentjie | 2% |
| Verlies van pinkie | Drie vingerbeentjies | 4% |
| | Twee vingerbeentjies | 3% |
| | Een vingerbeentjie | 2% |
| Verlies van middelhandbeentjies | Eerste of tweede (addisioneel) | 3% |
| | Derde, vierde of vyfde (addisioneel) | 2% |

<table>
<tr><th colspan="2">Beskrywing van besering</th><th>Persentasie vergoeding</th></tr>
<tr><td rowspan="4">Verlies van tone</td><td>Almal</td><td>30%</td></tr>
<tr><td>Groottoon – albei toonbeentjies</td><td>15%</td></tr>
<tr><td>Een toonbeentjie</td><td>2%</td></tr>
<tr><td>Ander tone as groottoon – elke toon wat verloor word</td><td>1%</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Gehoorverlies</td><td>Albei ore</td><td>80%</td></tr>
<tr><td>Een oor</td><td>25%</td></tr>
<tr><td rowspan="5">Brandwonde</td><td>Permanente skending weens brandwonde – tot 100% van oppervlak van nek en gesig, of albei</td><td>Maksimum 60% na gelang van die persentasie van die oppervlak wat geskend is</td></tr>
<tr><td>Permanente skending weens brandwonde tot 100% van liggaamsoppervlak behalwe die nek en gesig</td><td>Maksimum 30% na gelang van die persentasie van die oppervlak wat geskend is</td></tr>
<tr><td colspan="2">Indien die persentasie skending ten opsigte van brandwonde minder as 100% van die oppervlak-areas is, ken ons ’n persentasie van die vergoeding toe wat strook met die werklike skending wat jy opgedoen het</td></tr>
<tr><td colspan="2">Ons betaal nie as die skending minder as 10% van die oppervlak is soos hierbo beskryf word nie</td></tr>
<tr><td colspan="2">Permanente totale verlies van gebruik van ’n deel van die liggaam sal as verlies van daardie liggaamsdeel hanteer word</td></tr>
<tr><td colspan="3">Permanente totale verlies van gebruik van ’n deel van die liggaam sal as verlies van daardie liggaamsdeel hanteer word</td></tr>
<tr><td colspan="3">Indien die besering nie gespesifiseer word nie, sal ons ’n persentasie van ongeskiktheid aanvaar wat konsekwent met bogenoemde voordele strook. Ons kan die advies van ons mediese adviseurs volg om dit te beoordeel.</td></tr>
</table>

## 8. Hoe ons betaal

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag soos aangedui in die tabel van voordele hieronder. Daar is maksimum bedrae vir individue asook maksimum bedrae waar meer as een persoon in dieselfde motorongeluk sterf of ’n besering opdoen.

Ons betaal jou, jou begunstigde of jou boedel:

8.1 Ons sal hoogstens R2,080,000 betaal vir enige enkele persoon wat beseer is, en R20,000,000 ongeag die getal persone wat beseer is, voortspruitend uit ’n voorval of reeks voorvalle met een oorsaak.

8.2 Ons sal hoogstens R10,000 betaal by sterfte van ’n persoon wat jonger as 6 jaar is.

8.3 Ons sal hoogstens R30,000 betaal by sterfte van ’n persoon wat jonger as 14 jaar is.

8.4 Ons sal nie meer as 50% van die maksimum dekkingsbedrag betaal indien jy nie ’n sitplekgordel gedra het nie.

8.5 Indien jou sterfte toe te skryf is aan dieselfde motorongeluk as wat permanente totale ongeskiktheid veroorsaak het waarvoor ons jou betaal het, sal ons betalings vir permanente totale ongeskiktheid aftrek van die bedrag wat ons vir sterfte betaal.
8.6 Vir besering aan jou betaal ons die persentasie vergoeding wat in die tabel van voordele aangedui is.
8.7 Ons betaal jou slegs vir óf sterfte óf permanente totale ongeskiktheid wat deur dieselfde ongeluk veroorsaak word.
8.8 Ons betaal jou slegs tot die maksimum dekkingsbedrag vir permanente totale ongeskiktheid wat deur een ongeluk veroorsaak word. Die totale bedrag wat ons vir enige enkele ongeluk betaal, sal nie meer as 100% van die maksimum dekkingsbedrag wees nie.

Indien daar meer persone in die voertuig is as wat ingevolge hierdie afdeling gedek word en almal in dieselfde motorongeluk beserings opdoen, betaal ons die voordele in verhouding tot die getal persone wat gedek word.

Voorbeeld:

John het besluit om die bestuurder en drie passasiers ingevolge hierdie afdeling te dek. Indien die bestuurder en al drie passasiers beseer word, betaal ons 100% van die voordeel. Indien daar egter ’n ekstra passasier is en die bestuurder en al vier passasiers word beseer, betaal ons 80% van die voordeel aan elke persoon.

ZURICH

# Dekking vir regskoste
## Afdeling M



### 1. Die polis is jou kontrak met ons

Dit is jou Regsplan-polis by ons. Ons betaal alle geldige eise indien jy aan die bepalings en voorwaardes van hierdie polis voldoen.

Hierdie polis bestaan uit twee verskillende stelle inligting:

1.1 Hierdie polis en die voordeelbylae, wat saam as een dokument gelees moet word; en

1.2 Jou aansoekvorm.

’n Woord wat in een van die dokumente omskryf word, sal in die ander dokumente dieselfde betekenis hê.

### 2. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie polis betrekking het

Die volgende omskrywings is slegs op hierdie polis van toepassing.

Jy beteken die versekerde wat in die bylae benoem word, en dit sluit in die versekerde se gade, die versekerde se gesinslede wat by die versekerde woon en wat finansieel van die versekerde afhanklik is, en afhanklikes vir wie die versekerde regtens aanspreeklik is.

Ons beteken Zurich Legal Expenses Underwriting Managers SA (Edms) Beperk, die onderskrywingsbestuurders, en Zurich Versekeringsmaatskappy Beperk, die onderskrywers van hierdie polis.

Gade beteken ’n persoon wat die versekerde se lewensmaat is in ’n huwelik, burgerlike verbintenis of verbintenis volgens die gewoontereg, wat deur die Suid-Afrikaanse reg erken word, of wat met die versekerde saamwoon in ’n verhouding wat bedoel is om permanent te wees. Om as ’n gade in hierdie polis te kwalifiseer:

1. moet jy die persoon by Zurich Regsplan geregistreer het;
2. kan slegs een gade by Zurich Regsplan geregistreer wees as ’n versekerde persoon;
3. moet julle minstens ’n jaar lank saamgewoon het indien die persoon nie met jou getroud is nie.

Kinders beteken:

1. Biologiese kinders;
2. Aangenome kinders;
3. Pleegkinders indien hulle deur ’n hofbevel in jou sorg geplaas is;
4. Stiefkinders.

Gesinseenheid beteken al die persone wat gesamentlik deur ons gedek word ingevolge hierdie polis.

Party-en-party-koste is koste wat aangegaan word om ’n eis in te stel of te verdedig. Dit verwys slegs na die fooie en uitbetalings wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die suksesvolle party se prokureur aangegaan word.

Begindatum van dekking van hierdie polis beteken een van die datums hieronder:

1. Die eerste dag van die vyfde maand nadat jy hierdie dekking gekoop het; of
2. Die eerste dag van die vyfde maand nadat jy hierdie dekking hernu het indien jy hierdie dekking voorheen gehad het en dit om enige rede ten einde geloop het.

Indien jy egter getroud is voor die datum waarop jy hierdie dekking gekoop het, is die Begindatum van dekking van hierdie polis vir enige huweliksake die eerste dag van die dertiende maand nadat jy hierdie dekking gekoop of hernu het (wat ook al van toepassing is).

Dekkingsjaar beteken die 12-maandetydperk wat begin op die Begindatum van dekking van hierdie polis en enige 12-maande tydperk daarna.

Prokureur beteken ’n praktiserende prokureur wat tot die Hoë Hof van Suid-Afrika toegelaat is ooreenkomstig die Wet op die Toelating van Prokureurs (No. 12 van 1960), en sluit in:

1. ’n Kandidaat-prokureur onder die heeltydse toesig van die prokureur;
2. ’n Parajuris onder die heeltydse toesig van die prokureur;
3. Enige ander gekwalifiseerde professionele persoon wat deur ons aangewys word om die saak te hanteer.

Regskoste beteken die prokureursfooie en die los uitgawes wat die prokureur namens jou aangaan, soos advokate se fooie, hofgelde, reiskoste, ens.

## 3. Die voordele

### 3.1 Wat ons sal betaal

Ons betaal vir die regskoste wat jy gedurende die dekkingstydperk ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes van hierdie polis aangaan tot die bedrag wat in die voordeelbylae aangedui is.

### 3.2 Die dekkingsbedrag sal nie toeneem nie

Die bedrag wat ons sal betaal, neem nie elke jaar wat jy die polis het toe nie, selfs al begin ’n gebeurtenis in een jaar en duur tot in die volgende jaar. Die bedrag wat ons sal betaal, word beperk tot die bedrag wat in die voordeelbylae aangedui is.

### 3.3 Ons betaal uit in hierdie volgorde:

3.3.1 Die regskoste van die prokureur wat jou verteenwoordig;

3.3.2 Die oorblywende bedrag (as daar is) vir die regskoste van ’n derde party op die party-en-party-skaal.

Ons betaal alle bedrae direk aan die prokureur, hetsy ter vereffening van ’n getakseerde kosterekening, of ter bewaring vir betaling aan die derde party.

In siviele of arbeidsake betaal ons nie ’n bedrag wat buite verhouding tot die monetêre waarde van die saak is nie. Die bedrag wat ons betaal, hang af van die tipe dekking wat jy kies.

### 3.4 Indien koste in jou guns toegeken word

Jy moet koste wat in jou guns toegeken word, aan ons terugbetaal nadat ons ’n eis betaal het. Indien die bedrag wat toegeken word minder is as die bedrag wat ons betaal het, moet jy die bedrag wat toegeken is aan ons terugbetaal. Indien die bedrag wat toegeken word meer is as die bedrag wat ons betaal het, moet jy die bedrag wat ons betaal het aan ons terugbetaal. Dit is jou plig om jou prokureur opdrag te gee om hierdie koste te verhaal.

## 4. Jou premies en bybetaling

### 4.1 Jy moet die bybetaling betaal

Indien jy besluit om ’n prokureur te gebruik wat nie deur ons vir jou aanbeveel is nie en jy ’n geldige eis het, moet jy die bybetaling betaalbaar soos aangedui in die skedule van die regskoste betaal. Dit is die bybetaling en jy moet dit met jou eerste konsultasie aan die prokureur betaal.

### 4.2 Jy kan na aflegging of ongeskikraking tot drie maande lank premies oorslaan

Indien hierdie polis reeds meer as 12 maande van krag is en jy afgelê word of tydelik totaal ongeskik raak weens ’n ongeluk, hoef jy tot drie maande lank nie premies te betaal nie.

Jy moet aan ons bewyse van die aflegging of ongeskiktheid verskaf wat ons van jou vra.

## 5. Jou pligte

### 5.1 Jy moet relevante, volledige en ware inligting aan ons verskaf

Ons sal nie betaal indien jy nie relevante, volledige en ware inligting oor jou en jou eis aan ons verskaf nie.

Relevante inligting is inligting wat 'n redelike persoon as belangrik sal beskou om aan 'n versekeringsmaatskappy te verskaf wanneer 'n eis ingestel word.

### 5.2 Jy het 'n plig om 'n eis tot die minimum te beperk of te verhoed

Jy moet alle redelike stappe neem om:

5.2.1 jou wettige regte teen skending te beskerm deur gebruik te maak van oplossings wat vir jou beskikbaar is sonder om 'n prokureur te gebruik;

5.2.2 die risiko van 'n skending van jou regte, wat tot 'n eis kan lei, tot die minimum te beperk;

5.2.3 die regskoste om jou wetlike regte af te dwing, tot die minimum te beperk;

5.2.4 verdere skadevergoeding te voorkom. Dit word 'n vermindering van skadevergoeding genoem;

5.2.5 Voorkom enige gebeurtenis wat tot 'n eis kan aanleiding gee.

## 6. Veranderings en kansellasies

### 6.1 Ons kan hierdie polis kanselleer of verander

Ons kan die dekking van hierdie polis kanselleer of verander. Ons sal jou een maand kennis gee van kansellasie of van veranderinge wat ons aan die dekking ingevolge hierdie polis aanbring. Indien ons jou kennis gee om die polis te kanselleer, eindig die polis op die laaste dag van die maand waarvoor jy die premie betaal het.

Die polis sal outomaties ten einde loop indien jy nie die premie betaal wanneer dit verskuldig is nie. Die outomatiese kansellasie tree in werking teen middernag op die laaste dag van die maand waarvoor jy wel die premie betaal het. Ons sal die polis weer begin indien jy kan bewys dat die nie-betaling nie jou skuld was nie.

Indien die polis gekanselleer word terwyl jy nog 'n geldige eis het, sal die polis slegs vir daardie eis voortgaan.

### 6.2 Jy kan jou dekking enige tyd verhoog of verlaag

Jy kan die vlak van jou dekking enige tyd verhoog of verlaag. Jy moet ons skriftelike kennis gee dat jy jou dekking wil verhoog of verlaag.

Indien jy gekies het om jou dekking te verhoog, sal jou premie toeneem. Indien jy gekies het om jou dekking te verlaag, sal jou premie afneem. Jou nuwe dekking sal begin op die eerste dag van die maand wat jy die nuwe premie betaal.

## 7. Eise en geskille

### 7.1 Die eisdatum verskil vir elke tipe regsaak

Elke regsaak het 'n eisdatum. Die eisdatum vir elke tipe saak word onder elke tipe regsaak in die voordeelbylae aangedui.

### 7.2 Hoe om te eis

Indien jy 'n eis het, moet jy ons by ons 24-uurhulplyn skakel voordat jy enige ander aksie neem. Ons konsultant sal jou met jou regsaak help en verduidelik hoe om jou eis in te dien as dit 'n geldige eis teen die polis is.

Indien jy 'n dagvaarding, klagstaat of ander regsdokument kry, moet jy onmiddellik ons 24-uurhulplyn skakel.

Jy moet al die besonderhede van die eis op skrif vir ons gee, op die voorgeskrewe vorm wat ons aan jou sal stuur. Jy moet vir ons sê of jy enige ander regsdekking het wat dieselfde regsaak sal dek.

Jy moet vir ons skriftelike besonderhede vir die volgende eise gee, saam met besonderhede oor enige ander versekering wat moontlik die eise kan dek, binne dit tydperke wat hieronder uiteengesit word. Die tydperke begin vanaf die datum van jou eerste eiskennisgewing aan ons.

| | |
|---|---|
| Verweerder in kontraktuele regsaksies | 48 uur |
| Verweerder in siviele aksies wat nie op kontrak berus nie (deliktuele aksies) | 48 uur |
| Verweerder in egskeidingsaksies | 48 uur |
| Beskuldigde in strafregtelike aksies | 48 uur |
| Eise vir enige ander aksies | 21 dae |

Vir enige ander tipe regsaak moet jy binne 21 dae na die datum van jou eerste kennisgewing aan ons die skriftelike besonderhede aan ons verskaf.

Ons het die reg om 'n redelike skikking van jou regsaak te beding en te bereik voordat ons bevestig dat Ons 'n geldige eis het.

Ons moet ons skriftelike toestemming hê voordat jy 'n prokureur raadpleeg.

Ons moet al die volgende aan ons of jou prokureur gee:

- Al die inligting oor die regsaak;
- Enige hulp wat ons of die prokureur redelikerwys van jou kan vra;
- Al die dokumente wat ons of die prokureur van jou vra of wat jy meen relevant is vir die regsaak.

Jy kan slegs eis vir een regsvoordeel voortspruitend uit 'n gebeurtenis wat tot 'n eis lei.

Indien ons  besluit dat jy nie 'n geldige eis het nie, en jy besluit om aksie teen ons in te stel, moet jy ons dagvaar binne ses maande nadat ons jou laat weet het dat jou eis ongeldig is. Indien ons nie die dagvaarding binne ses maande ontvang nie, sal ons nie regtens teenoor jou aanspreeklik wees nie.

### 7.3 Arbeidsake moet aan arbeidswetgewing voldoen

Alle arbeidsake moet die prosedure volg soos uiteengesit in die Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995, of die toepaslike arbeidswette ten tye van die insident.

### 7.4 Geskille tussen jou en ons moet na arbitrasie verwys word

Indien 'n geskil tussen jou of jou prokureur en ons ontstaan, moet die geskil ingevolge die Wet op Arbitrasie (No. 42 van 1965) na arbitrasie verwys word. Die arbiter se beslissing is finaal en alle partye moet daaraan voldoen.

### 7.5 Geskille tussen versekerde persone

Behalwe in die geval van huweliksaksies, as ons albei partye dek, sal ons slegs betaal indien die geskil ingevolge die Wet op Arbitrasie (No. 42 van 1965) na arbitrasie verwys word. Die arbiter se beslissing is finaal en alle partye moet daaraan voldoen.

### 7.6 Jy gee toestemming om polisierekords te verkry

Indien jy van 'n kriminele oortreding aangekla word, moet ons bewyse kry van enige strafregtelike aksies wat voor hierdie insident teen jou ingestel is. Toe jy om hierdie dekking aansoek gedoen het, het jy aan ons toestemming gegee om daardie rekords te verkry en dat enige polisie-owerheid dit aan ons gee. ('n Voorbeeld van 'n polisie-owerheid is die Suid-Afrikaanse Polisiediens.)

### 7.7 Appèl- of hersieningsregsaksies

Ons betaal nie vir appèl- of hersieningsregsaksies nie, tensy jy ons skriftelike toestemming ontvang het om met die appèl of hersiening voort te gaan. Ons gee nie hierdie toestemming nie, tensy die prokureur 'n skriftelike opinie aan ons verskaf het dat die regsaksie 'n redelike kans op sukses het. Die prokureur se opinie moet skriftelik bevestig wees deur 'n advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika. Die advokaat moet al minstens vyf jaar as 'n advokaat praktiseer.

### 7.8 Jy moet ons skriftelike toestemming ontvang om ’n skikking te aanvaar

Vir enige saak wat ’n kostetoekenning hetsy teen of aan jou insluit, asook vir enige saak waar elke party vir sy eie regskoste aanspreeklik is, moet jy ons skriftelike toestemming kry om:

- ’n skikking te aanvaar;
- ’n inbetaling in die hof te aanvaar of te doen of vir koste te tender;
- ’n aksie of verdediging terug te trek.

Indien ons jou hierdie skriftelike toestemming gee, is jy aanspreeklik vir:

- koste wat teen jou toegeken word bo die party-en-party-skaal;
- die bedrag van party-en-party-koste wat nie ingevolge die skikking aan jou toegeken is nie.

Party-en-party-koste is koste wat aangegaan word om ’n eis in te stel of te verdedig. Dit verwys slegs na die fooie en uitbetalings wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die suksesvolle party se prokureur aangegaan word.

Ons kan ons skriftelike toestemming terughou totdat ons bevredigende sekuriteit ontvang het vir die betaling van ’n bedrag wat aan ons verskuldig is.

Jy kan ’n aanbod van ’n skikking, inbetaling by die hof of tender vir koste tydens die verrigtinge weier. Indien jy dit egter later aanvaar of ’n kleiner bedrag aan jou toegeken word, laat vaar jy die reg op die regskoste wat jy vanaf die datum van die aanbod, betaling of tender aangaan.

Hierdie voorwaarde geld ongeag of die aanbod, betaling of tender met of sonder inkorting van regte gedoen is. Jy moet met jou prokureur oor die gevolge in elke geval gesels.

Ons sal nie ’n saak as finaal afgehandel beskou voordat die aksie of verdediging formeel teruggetrek word of ’n skikkingsooreenkoms ’n hofbevel gemaak word nie.

## 8. Wat nie gedek word nie

Ons betaal nie regskoste vir eise wat uit die volgende voortspruit nie:

### 8.1 Jou politieke aktiwiteit

Ons betaal nie regskoste vir siviele of strafregtelike regsaksies wat geheel en al of gedeeltelik voortspruit uit politieke aktiwiteit deur of vir jou nie, insluitend jou betrokkenheid by:

8.1.1 Burgerlike oproer, onluste, openbare onrus of enige handeling of aktiwiteit wat daarop bereken is om enige van voorgemelde teweeg te bring;

8.1.2 Oorlog, inval, optrede van ’n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsaksies (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog;

8.1.3 Muitery, militêre opstand, militêre mag of oorname van gesag, krygswet of ’n staat van beleg, of enige gebeurtenis wat daartoe lei dat krygswet of ’n staat van beleg afgekondig of gehandhaaf word;

8.1.4 Opstand, rebellie of revolusie;

8.1.5 Enige daad wat daarop bereken is om ’n staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid deur vrees, terreur of geweld omver te werp of te beïnvloed;

8.1.6 Enige daad wat daarop bereken is om verlies of skade teweeg te bring om ’n politieke doel te bevorder;

8.1.7 Enige daad wat daarop bereken is om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring;

8.1.8 Enige daad uit protes teen ’n staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid;

8.1.9 Enige daad wat bedoel is om vrees by die publiek in te boesem;

8.1.10 Enige poging om ’n daad uit te voer waarna in 1 tot 9 hierbo verwys is;

8.1.11 Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van enige van die dade in 1 tot 10 hierbo.

Indien ons vermeld dat hierdie regskoste om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met ’n eis ingevolge die polis wil voortgaan.

### 8.2. Jou besigheid of beroep

Ons betaal nie regskoste voortspruitend uit die bedryf van jou besigheid of beroep nie, insluitend:

a. die verkoop van goedere; en
b. verskaffing van dienste teen ’n fooi, vergoeding of enige ander teenprestasie.

Hierdie uitsluiting geld nie vir aksie voortspruitend uit jou werk nie, tensy jy alternatiewe wetlike regte met betrekking tot jou werk het.

### 8.3 Onroerende eiendom

Ons betaal nie regskoste voortspruitend uit jou onroerende eiendom of ’n belang wat jy in onroerende eiendom kan hê of wil verkry nie.

Ons betaal byvoorbeeld nie vir die oordragkoste indien jy ’n huis koop nie.

### 8.4 Intellektuele eiendom

Ons betaal nie regskoste voortspruitend uit patente, kopiereg, handelsmerke, diensmerke, geregistreerde ontwerpe, intellektuele of artistieke eiendom, geheimhoudings- of vertroulikheidsooreenkomste en voordoening nie. Voordoening beteken om ’n wanvoorstelling te maak wat waarskynlik iemand sal aanmoedig of oortuig om te glo dat die goedere of dienste dié van iemand anders is.

### 8.5 Rekenaarsagteware

Ons betaal nie regskoste wat uit rekenaarsagteware voortspruit nie. Ons betaal egter wel regskoste voortspruitend uit bedryfstelsels en verpakte sagteware wat die verskaffer nie vir jou eie vereistes aangepas het nie.

### 8.6 Mynbedrywighede

Ons betaal nie regskoste wat uit mynbou bedrywighede voortspruit nie.

### 8.7 Natuurrampe

Ons betaal nie regskoste wat uit natuurlike gebeurtenisse, natuurrampe of omstandighede buite menslike beheer voortspruit nie.

### 8.8 Kern- en uitstralingsverwante eise

Ons betaal nie regskoste wat voortspruit uit skadevergoeding wat jy weens blootstelling aan kernbrandstof of -afval of uitstraling aangaan nie.

### 8.9 Sake wat geen finansiële belang het nie

Ons betaal nie regskoste vir enige saak waarin jy nie ’n finansiële belang het nie.

### 8.10 Sake wat geen kans op sukses het nie

Ons betaal nie regskoste vir enige saak wat nie ’n redelike kans op sukses het nie.

Ons betaal nie regskoste waar jy aanspreeklik is vir enigiets wat na ons of die prokureur se redelike mening ’n negatiewe invloed op die volgende het nie:

a. Jou kanse op sukses; of
b. Ons posisie om regsaksies te verdedig, te skik of appèl aan te teken.

### 8.11 Aksies wat jy teen ons instel

Ons betaal nie regskoste vir ’n aksie of eis wat jy teen ons, ons volfiliale of ons beheermaatskappy instel nie, ongeag of dit voortspruit uit ’n afwysing van ’n eis ingevolge hierdie polis of om enige ander rede hoegenaamd. As jy egter wel ’n aksie of eis teen ons instel, betaal ons regskoste indien die hof koste teen ons toeken.

**8.12 Sake wat buite die gesag van die Suid-Afrikaanse howe val**

Ons betaal nie regskoste vir 'n aksie deur of teen jou waarvoor die howe van Suid-Afrika nie die gesag (bekend as jurisdiksie) het om dit aan te hoor, uitspraak daaroor te lewer of dit af te dwing nie.

**8.13 Sake waarby jy in 'n verteenwoordigende hoedanigheid betrokke is**

Ons betaal nie regskoste vir 'n aksie deur of teen jou in jou hoedanigheid as 'n verteenwoordiger, agent of trustee van 'n ander persoon, boedel of regsentiteit nie.

**8.14 Sake waar regte of verpligtinge oorgedra is**

Ons betaal nie regskoste vir 'n aksie deur of teen jou in verband met 'n sessie, borgskap, oormaking, skuldvernuwing, delegering of enige ander kontrak vir die oordrag of afstanddoening van regte of verpligtinge nie.

**8.15 Sake wat deur die Hof vir Klein Eise aangehoor word**

Ons betaal nie regskoste vir 'n aksie wat jy instel en wat ooreenkomstig die Wet op Howe vir Klein Eise, No. 53 van 1979, binne die gesag (bekend as jurisdiksie) van die Hof vir Klein Eise is nie.

**8.16 Sake wat nie regsverteenwoordiging nodig het nie**

Ons betaal nie regskoste vir 'n saak wat redelikerwys deur 'n administratiewe liggaam sonder regsverteenwoordiging opgelos kan word nie.

**8.17 Aksies wat beuselagtig of kwelsugtig is**

Ons betaal nie regskoste wat na ons of die prokureur se mening soos volg is of geword het nie:

a. Onwettig;
b. Immoreel of teen openbare beleid
c. Onbenullig of beuselagtig
d. Onredelik of lastig of kleinlik (in die reg bekend as kwelsugtig)
e. Onrealisties omdat daar geen werklike kans is dat 'n uitspraak wat gegee is, toegepas sal word nie.

Ons betaal nie regskoste waar die hof jou tot 'n kwelsugtige gedingvoerder verklaar het nie.

**8.18 Skadeloosstellingseise**

Ons betaal nie regskoste waar jy 'n skadeloosstellingseis teen 'n entiteit het nie, selfs al is die eis miskien totaal of gedeeltelik deur die entiteit afgewys.

**8.19 Arbitrasieverrigtinge**

Ons betaal nie regskoste wat ingevolge die Wet op Arbitrasie (No. 42 van 1965) ontstaan nie, behalwe indien hierdie polis anders vermeld. Ons dek wel arbitrasie of bemiddeling waar jy in 'n kontrak die gesag van 'n arbiter of bemiddelaar erken. In arbitrasie- of bemiddelingsverrigtinge sal die arbiter of bemiddelaar se beslissing as finaal beskou word selfs al bepaal die kontrak anders. As jy die arbiter of bemiddelaar se beslissing in hersiening wil neem, moet jy die regskoste dek om dit te doen.

**8.20 Sake wat deur ander versekering gedek word**

Ons betaal nie regskoste:

a. waarvoor jy ingevolge enige ander polis dekking het nie;
b. waarvoor jy ingevolge enige ander polis op dekking geregtig is maar waar jy nie aan die bepalings en voorwaardes van daardie ander polis voldoen het nie.

Ons betaal nie, selfs al is die eis totaal of gedeeltelik ingevolge daardie ander polis afgewys.

**8.21 Waar iemand anders die premies betaal**

Ons betaal nie regskoste waar die derde party wat 'n eis teen jou ingestel het premies van hierdie polis betaal het of daartoe bygedra het nie.

**8.22 Regsaksies wat slegs op bedrae betrekking het**

Ons betaal nie regskoste vir aksies wanneer jy slegs 'n bedrag geld eis en daar geen besluit oor verantwoordelikheid (aanspreeklikheid) is nie.

**8.23 Strafregtelike aksies**

Ons betaal nie regskoste vir enige van die volgende strafregtelike aksies nie:

8.23.1 Waar jy tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is;

8.23.2 Teen jou indien die klaer premies van hierdie polis betaal het of daartoe bygedra het;

8.23.3 Teen jou indien war jy (as die beskuldigde) en die klaer bloedverwante of deur huwelik verwant is of lede van dieselfde gesinseenheid is;

8.23.4 Teen jou waarvoor die betrokke wette 'n skulderkenningsboete vereis;

8.23.5 Voortspruitend uit die bestuur van 'n motorvoertuig indien jy nie 'n lisensie besit het om 'n motor te bestuur nie of gediskwalifiseer is om 'n lisensie te besit;

8.23.6 Voortspruitend uit die bestuur van 'n motorvoertuig indien jy onder die invloed van alkohol of ander bedwelmende middel was of jou bloed-alkoholvlak bo die wetlike perk was;

8.23.7 Vir oortredings van dieselfde aard waaraan jy binne drie jaar van die eisdatum skuldig bevind is.

**8.24 Klasaksies**

Ons betaal nie regskoste vir 'n klasaksie in enige van die volgende omstandighede nie:

8.24.1 As jy 'n eiser in die klasaksie is;

8.24.2 As jy met 'n siviele aksie wil inmeng;

8.24.3 As jy as 'n vriend van die hof optree.

**8.25 Sake wat bestaan het voordat die dekking begin het**

Ons betaal nie regskoste vir enige saak waarvoor jy voor die Begindatum van dekking van hierdie polis 'n prokureur geraadpleeg of gehuur het nie.

Ons betaal nie regskoste vir 'n handeling of versuim of 'n geskil wat plaasgevind het voor die datum wat jy dekking vir hierdie polis gekoop of hernu het nie. Ons betaal slegs as jy nie geweet het of nie redelikerwys kon geweet het dat die handeling of versuim of 'n geskil waarskynlik tot regsaksies aanleiding sou gee nie.

Indien ons vermeld dat hierdie regskoste om hierdie redes nie deur hierdie polis gedek word nie, sal jy die teendeel moet bewys indien jy met 'n eis ingevolge die polis wil voortgaan.

**8.26 Laster en ander aantasting van persoonlike waardigheid**

Ons betaal nie regskoste vir 'n regsaksie wat jy as 'n eiser vir skadevergoeding ten opsigte van laster instel nie.

Ons betaal nie regskoste vir 'n regsaksie wat jy as 'n eiser vir skadevergoeding ten opsigte van 'n ander aantasting van jou persoonlike waardigheid instel nie. Ons betaal regskoste slegs as jy 'n finansiële verlies gely het as gevolg van die aantasting van jou persoonlike waardigheid.

**8.27 Jy is verwant aan die prokureur**

Ons betaal nie regskoste waar die prokureur wat jy opdrag gee, 'n bloedverwant of deur huwelik aan jou verwant is of 'n lid van jou gesinseenheid is nie.

**8.28 Jy is verwant aan die ander party**

Ons betaal nie regskoste waar jy die eiser of die verweerder is in 'n aksie deur of teen 'n persoon wat 'n bloedverwant of deur huwelik aan jou verwant is nie, tensy dit 'n egskeidingsaksie is.

## 9. Voordeelbylae

| 9.1 Aanhangsel A – Plan A en B | | |
|---|---|---|
| | **Plan A** | **Plan B** |
| **9.1.1 Maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar sal betaal** | R70,000 | R40,000 |
| **9.1.2 Waarvoor ons betaal** | **Voordeelperk** | **Voordeelperk** |
| **a. Voorkomende regs- of prokureurskantoorwerk**<br>(Bydrae tot koste vir elke gebeurtenis wat tot 'n eis lei)<br>Advies, hersiening, opstel of voorbereiding van dokumente. Byvoorbeeld beëdigde verklarings, sertifikate, regskennisgewings, volmagsoorkondes of ander regsdienste wat jy nodig het. Dit geld ongeag of hierdie polis die saak dek of uitsluit.<br><br>**Eisdatum: Enige datum** | R100 | R100 |
| **b. Testamente, trusts en huweliksvoorwaardekontrakte**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>• 'n Testament of testamentêre trust<br>• 'n Huweliksvoorwaardekontrak<br><br>**Eisdatum: Enige datum** | R1,000 | R750 |
| **c. Ander regsake (allerlei)**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>• Aansoek vir laat registrasie van geboorte<br>• Aansoek vir aannemingsproses<br>• Aansoek vir naamsverandering<br>• Aansoek om kredietgradering te herstel<br>• Aantekening van beswaar teen 'n aanslag van persoonlike inkomstebelasting ingevolge artikel 81(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962 of 'n appèl teen die afwysing van 'n beswaar ingevolge artikel 83(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962<br>• Die regsdienste wat nodig is as gevolg van regsaksies ingevolge die Onteieningswet, 1975 (No. 63 van 1975) soos gewysig<br>• Advies, onderhandeling van skikking en verteenwoordiging voor 'n onderhoudshofverhoor<br><br>**Eisdatum: Enige datum** | R750 | R500 |

| 9.1 Aanhangsel A – Plan A en B | | | |
|---|---|---|---|
| | | **Plan A** | **Plan B** |
| **d.** | **Kontraktuele regsaksies**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>Die instel van regsaksies deur jou of verdediging van regsaksies wat teen jou ingebring word, ingevolge ’n skriftelike kontrak. Dit sluit een appèl, een hersiening of een terugtrekking van ’n voortspruitende vonnis in.<br><br>**Eisdatum: Indien jy die eiser is: die datum waarop die kontrakbreuk wat tot die eis lei, plaasgevind het;**<br><br>**Indien jy die verweerder is: die datum waarop die regsdokumente aan jou beteken is.** | R35,000 | R20,000 |
| **e.** | **Deliktuele siviele aksies (siviele aksies wat nie op kontrak berus nie)**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>Die instel of verdediging namens jou van regsaksies vir ’n deliktuele aksie vir skadevergoeding. Dit sluit een appèl, een hersiening of een terugtrekking van ’n voortspruitende vonnis in.<br><br>**Eisdatum: Indien jy die eiser is: die datum waarop die kontrakbreuk wat tot die eis lei, plaasgevind het;**<br><br>**Indien jy die verweerder is: die datum waarop die regsdokumente aan jou beteken is.** | R35,000 | R20,000 |
| **f.** | **Huweliksake**<br>(Dit word beperk tot een eis vir elke vyf jaar dekking vir elke gesinseenheid.)<br>Egskeiding: Verkryging van ’n finale egskeidingsbevel<br><br>**Eisdatum: Enige datum nadat die huwelik onherroeplik verbrokkel het** | R35,000 | R20,000 |

| 9.1 Aanhangsel A – Plan A en B | | |
|---|---|---|
| | **Plan A** | **Plan B** |
| **g. Strafregtelike aksies**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>• Die inbring van 'n borgaansoek vir jou vrylating wanneer jy van 'n strafregtelike (kriminele) oortreding aangekla is. Dit sluit een appèl of een hersiening van 'n weiering van 'n borgaansoek in.<br>• Jou regsverteenwoordiging of verdediging wanneer jy van 'n strafregtelike (kriminele) oortreding aangekla is en op een of meer aanklagte onskuldig pleit. Dit sluit een appèl of een hersiening van 'n voortspruitende skuldigbevinding of vonnis in.<br>• Jou regsverteenwoordiging of verdediging wanneer jy van 'n strafregtelike (kriminele) oortreding aangekla is en op een of meer aanklagte skuldig pleit. Dit sluit een appèl of een hersiening van 'n voortspruitende skuldigbevinding of vonnis in.<br><br>**Eisdatum: Vir 'n borgaansoek: Die datum waarop jy in hegtenis geneem word.**<br><br>**Vir enige ander kriminele saak: Die datum waarop jy vir die oortreding aangekla word.** | R35,000 | R20,000 |
| **h. Arbeidsake**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>Dit geld vir alle sake wat aan die gesag van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, No. 66 van 1995, onderhewig is.<br>• Voorbereiding vir en verteenwoordiging tydens bemiddelings- of arbitrasieverrigtinge<br>• Die instel van 'n arbeidsaak deur jou of die verdediging van 'n arbeidsaak teen jou in die Arbeidshof<br><br>**Eisdatum: Die datum van die onbillike arbeidspraktyk; die datum van die gebeurtenis wat tot 'n onbillike arbeidspraktyk lei; of die datum waarop jy kennis kry wat tot 'n onbillike arbeidspraktyk lei.** | R35,000 | R20,000 |

| 9.2 Aanhangsel A – Plan C en D | | |
|---|---|---|
| | **Plan C** | **Plan D** |
| **9.2.1 Maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar sal betaal** | R20,000 | R15,000 |
| **9.2.2 Waarvoor ons betaal** | **Voordeelperk** | **Voordeelperk** |
| **a. Voorkomende regs- of prokureurskantoorwerk**<br>(Bydrae tot koste vir elke insident)<br>Advies, hersiening, opstel of voorbereiding van dokumente. Byvoorbeeld beëdigde verklarings, sertifikate, regskennisgewings, volmagsoorkondes of ander regsdienste wat jy nodig het. Dit geld ongeag of hierdie polis die saak dek of uitsluit.<br><br>**Eisdatum: Enige datum** | Konsultasie van 30 minute | Konsultasie van 30 minute |
| **b. Testamente, trusts en huweliksvoorwaardekontrakte**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>• ’n Testament of testamentêre trust<br>• ’n Huweliksvoorwaardekontrak<br><br>**Eisdatum: Enige datum** | R500 | |
| **c. Ander regsake (allerlei))**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>• Aansoek vir laat registrasie van geboorte<br>• Aansoek vir naamsverandering<br>• Aansoek om kredietgradering te herstel<br>• Advies, onderhandeling van skikking en verteenwoordiging voor ’n onderhoudshofverhoor<br>• ’n Testament of testamentêre trust<br>• ’n Huweliksvoorwaardekontrak.<br><br>**Eisdatum: Enige datum** | R500 | R750 |

| 9.2 Aanhangsel A – Plan C en D | | | |
|---|---|---|---|
| | | **Plan C** | **Plan D** |
| **d.** | **Kontraktuele regsaksies**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>Die instel van regsaksies deur jou of verdediging van regsaksies wat teen jou ingebring word, ingevolge 'n skriftelike kontrak. Dit sluit een appèl, een hersiening of een terugtrekking van 'n voortspruitende vonnis in.<br><br>**Eisdatum: Indien jy die eiser is: die datum waarop die kontrakbreuk wat tot die eis lei, plaasgevind het;**<br><br>**Indien jy die verweerder is: die datum waarop die regsdokumente aan jou beteken is.** | R20,000 | R10,000 |
| **e.** | **Deliktuele siviele aksies (siviele aksies wat nie op kontrak gebaseer is nie)**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>Die instel of verdediging namens jou van regsaksies vir 'n deliktuele aksie vir skadevergoeding. Dit sluit een appèl, een hersiening of een terugtrekking van 'n voortspruitende vonnis in.<br><br>**Eisdatum: Indien jy die eiser is: die datum waarop die kontrakbreuk wat tot die eis lei, plaasgevind het;**<br><br>**Indien jy die verweerder is: die datum waarop die regsdokumente aan jou beteken is.** | R20,000 | Nie van toepassing nie |
| **f.** | **Huweliksake**<br>(Dit word beperk tot een eis vir elke vyf jaar dekking vir elke gesinseenheid.)<br>Egskeiding: Verkryging van 'n finale egskeidingsbevel<br><br>**Eisdatum: Enige datum nadat die huwelik onherroeplik verbrokkel het** | R20,000 | R3,000<br>Wagperiode van 6 maande na die aanvang van die polis |

| 9.2 Aanhangsel A – Plan C en D | | |
|---|---|---|
| | **Plan C** | **Plan D** |
| **g. Strafregtelike aksies**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>• Die inbring van ’n borgaansoek vir jou vrylating wanneer jy van ’n strafregtelike (kriminele) oortreding aangekla is. Dit sluit een appèl of een hersiening van ’n weiering van ’n borgaansoek in.<br>• Jou regsverteenwoordiging wanneer jy van ’n strafregtelike (kriminele) oortreding aangekla is en op een of meer aanklagte onskuldig pleit. Dit sluit een appèl of een hersiening van ’n voortspruitende skuldigbevinding of vonnis in.<br>• Jou regsverteenwoordiging of verdediging wanneer jy van ’n strafregtelike (kriminele) oortreding aangekla is en op een of meer aanklagte skuldig pleit. Dit sluit een appèl of een hersiening van ’n voortspruitende skuldigbevinding of vonnis in.<br><br>**Eisdatum: Vir ’n borgaansoek: Die datum waarop jy in hegtenis geneem word.**<br><br>**Vir enige ander kriminele saak: Die datum waarop jy vir die oortreding aangekla word.** | | |
| **h. Arbeidsaangeleenthede**<br>(Die maksimum bedrag wat ons vir elke dekkingsjaar vir elke gesinseenheid sal betaal)<br>Hierdie perk geld vir alle sake wat aan die gesag van die Wet op Arbeidsbetrekkinge, No. 66 van 1995, onderhewig is.<br>• Voorbereiding vir en verteenwoordiging tydens bemiddelings- of arbitrasieverrigtinge;<br>• Die instel van ’n arbeidsaak deur jou of die verdediging van ’n arbeidsaak teen jou in die Arbeidshof.<br><br>**Eisdatum: Die datum van die onbillike arbeidspraktyk; die datum van die gebeurtenis wat tot ’n onbillike arbeidspraktyk lei; of die datum waarop jy kennis kry wat tot ’n onbillike arbeidspraktyk lei.** | R20,000 | R10,000 |

# Watervaartuigdekking
## Afdeling N

### 1. Omskrywings en verklarings wat spesifiek op hierdie afdeling betrekking het

Die volgende omskrywings geld slegs vir WATERVAARTUIGDEKKING. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 3 tot 4 lees.



Watervaartuig beteken die vaartuig wat in die bylae aangedui is en bestaan uit toerusting wat normaalweg saam met 'n watervaartuig as 'n enkele eenheid verkoop sal word. Dit sluit die volgende dekking in of uit:

| Versekering sluit in: | Versekering sluit die volgende uit, tensy in die bylae gespesifiseer: |
|---|---|
| • Die romp en bowerk<br>• Toebehore<br>• Elektriese masjinerie<br>• Binneboordmotors<br>• Skeepsbootjies<br>• Veiligheidstoerusting | • Dekseile vir vaartuie of beskermde oortreksels<br>• Ankers en spesiale skroewe<br>• Kommunikasie-, klank- en oudiovisuele toestelle, eggopeilers en soortgelyke navigasie- en elektroniese toestelle en snelheidsmeters<br>• Buiteboordmotors<br>• Reserwetenks<br>• Visvangtoerusting<br>• Tewaterlaters, trollies en sleepwaens<br>• Tenders (aan seiljagte vasgemaak) |

Huis beteken jou permanente huis, insluitend alle grond op die perseel.

Opblaasboot (rubberboot) beteken 'n watervaartuig wat van buigsame materiaal vervaardig is wat onder druk opgeblaas word, en 'n plat bodem het wat uit hout-, sterk plastiek- of sterk metaaldeklatte bestaan.

Persoonlike besittings beteken jou eie verkyker, sekstante en skeepsboeke, seiljag- en roeiklere, olieklere en seestewels (insluitend klere en ander items wat jy aan bemanningslede verskaf het).

### 2. Dekkingskategorieë

2.1 Daar is drie dekkingskategorieë vir watervaartuie:
- Kategorie A : Eie skade
- Kategorie B : Aanspreeklikheid teenoor derde partye
- Kategorie C : Mediese uitgawes.

2.2 Om te sien waarvoor jy gedek is en nie gedek is nie, moet jy die volgende lees:
- Die kategorieë A – C hieronder;
- Gebeurtenisse en items wat nie gedek is hieronder nie;
- Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek is nie op bladsye 12 tot 14;
- Algemene terme en kondisies op bladsye 5 tot 14.

### 3. Kategorie A : Dekking vir eie skade

#### 3.1 Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Ons betaal vir:

3.1.1 Diefstal van die watervaartuig indien die voorwaardes onder *Gebeurtenisse en items wat nie deur ons gedek word nie* hieronder nagekom word;

3.1.2 Skade aan die watervaartuig veroorsaak deur 'n ongeluk;

3.1.3 Kwaadwillige skade aan die watervaartuig;

3.1.4 Verlies van of skade aan persoonlike besittings wat in die bylae gespesifiseer is, indien die watervaartuig strand, sink of brand of in 'n ongeluk is;

3.1.5 Oorboordwerping maar slegs as dit nodig is om te voorkom dat die watervaartuig sink of om die vaartuig weer vlot te maak indien dit gestrand het (oorboordwerping beteken om die watervaartuig ligter te maak deur items van die vaartuig af te gooi);

3.1.6 Die koste van duikers wat die skade aan die watervaartuig moet bepaal indien dit redelikerwys vir daardie doel aangegaan word, selfs al word geen skade gevind nie;

3.1.7 Verlies van of skade aan die watervaartuig veroorsaak deur:

a. brand, ontploffing, weerlig, en gevare van seerowery op see, riviere, mere en ander bevaarbare waters;
b. stranding;
c. laai, aflaai of beweeg van items wat in die watervaartuig gestoor word;

3.1.8 Verlies van of skade aan die watervaartuig veroorsaak deur latente defekte in die romp of masjinerie, breek van aste, bars van stoomketels. (’n Latente defek is ’n fout wat nie opgespoor sou kon word deur ’n redelik deeglike ondersoek voordat jy die item gekoop het nie.) Ons betaal egter nie vir verlies van of skade aan die defektiewe romp, masjinerie, aste of stoomketel nie;

3.1.9 Verlies of skade veroorsaak deur die nalatigheid van ’n persoon. Ons betaal egter nie vir ’n defek nie wat deur nalatigheid of verbreking van ’n kontrak veroorsaak word vir herstelwerk of aanpassings wat:

a. namens jou gedoen word; of
b. vir die instandhouding van die watervaartuig gedoen word;

3.1.10 Defektiewe aste sluit skade aan die stut, as of skroef in, maar nie skade aan die defektiewe aste self nie;

3.1.11 Bars van stoomketels maar nie skade aan die stoomketel self nie;

3.1.12 Nalatigheid maar nie vir nalatigheid of nie-voldoening aan ’n kontrak met betrekking tot herstel- of aanpassingswerk nie.

## 3.2 Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

### 3.2.1 Verlies van gebruik

Ons betaal nie vir verlies van gebruik van die watervaartuig nie.

### 3.2.2 Indien die vaartuig meer as 30 dae lank buite Suid-Afrika is

Ons betaal nie vir diefstal, verlies of skade indien die watervaartuig gedurende die 12-maandetydperk voor die gebeurtenis altesaam meer as 30 dae lank buite Suid-Afrika is nie, tensy ons anders ooreenkom.

### 3.2.3 Diefstal by ’n handelaar, tensy voorwaardes nagekom word

Ons betaal nie vir diefstal van die hele watervaartuig indien dit by ’n erkende vaartuighandelaar of motorhandelaar of enige ander handelaar se perseel gelaat word om verkoop te word nie, tensy beide die volgende voorwaardes van toepassing is:

3.2.3.1 Die watervaartuig word gehou in ’n veilige perseel wat toegesluit is;

3.2.3.2 Daar is kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van die betrokke handelaar se perseel.

### 3.2.4 Diefstal wanneer onbewaak gelaat, tensy voorwaardes nagekom word

Ons betaal nie vir diefstal van die watervaartuig vir enige gespesifiseerde items wat in die bylae aangedui is, indien die watervaartuig onbewaak gelaat word nie, tensy:

3.2.4.1 die watervaartuig op een van die volgende plekke is:

- binne die ommuurde of omheinde en geslote grense van die huis; of
- binne-in ’n bergplek; of
- op ’n erkende herstel- of versienplek is.

3.2.4.2 daar ten tyde van die diefstal kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van enige van hierdie plekke is;

3.2.4.3 ’n tender wat in die bylae gespesifiseer is dieselfde naam as dié van die watervaartuig het.

### 3.2.5 Diefstal van enige ander gespesifiseerde item wanneer onbewaak gelaat

Ons betaal nie vir diefstal van enige gespesifiseerde item soos aangedui in die bylae, terwyl die vaartuig onbewaak gelaat word nie, tensy:

3.2.5.1 die watervaartuig en gespesifiseerde items by ’n erkende marina of seiljagklub is;

3.2.5.2 die watervaartuig by ’n vakansie- of ontspanningsoord is en die watervaartuig behoorlik geïmmobiliseer is wanneer dit nie in die water is nie.

### 3.2.6 Diefstal van buiteboordmotors wanneer onbewaak gelaat

Ons betaal nie vir diefstal van buiteboordmotors terwyl die watervaartuig onbewaak gelaat word nie, tensy al hierdie voorwaardes nagekom word:

3.2.6.1. Die buiteboordmotors word in die bylae gespesifiseer;

3.2.6.2. Die buiteboordmotors is, benewens die gewone wyse van vashegting, deur middel van ’n veiligheidstoestel behoorlik aan die watervaartuig vasgeheg;

3.2.6.3. Daar is kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van die huis, die watervaartuig of sy bergplek of herstelplek;

3.2.6.4. Indien dit in ’n motorvoertuig of sleepwa is, moet die motor of sleepwa gesluit wees en daar moet kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die motorvoertuig of sleepwa wees.

### 3.2.7 Diefstal van sekere items uit ’n motorvoertuig

Ons betaal nie vir diefstal uit ’n motorvoertuig van enige kommunikasie-, klank- en oudiovisuele toestelle, eggopeilers en soortgelyke navigasietoestelle, seile en ander dele van seilplanke nie, tensy:

3.2.7.1. daar kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit ’n geslote kattebak of versteekte kompartement is wat deel uitmaak van die geslote motorvoertuig; of

3.2.7.2. die motorvoertuig gesteel word; of

3.2.7.3. die motorvoertuig ten tyde van die diefstal in ’n ongeluk betrokke is.

Ons betaal vir diefstal van die romp, mas en mikvering uit ’n motorvoertuig.

### 3.2.8 Diefstal of verlies weens ’n bedrieglike koop- of verkooptransaksie

Ons betaal nie vir diefstal of verlies weens ’n bedrieglike koop- of verkooptransaksie

### 3.2.9 Verlies van of skade aan die volgende items:

3.2.9.1. Aan *opblaas watervaartuie* indien die pontonne heeltemal opgeblaas is terwyl dit in transito is of in die buitelug geberg word.

3.2.9.2. Aan *maste, mikverings, en seile van seilplanke* terwyl hulle gebruik word;

3.2.9.3. Aan *seilplanke omdat ’n dakrak loskom* of materiaal waarmee die toerusting op die dakrak vasgemaak is, breek;

3.2.9.4. Aan *seile of dekseile wat deur die wind geskeur* of weggewaai word terwyl dit gespan is, tensy dit veroorsaak is deur skade aan die sparre waaraan die seile vas is of omdat die watervaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in ’n ongeluk betrokke is of in kontak is met ’n voorwerp (ys ingesluit) behalwe water;

3.2.9.5. Aan *maste, sparre, seile, staande of lopende tuigwerk terwyl die watervaartuig aan ’n wedvaart deelneem*, tensy die verlies of skade voortspruit uit die feit dat die watervaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in ’n ongeluk betrokke is of in kontak is met ’n voorwerp (ys ingesluit) behalwe water;

3.2.9.6. Aan *waterski’s, toue, waterbuise, ‘wave jumpers’, ‘trick boards*’ of enige soortgelyke sporttoerusting terwyl dit in gebruik is of onbewaak gelaat word;

3.2.9.7 Aan *bekleding of herstel daarvan*, tensy dit veroorsaak is deur skade aan die sparre of omdat die watervaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in 'n ongeluk betrokke is of in kontak is met 'n voorwerp (ys ingesluit) behalwe water;

3.2.9.8 Aan 'n *buiteboordmotor(s) omdat dit afval of oorboord val*, tensy die motor(s) aan 'n permanente hegplek aan die romp vasgebout of vasgeketting is.

#### 3.2.10 Ons betaal nie vir verlies of skade om die volgende redes nie:

3.2.10.1 *Defektiewe onderdele.*

3.2.10.2 *Nalatigheid*. Ons betaal nie vir die nalatigheid van 'n persoon nie. Ons betaal wel vir die herstelkoste van 'n defek wat deur nalatigheid of nie-nakoming van 'n kontrak veroorsaak word wanneer die watervaartuig namens jou aangepas, herstel of in stand gehou word.

3.2.10.3 *Blootstelling*. Ons betaal nie indien die watervaartuig strand, sink, oorstroom of onder die water gedompel word of wegdryf terwyl dit onbewaak langs 'n oop strand of rivierwal gelaat word nie, selfs al is dit vasgemeer of geanker.

3.2.10.4 *Brand en ontploffing.* Ons betaal nie vir skade weens 'n brand of ontploffing op 'n watervaartuig wat met binneboordmasjinerie toegerus is nie, tensy die watervaartuig handbrandblussers het wat ten tyde van die brand of ontploffing in 'n werkende toestand is. Die handbrandblussers moet in die watervaartuig geïnstalleer wees.

3.2.10.5 *Gebrekkige ontwerp of konstruksie.* Die koste van vervanging of herstel van 'n onderdeel wat bloot vanweë 'n fout in die ontwerp of konstruksie onbruikbaar is.

3.2.10.6 *Verbeterings of veranderings aan die ontwerp of konstruksie.* Die koste wat aangegaan word as gevolg van verbeterings of veranderings aan die ontwerp of konstruksie.

3.2.10.7 *Vir glans- of gegradeerde verfafwerking* waar herstelwerk 'n oorspuit of oorverf van passende kleur verg.

3.2.10.8 *As die verkoelingstelsel verstop raak* of as daar 'n inname van vreemde voorwerpe/stowwe in die verkoelingstelsel van die watervaartuig is.

3.2.10.9 *Terwyl die vaartuig in transito is* indien die watervaartuig langer as nege meter is.

#### 3.2.11 Ons betaal nie vir verlies of skade met betrekking tot sleepwaens nie

3.2.11.1 Kwaadwillige skade aan die bande van 'n sleepwa;

3.2.11.2 Skade aan bande van 'n sleepwa wat veroorsaak word deur te rem, of as 'n band bars of lek of 'n sny opdoen;

3.2.11.3 Skade aan vering en skokbrekers van 'n sleepwa as gevolg van 'n ongelyk padoppervlak, tensy daar verwante skade aan die wiel(e) is.

### 3.3 Hoe ons betaal

#### Vir totale verlies of skade

a. *Indien die watervaartuig minder as vyf jaar oud is,* betaal ons die laagste bedrag van:
- Die nuwe vervangingswaarde; of
- Die maksimum dekkingsbedrag.

b. *Indien die watervaartuig meer as vyf jaar oud is,* betaal ons die laagste bedrag van:
- Die redelike markwaarde; of
- Die maksimum dekkingsbedrag.

Jy is vir die bybetaling verantwoordelik.

Indien die watervaartuig 'n totale verlies is of ons dit as 'n totale verlies beskou ('n konstruktiewe totale verlies genoem), geld die bybetaling slegs as die watervaartuig in die branders beskadig is.

## 4. Kategorie B: Aanspreeklikheid teenoor derde partye

Vir hierdie afdeling beteken eiendom enige eiendom wat sigbaar en tasbaar is op enige plek in die gebied, maar sluit spesifiek intellektuele eiendom uit.

### 4.1 Gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word

Ons betaal vir bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik word ten opsigte van:

4.1.1 Toevallige sterfte of liggaamlike besering of siekte van enige persoon;

4.1.2 Toevallige verlies van of skade aan eiendom;

4.1.3 Die koste van enige werklike oplig, verwydering of vernietiging van die wrak van die watervaartuig of poging daartoe, of die koste van nalating of versuim om dit te doen.

### 4.2 Gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie

Hierdie uitsluitings geld benewens die *Algemene gebeurtenisse en items wat nie gedek word nie* op bladsye 12 tot 14 van hierdie polis.

Ons betaal nie vir die volgende nie:

4.2.1 Sterfte of liggaamlike besering van jou, ’n lid van jou gesin of ’n betalende passasier;

4.2.2 Sterfte of liggaamlike besering van ’n werknemer in die loop van hul diens by jou;

4.2.3 Verlies van of skade aan eiendom wat aan jou, jou gesin of jou werknemers behoort;

4.2.4 Verlies van of skade aan eiendom onder jou toesig of beheer;

4.2.5 Sterfte of liggaamlike besering van ’n passasier wat op ’n vaartuig wat nie bedoel of gebou is om passasiers te vervoer nie, vervoer word of afklim of opklim;

4.2.6 Sterfte of liggaamlike besering van ’n persoon wat aan waterski of skiplank-ry of enige soortgelyke aktiwiteit deelneem terwyl die persoon gesleep word, voorberei om gesleep te word of nadat die persoon gesleep is;

4.2.7 Sterfte of liggaamlike besering van ’n persoon of skade aan die persoon se eiendom as gevolg van ’n sleepwa of tewaterlater;

4.2.8 Die koste van of met betrekking tot enige vonnis, toekenning, betaling of skikking in die Verenigde State van Amerika of Kanada of enige land wat aan die wette van daardie lande onderhewig is, selfs al word die koste formeel goedgekeur deur ’n hof in ’n ander land, tensy die vonnis, toekenning, betaling of skikking in ’n bevoegde hof in Suid-Afrika bekragtig word;

4.2.9 Vir enige bestraffende skadevergoeding, boetes of strafheffings op enige plek in die wêreld, insluitend Suid-Afrika;

4.2.10 Vir verlies van of skade aan eiendom wat ook deur ’n ander versekeringspolis gedek word;

4.2.11 Regsaanspreeklikheid voortspruitend uit oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige liggaamlike aanranding of verleiding deur jou;

4.2.12 Verlies of skade voortspruitend uit jou roekelose verontagsaming van die moontlike gevolge van jou dade of versuim.

### 4.3 Hoe ons betaal

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag, insluitend alle koste:

a. wat jy met ons skriftelike toestemming moontlik aangegaan het; en

b. wat van jou verhaal kan word vir ’n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit een oorspronklike oorsaak. Dit beteken dat indien daar meer as een eis is, ons vir alle eise saam nie meer as die maksimum dekkingsbedrag sal betaal nie.

Ons kan, maar ons is nie verplig om te betaal nie vir koste sodat jy by ’n ondersoek of nadoodse ondersoek verteenwoordig word, of vir die verdediging van ’n strafsaak in ’n landdroshof.

## 5. Kategorie C: Mediese uitgawes

Ons betaal mediese uitgawes vir ’n besering wat jy opdoen wat regstreeks daaraan toe te skryf is dat die watervaartuig gesink of omgeslaan of met ’n uitwendige voorwerp behalwe water gebots het. Die feit dat die watervaartuig gesink of omgeslaan of gebots het, moet aan ’n toevallige oorsaak te wyte wees.

### Hoe ons betaal

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir elke persoon wat beseer is voortspruitend uit dieselfde gebeurtenis.

## 6. Gebeurtenisse en items wat nie vir enige kategorieë gedek word nie

Die volgende uitsluitings geld vir alle dele van WATERVAARTUIGDEKKING, insluitend die uitbreidings. Jy moet ook die algemene omskrywings op bladsye 12 tot 14 lees.

### 6.1 Gebruik wanneer bevoegde persone nie in beheer is nie

Ons betaal nie vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes wat ontstaan wanneer die watervaartuig onderweg is indien jy of 'n ander bevoegde persoon nie in beheer van die watervaartuig is nie.

### 6.2 Gebruik wat nie vir plesier of ontspanning is nie

Ons betaal nie indien die watervaartuig vir die volgende gebruik word nie:

6.2.1 Enige ander doeleindes as plesier en ontspanning;

6.2.2 As dit uitverhuur of teen vergoeding verhuur word;

6.2.3 As 'n huisboot. Dit beteken dit word gebruik om aan boord te woon en is permanent vasgemeer of op sy ankerplek;

6.2.4 Om op water gesleep te word, behalwe gebruiklike sleepwerk wanneer die watervaartuig uit die vaart geneem of uitgerus of herstel word of indien die vaartuig in nood is;

6.2.5 Vir die sleep of berging van 'n ander watervaartuig, tensy daardie ander watervaartuig in nood is;

6.2.6 Vir die sleep of berging van 'n ander watervaartuig (ongeag of dit in nood is of nie) ingevolge 'n kontrak wat gereël is voordat begin is om dit te sleep of te berg;

6.2.7 Deelname aan wedvaarte of snelheidstoetse of tydtoetse.

### 6.3 Gebruik terwyl onder die invloed van alkohol

Ons betaal nie vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid teenoor derde partye of mediese uitgawes nie terwyl die vaartuig genavigeer word of onder beheer is van:

6.3.1 Jou terwyl jy onder die invloed van alkohol of dwelmmiddels is of terwyl die konsentrasie van alkohol in jou bloed of asem die wetlike perk oorskry;

6.3.2 Enige ander persoon, met jou toestemming en medewete, wat jy weet onder die invloed van alkohol of dwelmmiddels is of terwyl die konsentrasie van alkohol in daardie persoon se bloed of asem die wetlike perk oorskry.

### 6.4 Buite die vaartafstandperke

Ons betaal nie terwyl die watervaartuig buite die vaartafstandperke is soos in die bylae aangedui is nie.

### 6.5 In transito op land

Ons betaal nie terwyl die watervaartuig vervoer word of in transito is op land (behalwe terwyl dit met die hand beheer word) nie, tensy anders aangedui in die bylae.

### 6.6 Onbewaak langs 'n oop strand of kus

Ons betaal nie vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes wat veroorsaak word of ontstaan omdat die watervaartuig gestrand of gesink het of oorstroom is, of wegdryf terwyl dit onbewaak vasgemeer of geanker langs 'n oop strand of kus gelaat word nie.

### 6.7 Vorige onherstelde skade

Ons betaal nie vir vorige skade wat jy nie herstel het nie of waarvoor jy nie geëis het toe daar 'n beduidende totale verlies was nie.

### 6.8 Botsing met onderwater-voorwerpe

Ons betaal nie vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes wat voortspruit uit verlies van of skade aan die watervaartuig se roer, skroef, stut, as, elektriese masjinerie, enjins of motors wat veroorsaak word deur botsing met 'n onderwater-voorwerp nie.

### 6.9 Verlies van of skade aan sekere dele

Ons betaal nie vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes in die geval van verlies van of skade aan die watervaartuig se roer, skroef, stut, as, masjinerie, enjins, motors, batterye en hul verbindings nie.

Ons betaal egter indien die verlies of skade veroorsaak word deur die volgende:

a. As jou watervaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is of in 'n botsing betrokke was met 'n ander watervaartuig, kaai of landingsplek;
b. Omdat die watervaartuig onder die water gedompel is weens swaar weer;
c. Deur brand in die plek waar dit aan land gestoor word;
d. Terwyl die roer, skroef, stut, as, masjinerie, enjins, motors, batterye en hul verbindings uit die watervaartuig verwyder of daarin geplaas word.

### 6.10 Brand of ontploffing

#### 6.10.1 Vir watervaartuie wat 6.75 meter lank of langer is

Ons betaal vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes voortspruitend uit 'n brand of ontploffing op 'n watervaartuig wat met binneboordmasjinerie toegerus is, slegs as dit aan die volgende voorwaardes voldoen:

6.10.1.1 Die watervaartuig het 'n outomatiese brandblusstelsel in die enjinkamer of -ruimte, tenkruimte of galery;

6.10.1.2 Die watervaartuig is met brandbluskontroles by die stuur toegerus;

#### 6.10.2 Vir watervaartuie wat korter as 6.75 meter is

Ons betaal vir verlies, skade, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes voortspruitend uit 'n brand of ontploffing op 'n watervaartuig wat korter as 6.75 meter is indien dit aan hierdie drie voorwaardes voldoen:

6.10.2.1 Slegs toereikende handbrandblussers word op hierdie tipe vaartuig vereis;

6.10.2.2 Daar is trouens toereikende handbrandblussers op die vaartuig;

6.10.2.3 'n Brandblusstelsel (brandblussers ingesluit) is behoorlik geïnstalleer en word behoorlik in stand gehou, en dit werk doeltreffend.

## 7. Voorwaardes wat spesifiek op jou watervaartuigdekking betrekking het

Hierdie voorwaardes geld benewens die *Algemene terme en voorwaardes* op bladsye 5 tot 14 van hierdie polis.

### 7.1 Jou pligte as eienaar van die vaartuig

Jy, jou werknemers, jou agente en alle gebruikers van die watervaartuig onderneem en kom ooreen om:

7.1.1 alle redelike stappe te doen om die watervaartuig, buiteboordmotors, sleepwaens en ander items of eiendom wat deur ons gedek word in 'n behoorlike toestand, seewaardig en padwaardig in stand te hou;

7.1.2 te alle tye met die nodige sorg en noulettendheid die watervaartuig te beman;

7.1.3 alle redelike stappe te doen om enige moontlike verlies of skade te voorkom of tot die minimum te beperk. Ons sal bydra tot koste wat behoorlik en redelikerwys deur jou aangegaan word om aan hierdie klousule te voldoen;

7.1.4 vertroud te wees met alle wette en regulasies met betrekking tot watervaartuie, insluitend dié wat ingevolge die Handelskeepvaartwet van 1951 uitgereik is, en om die watervaartuig ooreenkomstig daardie wette te gebruik.

### 7.2 Watervaartuie wat deur die branders te water gelaat word, moet met twee motors toegerus wees

Wanneer die watervaartuig deur die branders te water gelaat word, moet dit met minstens twee motors in werkende en geredelik bruikbare toestand toegerus wees.

### 7.3 Geskiktheidsertifikaat

Jy moet op eie koste reël om 'n geskiktheidsertifikaat vir die watervaartuig te kry. Die sertifisering moet gedoen word terwyl die watervaartuig uit die water is.

**7.4 Jy moet binne die vaartafstand bly**

Die vaartafstand word in die bylae aangedui. Dit is een van die volgende:

7.4.1 Slegs binnelandse waters binne Suid-Afrika (Durban-hawe en Knysna-strandmeer ingesluit), Namibië, Botswana, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek, Swaziland en Lesotho.

7.4.2 Binnelandse waters (soos hierbo omskryf) en kuswaters van Suid-Afrika, Namibië en Mosambiek, maar slegs vir:

a. watervaartuie onder 6.75 meter wat in die dag seil, maksimum 80 km vanaf die kus;

b. watervaartuie wat langer as 6.75 meter is, maksimum 400 km vanaf die kus.

**7.5 Jy moet jou watervaartuig en items vir die volle waarde dek**

*Indien jou watervaartuig of enige items jonger as vyf jaar is*, moet jy dekking vir die nuwe vervangingskoste van jou items kry. Indien die maksimum dekkingsbedrag ten tyde van 'n eis minder as die nuwe vervangingskoste is, word jy as jou eie versekeraar vir die res van die bedrag beskou.

*Indien jou watervaartuig of enige items ouer as vyf jaar is*, moet jy dekking vir die markwaarde van jou items kry. Indien die maksimum dekkingsbedrag ten tyde van 'n eis minder as die markwaarde is, word jy as jou eie versekeraar vir die res van die bedrag beskou.

Voorbeeld:
John se watervaartuig is ses jaar oud. Die markwaarde van die watervaartuig en sy toebehore is R100,000 maar John het slegs dekking vir R50,000 gekoop. Hy word dus slegs vir die helfte van die markwaarde gedek. Indien die watervaartuig betrokke is by 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word en die skade is R20,000, betaal ons slegs die helfte van die eis minus die bybetaling. Dit is R10,000 minus die bybetaling.

**7.6 Ons kanselleer die polis indien jy die vaartuig verkoop of eienaarskap daarvan oordra**

Indien jy die watervaartuig verkoop of eienaarskap daarvan aan 'n nuwe eienaar oordra, sal ons hierdie afdeling van die polis kanselleer vanaf die datum van die verkoop of oordrag. Jy kan ons vra om steeds dekking te verskaf, veral indien die watervaartuig ten tyde van die verkoop of oordrag op see is. Ons sal dan eers hierdie afdeling van die polis kanselleer wanneer die watervaartuig by die volgende aanlêhawe binne die gebied aangekom het en veilig geanker of vasgemeer is.

**7.7 Afleibare totale verlies**

Afleibare totale verlies beteken die skade aan die watervaartuig is so erg dat die herstelkoste meer as die nuwe vervangingswaarde of markwaarde sal wees.

Om te besluit of die watervaartuig 'n afleibare totale verlies is, oorweeg ons of dit kostedoeltreffend sou wees om die watervaartuig te herstel. Indien dit nie kostedoeltreffend sou wees om dit te herstel nie, sal ons tot die maksimum dekkingsbedrag betaal.

Ons neem nie die beskadigde of afbreekwaarde van die watervaartuig of wrak in ag nie.

**7.8 Geen waarborg oor vaartuig se geskiktheid vir enige wedvaart- of plesiervaartvereniging nie**

Na 'n geldige eis waar ons die watervaartuig herstel of vervang het, waarborg ons nie die watervaartuig se aanvaarding of aanneemlikheid om in enige klas geklassifiseer te word of by 'n wedvaart- of plesiervaartvereniging of -klub geregistreer te word nie.

**7.9 Jy moet die watervaartuig na Suid-Afrika terugbring sodat ons 'n eis kan beoordeel**

IIndien 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word buite Suid-Afrika plaasvind, moet jy die vaartuig op eie koste na Suid-Afrika terugbring sodat ons die skade kan bepaal.

**7.10 Jy moet versuipte motors onmiddellik uitspoel**

Indien 'n motor in water gedompel word, is dit jou plig om seker te maak dat dit onmiddellik uitgespoel en so gou as moontlik weer aan die gang gekry word.

### 7.11 Ons betaal slegs vir herstelwerk aan skeure in materiaal

In semi-rigiede vaartuie en/of opblaasvaartuie betaal ons slegs vir die las of herstel van skeure in die materiaal van pontone. ('n Ponton is 'n vlot met 'n sterk genoeg dryfvermoë om self te dryf en ook 'n lading te dra.)

'n Semi-rigiede vaartuig is 'n vaartuig met 'n rigiede romp en pontone wat van buigsame materiaal gemaak is. Die pontone word onder druk opgeblaas.

### 7.12 Transito per spoor of pad

Ons dek die watervaartuig slegs terwyl dit per spoor of pad in transito is. Hierdie voorwaarde geld slegs as die watervaartuig hoogstens 9 meter lank is en gesleep kan word.

Wanneer die watervaartuig per pad vervoer word, moet dit op 'n doelmatig en behoorlik geboude, padwaardige sleepwa wees. Die watervaartuig moet behoorlik en veilig aan die sleepwa vasgemaak wees.

Ons dek ook verlies of skade tydens die op- en aflaai daarvan vanaf die sleepwa of trein binne die vaartafstandperke wat in die bylae aangedui is
Maar ons betaal nie vir die volgende nie:

a. skrape, kneusing en/of duike en die gevolglike koste van herstelwerk of herafwerking;
b. enige derdeparty-aanspreeklikheid.

### 7.13 Vervanging van ou deur nuwe materiaal

Hierdie voorwaarde geld slegs vir watervaartuie wat ouer as vyf jaar is.

Waar ons ou materiaal deur nuwe materiaal vervang, sal ons ons betaling aanpas met die verskil tussen die ou en die nuwe materiaal. (Hierdie versekeringsbeginsel staan bekend as 'verbetering'.)
Dit geld vir:

a. seile, maste, sparre, staande en lopende tuigwerk, beskermende oortreksels en batterye;
b. buite- en binneboordmotors.

Jy is ook verantwoordelik om die bybetaling te betaal.

### 7.14 Ander watervaartuie wat jy besit

Indien die watervaartuig bots met of bergingsdienste ontvang van 'n ander watervaartuig wat ten volle of gedeeltelik deur jou besit word, sal jy ingevolge hierdie polis dieselfde regte hê as wat jy sou hê indien die ander watervaartuig deur iemand anders besit is.

Indien jy en ons nie kan ooreenkom oor wie vir die botsing of koste van bergingsdienste aanspreeklik is nie, moet die saak na 'n arbiter verwys word.

### 7.15 Inflasieverhoging

Ons sal die maksimum dekkingsbedrag op die verjaardagdatum outomaties verhoog met 'n persentasie wat met die verandering in die Verbruikersprysindeks ooreenstem. Ons sal die polis aanpas met die nuwe maksimum dekkingsbedrae en die premie wat jy vir die volgende dekkingstydperk moet betaal.

Jy moet nog steeds seker maak dat die maksimum dekkingsbedrag te alle tye die volle waarde van die watervaartuig en items verteenwoordig.

### 7.16 Voortsetting van dekking in sekere omstandighede

Indien die watervaartuig op see of in nood of by 'n skuiling is wanneer hierdie dekking eindig, sal ons dit steeds dek. Ons sal voortgaan om die watervaartuig te verseker totdat dit by die volgende aanlêhawe binne die gebied aangekom het en veilig geanker of vasgemeer is.

## 8. Outomatiese uitbreidings van watervaartuigdekking

Jy kry outomaties hierdie uitbreidings op jou WATERVAARTUIGDEKKING.

### 8.1 Optrede deur regeringsowerheid om besoedelingsgevaar te voorkom

Indien jou watervaartuig beskadig word deur 'n gebeurtenis wat deur ons gedek word en daarna 'n besoedelingsgevaar word, betaal ons vir verlies of skade aan jou watervaartuig wat regstreeks veroorsaak word deur 'n regeringsowerheid se optrede om sodanige besoedelingsgevaar te voorkom of tot die minimum te beperk. Die regeringsowerheid se optrede moet die regstreekse oorsaak van die ekstra skade wees.

## 9. Opsionele uitbreidings van watervaartuigdekking

Jy kry hierdie dekking slegs as jy dit gekoop het en indien dit op die bylae aangedui is. Daar is ekstra premies vir hierdie uitbreidings.

### 9.1 Seiljagwedvaarte

Ons betaal vir die herstel- of vervangingskoste van seile, maste, sparre, staande en lopende tuigwerk wat verloor of beskadig word deur 'n gebeurtenis terwyl die watervaartuig (seiljag) aan 'n wedvaart deelneem. Dekking word beperk tot twee derdes van die herstelkoste maar hoogstens die maksimum dekkingsbedrag vir hierdie items.

Indien die verlies of skade veroorsaak word omdat die watervaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in 'n ongeluk betrokke is of in kontak is met 'n voorwerp (ys ingesluit) behalwe water, betaal ons herstel- of vervangingskoste.

### 9.2 Waterski

Ons betaal vir regsaanspreeklikheid teenoor derde partye vir waterski. Die verlies of skade kan veroorsaak gewees het aan of deur die waterskiër.

### 9.3 Uitbreiding van dekking om voorwerpe onder water in te sluit

Vir watervaartuie met 'n snelheidsvermoë van meer as 17 knope* en waar die verlies of skade veroorsaak is deur 'n botsing met 'n onderwater-voorwerp, betaal ons vir verlies of skade aan die volgende dele van die watervaartuig: roer, skroef, stut, as, elektriese masjinerie, enjins en motors.
*17 knope is 31.484 kilometer per uur.

## 10. Hoe ons betaal

Ons betaal tot die maksimum dekkingsbedrag vir die volgende gebeurtenisse en items wat deur ons gedek word. Ons het die reg om te kies om een of meer van die volgende te doen:

10.1 Die koste te betaal om die verlies of skade te herstel;
10.2 Die gesteelde, verlore of beskadigde item te vervang;
10.3 Kontant aan jou te betaal vir die gesteelde, verlore of beskadigde item;
10.4 Oor derdeparty-eise te onderhandel en te skik.

Zurich Insurance Company South Africa Limited
15 Marshall Straat, Fereirasdorp,
Johannesburg, 2001
Posbus 61489,
Marshalltown, 2107
T: +27 11 370 9111
www.zurich.co.za
Registrasie No. 1965/006764/06
Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer No. 17703

